
# DIE GESINDHEID VAN DIE HOORDER AS MOONTLIKE GERUIS (KOMMUNIKASIESTOORNIS TUSSEN PREDIKER EN GEHOOR) IN DIE OORDRAG VAN DIE PREEK. 'N HOMILETIESE STUDIE



A.P. DU PREEZ

# Die gesindheid van die hoorder as moontlike geruis (kommunikasiestoornis tussen prediker en gehoor) in die oordrag van die preek. ’n Homiletiese studie

**Andreas Petrus du Preez**

**B.A.Hons.**

| | | |
|---|---|---|
| 4.4.2.3 | Samevattend | 99 |
| 4.4.3 | Algemene response op die Prakties-teologiese empiriese navorsing | 100 |
| 4.4.4 | Praktykteoretiese perspektiewe op geruis in die homiletiese proses | 100 |
| **4.4** | **Samevatting van praktykteoretiese perspektiewe** | **101** |

**Opsomming** **106**

**Abstract** **108**

**Bronnelys** **110**

# Die gesindheid van die hoorder as moontlike geruis (kommunikasiestoornis tussen prediker en gehoor) in die oordrag van die preek. 'n Homiletiese studie

**Andreas Petrus du Preez**

**B.A.Hons.**

**Verhandeling voorgelê as gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister Artium aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus**

**Studieleier: Prof. dr. C.J.H. Venter**

**Potchefstroom**

**2006**

# VOORWOORD

Die apostel Paulus verklaar in Romeine10:17: "Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die Woord van God."

Prediking is die verkondiging van God se Woord aan die mens in sy spesifieke situasie. Die hoorder is iemand met bepaalde behoeftes en verwagtings en hy/sy moet so luister dat gegroei kan word in die geloof. Met hierdie studie word dus gepoog om die prediker te help om begrip te hê vir verskillende "geruisfaktore" wat 'n negatiewe uitwerking in die homiletiese proses kan hê. Verder wil die studie die prediker ook daarop attent maak dat die Woord van God op so 'n wyse oorgedra moet word dat dit geloof wek in die harte van die hoorders sodat hulle geloof neerslag vind in die praktyk van die lewe.

Om dit te kan doen moet die prediker bewus wees dat Satan in hierdie hoorproses teenwoordig is en "geruis" (kommunikasiestoornisse) veroorsaak sodat die hoorder nie hoor soos hy moet hoor nie. Hiermee word nie geïmpliseer dat Satan magtiger as die Here is nie, maar eerder dat hy die gesindheid van die hoorder sodanig kan beïnvloed dat die uitwerking van die Woord geblokkeer word.

My opregte wens is dat die prediker die hoorder se hand sal neem om hierdie geruis teen te werk, sodat God se Woord op "goeie grond" sal val.

Ek wil graag die volgende persone en instansies bedank wat my in staat gestel het om die studie te voltooi:

- My hoogste waardering teenoor prof. Cassie Venter van die Vakgroep Praktiese Teologie aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) wat as my studieleier opgetree het. Nie net het hy met sy besondere gawes en insig my in staat gestel om die studie te verwoord nie, maar as mentor en herder het hy bygedra tot groei in my lewe en bediening. Sy invloed in my lewe sal blywend wees.

- My vrou Pieta vir haar bemoediging en "tikwerk". Daarsonder sou ek nie hierdie studie voltooi het nie. Sy het my gehelp om vol te hou wanneer ek moeg geraak het.

- Die gemeentes van die Volle Evangelie Kerk van Potchefstroom en Bloemfontein wat my ondersteun het, en my ook toegelaat het om spesiale verlof te neem wanneer dit nodig was.

- Dr. Gert Horak wat waardevolle insette vir hierdie studie gelewer het.

- 'n Finansiële bydrae van die Noordwes-Universiteit se beursfonds wat dit finansieel moontlik gemaak het om die studie te voltooi.

- My hoogste dank gaan aan God, sonder wie ek hierdie studie nie sou kon voltooi nie!

Opgedra aan my pa Duppie

Mei 2006

# Inhoudsopgawe


**Hoofstuk 1** **1**

**1.1 Oriëntering en probleemstelling** **1**

1.1.1 Oriëntering 1

1.1.2 Aktualiteit 2

1.1.3 Probleemstelling 5

**1.2 Doelstellings en doelwitte** **5**

1.2.1 Die doel 5

1.2.2 Die doelwitte 5

**1.3 Sentrale teoretiese argument** **6**

**1.4 Metode van ondersoek** **6**

**1.5 Die voorlopige werksplan** **7**

**Hoofstuk 2** **9**

**2.1 Verheldering en nadere omskrywing van sekere begrippe** **10**

2.1.1 Prediking 10

2.1.2 Gesindheid 12

2.1.2.1 Die Heilige Gees as Inspirator van God se Woord 12

2.1.2.2 Die prediker as sender van God se Woord 13

2.1.2.3 Die hoorder as ontvanger van God se Woord 13

2.1.3 Geruis 15

**2.2 Basisteoretiese perspektiewe vanuit Lukas 8:4-15 17**

2.2.1 Kan die Evangelie van Lukas as betroubaar beskou word? 17

2.2.2 Motivering vir die keuse van 'n gelykenis – in die besonder Lukas 8:4-15 18

2.2.3 Gedagtestruktuur van Lukas 8:4-15 – skematies voorgestel 20

2.2.3.1 Makrostruktuur van die Evangelie van Lukas 21

2.2.3.2 Paragraafuitleg van Lukas 8:4-15 22

2.2.3.3 Teksuitleg van Lukas 8:4-15 24

2.2.3.4 Mikrostruktuur van Lukas 8:4-15 25

2.2.4 'n Nadere eksegetiese ontginning van Lukas 8:4-15 25

2.2.4.1 Fokus op die prediker en die prediking 26

2.2.4.2 Fokus op die hoorder en sy gesindheid 28

2.2.4.3 Fokus op die tipe geruis wat kan ontstaan by die oordragproses in die prediking 31

2.2.4.4 Fokus op die invloed van die bose in die hoorproses 33

2.2.4.5 Fokus op spiritualiteit 34

**2.3 Basisteoretiese samevatting 36**

## Hoofstuk 3 38


**3.1 Metateoretiese perspektiewe op die gesindheid van die hoorder 39**

3.1.1 Gesindheid beskou vanuit die hoek van die Psigologie 40

3.1.1.1 Ontwikkeling van die term gesindheid binne die Psigologie 40

3.1.1.2 Die hiërargiese behoeftemodel van Maslow 44

3.1.1.3 Oorreding as metode vir gesindheidsverandering: perspektiewe vanuit die Sosiale Psigologie 47

3.1.1.4 Samevattend 48

3.1.2 Modelle vanuit die Kommunikasiekunde 49

3.1.2.1 Wat impliseer kommunikasie? 49

3.1.2.2 Enkele kommunikasiemodelle 50

3.1.2.2.1 Litfin se basiese kommunikasiemodel 50

3.1.2.2.2 Bang se geïntegreerde model vir die kommunikasieproses 51

3.1.2.2.3 Beebe se model vir kommunikasie as interaksie 52

3.1.2.3 Hedendaagse kommunikasieprosesse wat oorreding moontlik maak 54

3.1.2.4 Metafoorteorie binne die Sosiale Wetenskappe 58

3.1.2.5 Die persoon en optrede van die prediker in die voorkoming van geruis 60

3.1.3 'n Empiriese ondersoek na die gesindheid van die hoorder 61

3.1.3.1 Noodsaak en metode van die empiriese ondersoek 61

3.1.3.2 Vraelys 69

3.1.3.3 Respons 69

## Hoofstuk 4 79


| | | |
|---|---|---|
| **4.1** | **Doel en uitgangspunt van die hoofstuk** | **79** |
| 4.1.1 | Basisteoreties | 79 |
| 4.1.2 | Metateoreties | 81 |
| **4.2** | **Praktykteoretiese perspektiewe op die prediker en prediking in die oordrag van die Woord** | **83** |
| 4.2.1 | Skriftuurlike grondslag | 84 |
| 4.2.1.1 | 'n Omskrywing van *prediking* | 84 |
| 4.2.1.2 | 'n Omskrywing van prediker | 84 |
| 4.2.1.3 | Die interaksie tussen prediking en prediker | 84 |
| 4.2.1.4 | Die prediker se gesindheid in die oordrag van die preek | 85 |
| 4.2.1.5 | Spiritualiteit | 85 |
| 4.2.2 | Insigte vanuit die Psigologie en die Kommunikasiekunde | 85 |
| 4.2.2.1 | Die mens het bepaalde behoeftes | 85 |
| 4.2.2.2 | Die dinamika van oorredingstegnieke binne die Psigologie en die Kommunikasiekunde | 86 |
| 4.2.3 | Insigte vanuit Prakties-teologiese empiriese navorsing | 87 |
| 4.2.4 | Praktykteoretiese perspektiewe op die prediker en prediking | 88 |
| **4.3** | **Praktykteoretiese perspektiewe op die gesindheid van die hoorder** | **89** |
| 4.3.1 | Skriftuurlike besinning | 89 |
| 4.3.1.1 | Gesindheid wat kan inspeel op die effek van die verkondigde Woord | 89 |
| 4.3.1.2 | Die vier soorte "harte" wat hoorders kan hê | 90 |
| 4.3.1.3 | Interaksie tussen die oordra en ontvang van die | |

| | | |
|---|---|---|
| | Woord van God | 90 |
| 4.3.1.4 | Spiritualiteit | 91 |
| 4.3.2 | Insigte vanuit die Psigologie en die Kommunikasiekunde | 91 |
| 4.3.2.1 | Perspektiewe op gesindheid vanuit die Psigologie | 91 |
| 4.3.2.2 | Twee faktore wat gesindheid kan beïnvloed | 91 |
| 4.3.2.3 | Verset teen gesindheidsverandering | 92 |
| 4.3.2.4 | Die oplossing: effektiewe oorreding | 92 |
| 4.3.3 | Insigte vanuit Prakties-teologiese empiriese navorsing | 93 |
| 4.3.4 | Praktykteoretiese perspektiewe op die gesindheid van die hoorder | 93 |
| 4.3.4.1 | Die spiritualiteit van die hoorder as 'n faset van gesindheid | 94 |
| 4.3.4.2 | Die hoorder se bewuswees van faktore wat bydra tot gesindheidsvorming | 94 |
| **4.4** | **Praktykteoretiese perspektiewe op geruis as kommunikasiestoornis** | **95** |
| 4.4.1 | Skriftuurlike insigte | 95 |
| 4.4.1.1 | Wat is geruis? | 96 |
| 4.4.1.2 | Skrifperspektiewe op geruis – die aard van Christus se prediking (Luk. 8: 4-15) | 96 |
| 4.4.1.3 | Die implikasie van geruis | 96 |
| 4.4.1.4 | Satan as die oorsaak van geruis | 97 |
| 4.4.1.5 | 'n Bose kringloop | 98 |
| 4.4.2 | Insigte uit die Psigologie en die Kommunikasiekunde | 98 |
| 4.4.2.1 | Inleidend | 99 |
| 4.4.2.2 | Die aanwesigheid van geruis word erken binne die Kommunikasiekunde | 99 |

# Hoofstuk 1

# Oriëntering en probleemstelling

## 1.1 Oriëntering en probleemstelling

### 1.1.1 Oriëntering

Op die vlak van die homiletiek fokus navorsing die afgelope jare sterk op die hoorder van die prediking en op die wyse waarop die prediker sy preek oordra. Pieterse meld (1991:97) dat tot dusver weinig aandag gegee is aan die hermeneutiese proses, naamlik die proses wat voltrek word tussen die hoorder en die boodskap van die preek. Hy spreek die hoop uit dat homiletiese ondersoek op hierdie terrein sal toeneem. Dingemans (1991:37) benadruk ook dat die preek tussen die Bybel en die hoorder kan staan vanweë 'n verkeerde gesindheid van die hoorder.

Ook ander skrywers het aangetoon dat die hermeneutiese proses wat die hoorder betrek, belangrik is in die homiletiek.

- Bauman skryf reeds in 1972 dat die uiteindelik doel van prediking die volgende is: "...the transformation of persons...preaching is done for a change of attitude, beliefs and values..." (Bauman, 1972:236).
- Robinson (1980:90-91) voer aan dat bepaalde vrae gevra moet word om God se Woord toepaslik te preek vir die hedendaagse gehoor. Deur te verwys na Handelinge 2:36 benadruk hy daarom dat die vorm van die preek tydens die preekoordragproses 'n invloed kan hê op die gesindheid waarmee die hoorder daarna luister. Op 'n treffende wyse sê hy: "A sermon moves the guns into position. Now is the time to fire the shot at the listener's mind and emotions" (Robinson, 1980:180-181).
- Greidanus (1988:9) stel dat die hedendaagse prediking steeds vir mense verlossing bring omdat dit dui op die verlossingsdaad wat God bewerk het reeds van die tyd van

die Ou Testament af. Deur die prediking word God se kerk gebou en sy koninkryk uitgebrei. Prediking word gesien as 'n krag tot redding vir dié wat glo.


- Van der Vyver (1990) het 'n studie gedoen oor die rol van die hoorder in die prediking. In dié studie skryf hy oor aspekte soos die gesindheid wat van die hoorder verwag word in die prediking (Van der Vyver, 1990:45). Die gedagte dat emosionele probleme wel die hoorder se aandag kan belemmer en dat bekommernisse die luisteraksie kan benadeel, word kortliks bespreek. Van der Vyver lê groot klem op die rol van die hoorder in die proses, maar die wisselwerking tussen die oordrag van die preek en die hoor daarvan word nie in diepte bespreek nie.
- In Parker se boek oor Calvyn se prediking (1992:49) word ook melding gemaak van die interaksie wat plaasvind tussen die prediker en die gehoor. Hy sê onder andere: "When Christians know what preaching is, they also know what their attitude to it must be."
- Vos (1995:171-186) omlyn 'n hoordershermeneutiek en meld dat hoorders na die erediens toe kom met die verwagting om God se Woord te hoor. Die hoorder wil voldoening aan 'n bepaalde behoefte hê as hy na God se Woord luister. Kloppers (2003:86) sluit hierby aan deur te sê dat mense na die erediens kom met verwagtings ten opsigte van dit wat sin maak en wat sin gee.
- Kruger (2002:2) gee die volgende omskrywing van gesindheidsverandering: "Met die term gesindheidsverandering word bedoel die leiding en begeleiding aan hoorders deur middel van die prediking sodat die beeld van God al hoe meer in hul vergestalt word." Hiermee lê Kruger sterk klem op die wisselwerking tussen die prediking en die gesindheid waarin geluister word na die prediking.

## 1.1.2 Aktualiteit


Op grond van die standpunte hierbo is die volgende duidelik: daar is 'n groter wordende behoefte om aspekte oor die wisselwerking tussen die oordrag van die preek en die gesindheid tydens die hoor daarvan verder te ondersoek. Ook is daar 'n behoefte om spesifiek te kyk na invloede wat hierdie wisselwerking kan belemmer of positief kan beïnvloed. Geruis as 'n belemmering in die kommunikasieproses is gevolglik 'n studieveld wat al hoe meer aandag geniet. Eswine (2004:1) benadruk byvoorbeeld dat "[t]he concept of noise holds a longstanding place in communication theory". Bang (2004:131) definieer "noise" as:

"Any influence or disturbance that changes the message or causes the message to be misunderstood ... pastors need to know the noises that affect communication negatively."

Deist (1986:16) het ook die saak aangeroer deur te skryf dat ses faktore betrokke is in die kommunikasieproses by die lees van 'n teks:




Litfin (2001:18-19) gee ook 'n uiteensetting om die stappe in die kommunikasieproses uit te beeld. Indien daar alreeds net by die lees van 'n teks soveel prosesse teenwoordig is wat 'n rol speel in die voorbereiding van die preek, kan aangeneem word dat geruis binne die homiletiese proses kan ontstaan.




Deist (1986:28) beklemtoon verder dat die inset van die gehoor belangrik is vir die kommunikasieproses, want 'n gehoor verstaan die teks vanuit 'n gegewe situasie. Die konsep van geruis word deur Stott (1982:138) verder uitgewys as 'n "communication gulf" wat ontstaan tussen die wêreld van die Bybel en die wêreld van die hedendaagse hoorder.

Met hierdie studie word beoog om nog 'n faset van die term *geruis* te ondersoek. Pieterse (1991:18) sê dat die invloed en effek van die preek nog nie voldoende getoets is op die

gevoels- en wilsvlak van die hoorder nie. Volgens Pieterse moet dié tipe ondersoeke nog gedoen word in die homiletiek. Vos (1995:181) bou hierop voort as hy skryf: "Die hoorder leef tussen 'eina en amen'. Hulle sit in die kerk met hul pyn, skuld en angs. Maar ook met hul hoop, drome en verwagtinge" (vgl. ook Dingemans, 1991:64). Dit blyk dat dit nodig is om te kyk na die belemmering van geruis wat kan ontstaan in die interaksie tussen die oordrag van die preek en die gesindheid by die aanhoor van daardie preek.

In hierdie studie word aangesluit en voortgebou op die navorsing van Kruger (2002:2). Hy het in sy navorsing aangetoon dat die klem in navorsing tans verskuif na die verandering van die gesindheid van die hoorder langs die weg van die prediking. Indien prediking 'n verandering in die gesindheid by die hoorder kan laat plaasvind, is dit belangrik om te bepaal in watter mate geruis hierdie verandering negatief kan beïnvloed.

Uit bogenoemde beredenering volg dat nie net die preek nie, maar ook die oordrag van 'n preek van kardinale belang is, want preke wil mense uit hul eie situasie in gesprek probeer bring met die Christelike tradisie, met die Bybel as bron van daardie tradisie (vergelyk in hierdie verband Dingemans, 1991:16).

Dit is ook nodig om die interaksie tussen die antieke prediker en die oordrag van sy preek aan die antieke hoorder in ag te neem. Ook die hoorder se gesindheid in die hoorproses moet nagegaan word – veral die faktor van geruis wat kan ontstaan in die proses.

Die aanname vir die homiletiese proses is die volgende: die gesindhede wat reeds by die antieke hoorder aanwesig was en dieselfde geruis wat gedurende die interaksie met die prediking van die Woord ontstaan het, kan ook vandag in die hoorproses betrokke wees. Bauman (1972:100) stel dit soos volg:

> "We are very much like the people of the ancient world. It is only in some superficial thoughts, rational beliefs, and mental moods that we are different. In all the basic heart realities we are the same. We stand before God exactly as people in every age have stood before Him...we are linked across the centuries by the realities and ambiguities of the human soul."

In die studie wat onderneem word, sal gepoog word om vas te stel of daar wel 'n wisselwerking bestaan tussen die gesindheid van die hoorder en die oordrag van die preek, 'n

gesindheid wat geruis kan veroorsaak, ten spyte daarvan dat die Woord effektief verkondig en die hoorder se spiritualitiet en geestelike lewe steeds groei.

### 1.1.3 Probleemstelling

Die sentrale probleemstelling van die studie kan so verwoord word: In watter mate kan die gesindheid van die hoorder geruis veroorsaak wat die positiewe oordrag van die preek verhinder? Uit die sentrale probleemstelling vloei die volgende vrae voort:

- Watter basisteoretiese perspektiewe kan gebied word op geruis in die oordrag van die Woord?
- Watter metateoretiese perspektiewe is toepaslik op bepaalde grenswetenskappe?
- Watter praktykteoretiese riglyne vloei voort uit bogenoemde?

## 1.2 Doelstellings en doelwitte

### 1.2.1 Die doel

Die belangrikste doel van die voorgestelde ondersoek is om vas te stel of die gesindheid van die hoorder as geruis (kommunikasiestoornis tussen prediker en gehoor) 'n invloed kan hê in die oordrag van die preek.

### 1.2.2 Die doelwitte

Om bogenoemde doel te bereik, word die volgende doelwitte vir die voorgestelde ondersoek gestel:


- Om basisteoretiese perspektiewe te bied ten einde die gesindheid van die hoorder as moontlike geruisfaktor in die oordrag van die preek te ontleed.
- Om die invloed van geruis op die gesindheid van die hoorder metateoreties te ondersoek met behulp van gegewens wat bekom is uit die Kommunikasiewetenskap, die Psigologie en deur middel van 'n empiriese ondersoek.
- Om praktykteoretiese rigtingwysers daar te stel om 'n gesindheid wat geruis in die oordrag van die preek kan veroorsaak, by die hoorder teen te werk.

## 1.3 Sentrale teoretiese argument

As hipotese word gestel dat die gesindheid van die hoorder geruis in die oordrag van die preek kan veroorsaak en 'n invloed kan hê in die interaksie wat plaasvind tussen prediker en hoorder.

## 1.4 Metode van ondersoek

Vir hierdie studie word aangesluit by die model wat Zerfass (1974:166 e.v.) vir die Praktiese Teologie ontwerp het (vgl. ook Venter, 1996:25-26). Dié model behels die volgende: die vorming van basisteorieë uit die teologiese tradisie, die vorming van metateorieë uit die grenswetenskappe en empiriese werk. Daarna word die resultate uit albei refleksievelde georden in 'n hermeunetiese wisselwerking met die oog op praktykteoretiese perspektiewe.




Venter (1996:25) verduidelik die model soos volg:

'n Probleem kan in die kerk ontstaan deurdat 'n bepaalde bedieningspraktyk nie meer bevredig nie. Om op wetenskaplike wyse 'n nuwe praktykteorie daar te stel, word 'n basisteorie ontwerp. Die situasie waarin die teorie gefunksioneer het en nie meer funksioneel is nie, word voorts aan die hand van empiriese gegewens in meer besonderhede ontleed, terwyl ook metateoretiese insigte geïntegreer word. Vanuit die basisteorie en in hermeneutiese wisselwerking met die metateorieë word 'n verstelde praktykteorie ontwerp.

Wat die ontwerp van basisteorieë betref, sal eksegeties te werk gegaan word – hoofsaaklik volgens die grammaties-historiese metode (vgl. Coetzee, 1997:1-14).

Op metateoretiese gebied sal veral eklekties te werk gegaan word (vgl. Stoker, 1961:56 e.v.). Dié metode hou in dat toepaslike gegewens – veral vanuit die Kommunikasiekunde en Psigologie – deur analise en interpretasie ontgin en gerangskik word om in te pas in die opset van die navorsing.

Die navorsing sal uitloop op die ordening van die resultate uit albei bogenoemde refleksievelde in 'n hermeneutiese wisselwerking met die oog op praktykteoretiese perspektiewe.

## 1.5 Die voorlopige werksplan

Die indeling van die voorgenome studie word soos volg uiteengesit:

| | |
|---|---|
| Hoofstuk 1: | Inleiding |
| Hoofstuk 2: | Basisteoretiese perspektiewe in die lig van die gelykenis van die saaier (Luk. 8:4-15) |
| Hoofstuk 3: | Metateoretiese perspektiewe vanuit die Kommunikasiekunde en Psigologie, tesame met die bevindinge van 'n empiriese ondersoek |
| Hoofstuk 4: | Praktykteoretiese perspektiewe op grond van die wisselwerking tussen die basisteoretiese en metateoretiese gegewens |

## Skematiese voorstelling van die beoogde navorsing

| Probleemstelling | Doelstellings en doelwitte | Metodologie |
|---|---|---|
| In watter mate kan die gesindheid van die hoorder geruis ('n kommunikasie-stoornis tussen prediker en gehoor) veroorsaak in die oordrag van die preek? | Die belangrikste doel van die voorgestelde ondersoek is om vas te stel of die gesindheid van die hoorder as geruis 'n invloed kan hê op die oordrag van die preek. | Hierdie homiletiese studie word gedoen vanuit die gereformeerde tradisie. Dit is 'n studie in Praktiese Teologie in ooreen-stemming met Prakties-teologiese navorsings-metodes. |
| Watter basisteoretiese perspektiewe kan gebied word op geruis (kommunikasiestoornis tussen prediker en gehoor) in die oordrag van die Woord in die lig van die gelykenis van die saaier? (Luk. 8: 4-15) | Om basisteoretiese perspektiewe te bied om die gesindheid van die hoorder te ontleed as moontlike geruis in die oordrag van die preek in die lig van Lukas 8: 4-15. | Wat die ontwerp van basisteorieë betref, sal eksegeties te werk gegaan word – hoofsaaklik volgens die grammaties-historiese metode (Coetzee, 1997:1-14). Vir hierdie studie word aansluiting gevind by die model wat Zerfass (1974:166 e.v.) vir die Praktiese Teologie ontwerp het. Die model behels die vorming van basisteorieë uit die teologiese tradisie, die vorming van metateorieë uit onder andere die grens-wetenskappe en die daarstel van praktyk-teoretiese perspektiewe op grond van bogenoemde resultate. |
| Watter metateoretiese perspektiewe is toepaslik ten opsigte van gesindheid as geruis (kommunikasiestoornis tussen prediker en gehoor) in die oordrag van die preek? In hierdie opsig sal gekyk word na die bydrae wat die Kommunikasiekunde, Psigologie en 'n empiriese ondersoek kan bied. | Om die invloed van geruis op die gesindheid van die hoorder as geruis metateoreties te ondersoek met behulp van die Kommunikasiewetenskap, die Psigologie en 'n empiriese ondersoek. | Op metateoretiese gebied sal veral eklekties te werk gegaan word (vgl. Stoker, 1961:56 e.v.) Die metode hou in dat toepaslike gegewens veral vanuit die Kommunikasiekunde en Psigologie deur analise en interpretasie gelewer en gerangskik sal word om in te pas in die opset van die navorsing. |
| Watter praktykteoretiese riglyne vloei voort uit bogenoemde? | Om praktykteoretiese rigtingwysers daar te stel om die moontlike negatiewe gesindheid van die hoorder teen te werk in die oordrag van die preek. | Met die oog op die praktykteoretiese dimensie sal die navorsing uitloop op die ordening van die resultate uit albei bogenoemde refleksievelde in 'n hermeneutiese wisselwerking. |


# Hoofstuk 2

# Basisteoretiese perspektiewe op gesindheid as moontlike geruis

## Doel en uitgangspunt van die hoofstuk

In hierdie hoofstuk word nagegaan in watter mate die hoorder se gesindheid kan funksioneer as geruis wat die effektiewe oordrag van 'n preek verhinder. Vir hierdie doel word die gelykenis van saaier ontleed (Luk. 8: 4-15).

Robinson (1980:21) maak die volgende belangrike aanname: "Preaching is a living interaction involving God, the preacher, and the congregation". Skematies kan hierdie gedagte soos volg voorgestel word:




Prediking dien daartoe dat God, die prediker en die hoorders met mekaar kommunikeer. Vir die doeleindes van hierdie studie is dit noodsaaklik om daarop te let dat in bogenoemde homiletiese proses 'n stoornis (geruis) kan ontstaan. Tereg benadruk Bang (2004:132): "Pastors need to know the noises that effect communication negatively."

Vos (1995:181) meld dat hoorders bepaalde behoeftes het. "Die behoeftes is nie ongeestelik nie". Omdat die mens behoeftegerig is, sal dit 'n invloed hê op die gesindheid waarmee hy/sy ontvang en luister. Wagner (1983:106) sê byvoorbeeld:

> "For one thing, I am now more aware of the listener, as well as his or her obstacles to good listening, than ever before. Certainly, such an awareness in itself is vitally necessary and important if communication in the sermon is to be enhanced."

Die doel met hierdie hoofstuk is om vas te stel of die gesindheid van die hoorder kan funksioneer as geruis wat die oordrag van 'n preek belemmer. In dié hoofstuk sal die volgende aan die orde kom:

**2.1 Verheldering en nadere omskrywing van sekere begrippe**

2.1.1 Prediking

2.1.2 Gesindheid

2.1.3 Geruis

**2.2 Basisteoretiese perspektiewe vanuit Lukas 8:4-15**

2.2.1 Die Evangelie van Lukas – is die gegewens betroubaar?

2.2.2 Motivering vir die keuse van 'n gelykenis van Jesus en dan in besonder van Lukas 8:4-15

2.2.3 Gedagtestruktuur van Lukas 8:4-15

2.2.4 'n Nadere eksegetiese ontginning van Lukas 8:4-15

**2.3 Basisteoretiese samevatting**

## 2.1 Verheldering en nadere omskrywing van sekere begrippe

### 2.1.1 Prediking

In die gemeentelike bediening moet prediking beskou word as een van die belangrikste wyses van toerusting (Kruger, 2002:10). Greidanus meld (1988:7) dat reeds so veel as 33

verskillende werkwoorde in die Nuwe Testament gebruik word om die een woord, naamlik *prediking* te verklaar. Die belangrikste van hierdie woorde is die volgende:

- *kerussein* – om te verkondig as 'n boodskapper
- *euangelizesthai* – om goeie nuus aan te kondig
- *marturein* – om te getuig
- *didaskein* – om te onderrig of te leer
- *propheteuein* – om te profeteer
- *parakalein* – om te bemoedig of aan te moedig

Vervolgens word 'n lys gegee van verskillende outeurs se omskrywings van wat prediking behels. Jonker (1976:30) stel dat prediking geskied met die veronderstelling dat God se Woord gebring word . Venter weer (1976:2) bied die volgende perspektiewe op prediking:

- Prediking is die amptelike bediening van die Woord van God in die midde van sy verbondsgemeente.
- Prediking is 'n bepaalde diens (*diakonia*) van die kerk. Prediking het in onderskeid van die ander dienste van die kerk 'n eie gerigtheid.
- Die Woord van God is die inhoud van die prediking.
- Die adres van die prediking is die verbondsgemeente. Venter (1976:2) verduidelik die term *verbondsgemeente* soos volg: "Dit is 'n gemeente wat bestaan uit verloste sondaarmense in verskillende leeftydfases, in verskillende situasies, mense wat elk 'n eie aard, aanleg en persoonlikheid het, asook mense wat elkeen hulle geloof op 'n unieke wyse beleef."

Van der Vyver (1990:14) definieer prediking soos volg: "Ware prediking in die erediens is prediking waardeur die Drie-enige God spreek deur sy geroepe dienskneg tot die gemeente." Pieterse (1991:98, 99) meld dat Daiber 'n omvattende empiriese ondersoek in die gemeente van die Lutherse Kerk in Hanover (Duitsland) uitgevoer het. Uit dié ondersoek blyk dit dat die oorgrote meerderheid van die gemeentelede (hoorders) prediking sien as die verkondiging van die Woord van God. Kruger (2002:20) se werksdefinisie van prediking is soos volg: "Prediking is die brugbou tussen die Bybel en die moderne wêreld waardeur God Drie-enig deur sy geroepe dienskneg tot die gemeente spreek."

Ander outeurs verwys veral na die ontvangers van die prediking. So sê Gunnink (1989:17) byvoorbeeld dat "... preaching is not done in a vacuum. An enormous amount of listening, talking and caring needs to come before, after and during the preaching of God's Word." Johnston (2001:14, 21) weer benadruk dat "...preaching aims for a target [...] The challenge for the biblical communicator moving into the postmodern era, then, is to present the message of Christ with freshness, relevance and meaning to a generation of listeners who don't know what they're missing." Cilliers (2002:33-34) stel dat prediking 'n vertoonvenster is waardeur die gesondheidstoestand van die kerk verraai word. Volgens Cilliers is prediking die tregter van die verkondiging.

Vir die doeleindes vir hierdie studie word die voorlopige werksdefinisie vir prediking soos volg geformuleer:

> *Prediking is die kommunikasie van God se Woord aan die gemeente op so 'n wyse dat ook die behoeftes en gesindheid van die hoorder betrek word.*

## 2.1.2 Gesindheid

Veral drie aspekte van gesindheid is ten opsigte van die verkondiging van die Woord toepaslik:

- Die Heilige Gees as *Inspirator* van God se Woord
- Die prediker as kommunikeerder (sender) van God se Woord
- Die hoorder as ontvanger van God se Woord

### 2.1.2.1 Die Heilige Gees as Inspirator van God se Woord

Kruger (2002:20) stel dat die werking van die Heilige Gees sentraal staan in die bediening van die Woord. Die Heilige Gees is die Inspirator van die Woord en die Heilige Gees verlig die kommunikeerder, nie net in die maak van die preek nie, maar ook in die oordrag van die preek. Barnard (1994:454-460) omlyn hierdie proses soos volg:

- Alle dienswerk in die kerk en in die wêreld gaan uit van God Drie-enig. Hierin word die oorsprong en doel van die bediening gevind.
- Die basis van alle dienswerk in die kerk is die werk van Jesus Christus wat volbring is.
- Die krag van alle dienswerk kom van die Heilige Gees. Die Heilige Gees bewerk verandering en gee lewe. Die bediening van die Woord is daarom ook 'n bediening in

die krag van die Heilige Gees. Die Gees werk die geruis in die oordrag van die Woord teen.

Lukas 8:11 verklaar dan ook dat *die saad die Woord van God is*. Die saad verander nie, maar die *plek* waar die saad val, bepaal die groeipotensiaal (werk van die Heilige Gees) van die saad.

Paulus skryf in 1 Timotheus 1:15: "Dit is 'n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word..." Die aksie om die boodskap van die Woord aan te neem word deur die werking van die Heilige Gees moontlik gemaak.

#### 2.1.2.2 Die prediker as sender van God se Woord

Oor hierdie aspek het Kruger (1999:39 -43) die volgende opgemerk:.

- Die prediker is 'n geroepene van God. Die prediker ontvang sy boodskap van God en het geen boodskap van sy eie nie. Dit wat aan hom in die Heilige Skrif oorgelewer word, moet die prediker verkondig. Die prediker moet klein word agter die boodskap en nie sy siening bokant sy boodskap verhef nie.
- Die prediker is iemand wat deur God gestuur is. Die Woord van God moet dus bedien word in die gesindheid van 'n gestuurde. Die gesindheid van die prediker is dus van belang in die oordrag van die preek.

#### 2.1.2.3 Die hoorder as ontvanger van God se Woord

Die gesindheid van die hoorder is 'n belangrike aspek van hierdie studie en daarom sal dit in meer diepte bespreek word. Kruger (1999:11) definieer gesindheid soos volg: "Gesindheid dui op die erns, ywer en entoesiasme wat daar bestaan by 'n persoon om 'n bepaalde saak te hanteer of 'n taak af te handel."

Die hoorder as die ontvanger van God se Woord openbaar reeds 'n ingesteldheid of 'n gesindheid wanneer hy/sy na die Woord van God luister. Vos (1995:181) tipeer die gesindheid van die hoorder treffend as hy sê: "Die hoorders leef tussen 'eina en amen'. Hulle sit in die kerk met hulle pyn, skuld en angs. Maar ook met hulle hoop, drome en verwagtinge." Vos voel so sterk oor die gerigtheid op die behoeftes van die hoorders dat hy aansluit by die

toepaslikheid van Maslow se uiteensetting van die vyf vlakke van menslike behoeftes. In hoofstuk 3 sal meer diepgaande na hierdie verskillende vlakke gekyk word.

Volgens Killinger (1999:27-44) is sekere emosies teenwoordig by die hoorder: vrees, hartseer en depressie, maar ook verwagting en opgewondenheid. Die prediker behoort die hoorder derhalwe te help om God weer opnuut en met opwinding te ontdek.

In verband met die verskillende fasette van hoorders se gesindheid vra Litfin (1981:70-71) die volgende vraag:

> "What is my audience's attitude towards the subject matter of my message? The most likely answers are that your listeners will be to some extent supportive (they already agree with you), apathetic (they don't really care), doubtful (they have serious reservations), or hostile (they are actively opposed)... Nevertheless, a thoughtful analysis of how an audience thinks and feels – based, as it must be, upon certain informed but often intuitive guesses and inferences – is an important part of trying to understand our listeners as to communicate more fully with them."

Dit is duidelik dat die hoorder 'n bepaalde gesindheid en ingesteldheid het as hy erediens toe kom om na God se Woord te luister. 'n Vraag wat uit hierdie aanname voortspruit, is of die prediking daardie gesindheid kan verander? Kruger (2002:2) toon in sy navorsing aan dat die klem tans verskuif na die verandering van die gesindheid van die hoorder langs die weg van die prediking. In sy navorsing (Kruger, 2002:89-104) kyk hy vanuit Hebreërs na gesindheidsverandering by hoorders en gee dan die volgende werksdefinisie van gesindheidsverandering: "Met die term gesindheidsverandering word bedoel die begeleiding van hoorders deur middel van die prediking sodat die beeld van God al hoe meer in hulle vergestalt word."

Vir die doeleindes van hierdie studie word gesindheid dus soos volg gedefinieer.

> *Gesindheid is die ingesteldheid wat reeds bestaan by die hoorder met die aanvang van die erediens. Deur die prediking van die Woord en die werking van die Heilige Gees vind 'n verdieping plaas wat die hoorder in staat stel om deur geloof sy lewe te rig op God se Woord.*

### 2.1.3 Geruis

Geruis is reeds in Hoofstuk 1 omskryf as "[a]ny influence or disturbance that changes the message or causes the message to be misunderstood" (Bang, 2004:131). Ook is aangedui dat geruis in die oordrag van die preek toenemend bestudeer word in die Homiletiek. Die aspek van geruis word nou nader omskryf ten einde 'n werksdefinisie van geruis vir die doeleindes van hierdie studie te formuleer.

Eswine (2004:1-9) het belangrike navorsing op hierdie terrein gedoen en dit is noodsaaklik om stil te staan by 'n paar van die aannames wat in sy studie na vore kom:

- "The concept of 'noise' holds a longstanding place in communication theory."
- "[N]oise" refers to those conditions which foster **misunderstanding** of the speaker's message."
- "Homiletics, while it does not often use the term 'noise' regularly concerns itself with the concept. Preachers build bridges between the world of the Bible and the world of the contemporary listener (Stott 1982:138). Without this bridge-building, listeners are left with miscomprehension or dullness to biblical meaning i.e. 'noise'."
- "[N]oise' as a concept can reside in the preacher. For example Haddon Robinson has noted that preachers must labor 'to know...the explanation...so clearly that no vagueness exists in the preachers mind. A mist in the pulpit, he says, becomes a fog in the pew' (1980:142, 143)".
- "'[N]oise' in the pulpit can be caused by more than merely natural elements of misunderstanding. 'Noise' can be found in the sinfulness of the speaker or hearer." (Eswine, 2004:4).
- "[N]oise" can find its cause in that which is supernatural. This noise can have a devilish source." ( Eswine, 2004:5).
- "'Divine Noise' is a 'withdrawing or blowing' of the Holy Spirit." (Eswine, 2004:6).

Die konsep van geruis word reeds 'n geruime tyd binne die studieveld van die homiletiese proses waargeneem. Johnston (2001:87-117) skryf breedvoerig oor die struikelblokke ("obstacles") vir prediking in die postmoderne wêreld. Hy identifiseer vyf areas waar blokkering (geruis) tussen die prediking en die hoorder kan ontstaan:

- **Om te preek vir diegene wat nie Bybels onderlê is nie**

  Johnson tipeer sodanige hoorders as die "Biblically clueless". Alhoewel die prediker die Bybel as gesagvol beskou, is die hoorder skepties en bevraagteken hy/sy die Bybel (Johnston, 2001:101-102).

- **Die uniekheid van Christus word ontken**

  Hierdie tipe blokkering bestaan omdat Christus se "exclusive uniqueness" nie erken word nie (Johnston, 2001:102). Die prediker glo wel in Christus, hoop op Christus, maar die hoorder sien Christus vandag eerder as een van baie gode.

- **Die spanning tussen subjektiewe en objektiewe waarheid**

  Een van die kernsake waarmee Bybelse kommunikasie in 'n postmoderne era gekonfronteer word, is die spanning tussen objektiewe en subjektiewe waarheid (Johnston, 2001:102).

- **Weerstand teen die meesterplan**

  Twintigste-eeuse hoorders vrees die motiewe van Bybelse kommunikeerders en sal die bevordering van enige spesifieke wêreldbeskouing bevraagteken. Die prediker moet dus hulle weerstand teen die meesterplan hanteer (Johnston, 2001:108).

- **Die uiteindelike kwessie van die verdoemenis**

  Hierdie probleem, naamlik prediking oor die hel en verdoemenis, noem Johnston "the ultimate hot potato". Hierdie kwessie beskou hy as "[m]ore provocative than money or sex, there's possible no stickier issue today than the subject of hell" (Johnston, 2001:112).

Al bogenoemde faktore kan 'n effek hê op die ingesteldheid waarmee na die prediking geluister word en kan geruis veroorsaak. Die hedendaagse hoorder is belas met bepaalde struikelblokke wat geruis kan meebring.

Vir die doeleindes van hierdie studie word geruis soos volg gedefinieer:

> *Geruis is die kommunikasiestoornis wat tussen die prediker en die hoorder ontstaan as gevolg van faktore wat die gesindheid waarmee die hoorder na die prediking luister, beïnvloed.*

## 2.2 Basisteoretiese perspektiewe vanuit Lukas 8:4-15

### 2.2.1 Kan die Evangelie van Lukas as betroubaar beskou word?

Greidanus (1988:24) beklemtoon dat "[t]he message of all biblical genres of literature is in one way or another dependant on the reality of specific historical events proclaimed in the Bible." Greidanus (1988:24) meld verder dat predikers in die eerste instansie helderheid moet hê oor die historiese gronde ("foundations") van hulle boodskap.

Greidanus se standpunt is belangrik vir die vraagstuk wat in hierdie studie ondersoek word. Aangesien die basis vir hierdie hoofstuk 'n ondersoek is na Lukas 8:4-15, moet die vraag oor die betroubaarheid van die Evangelie van Lukas nader ondersoek word.

Wat die Evangelie van Lukas betref, meld Van Bruggen (1993:11-33) die volgende: Lukas het sy eerste boek geskryf toe die evangelie reeds deur oog- en oorgetuies verkondig is (Van Bruggen, 1993:21). Stein (1992:20) stel dat "...in Luke 1:2 ... the author relates ... he ('us') received ('was handed down') information for his gospel from those who were 'eyewitnesses' and ministers of the Word".

Sowel Van Bruggen (1993:22) as Stein (1992:26) noem dat Lukas sy skrywe gerig het aan Teofilus. "Teofilus behoorde tot de kringen van de Romeinse overheid en dat Lucas hem daarom met het verschuldigde respect aanspreekt aan het slot van vers 3." (Van Bruggen, 1996:24).

Van Bruggen (1993:27) stel verder dat die skrywer buite die kring van die ooggetuies staan, maar dat hy homself saam met Teofilus bevind onder diegene wat volledig op hoogte gebring is van die gebeure. Ook Culpepper (1995:9) beklemtoon die feit dat Lukas vertroud was met die feite: "Luke was probably a gentile, but apparently one who was knowledgeable in the Old Testament and had a working grasp of Jewish practice and institutions."

As historikus het Lukas homself deeglik vergewis van die feite:

> "Lucas heeft op de manier van een goed historicus een eigen onderzoek ingesteld naar het gebeure. ...Hij is van voren af aan alles nagegaan (*parakolouthein*) als een zelfstandig onderzoeker van de vertelde feiten." (Van Bruggen, 1993:27).

**Basisteoretiese afleiding**

Lukas en sy Evangelie voldoen as historiese bron aan die standaard wat gestel word vir die geloofwaardigheid en betroubaarheid van die vertelde feite.

## 2.2.2 Motivering vir die keuse van 'n gelykenis – in die besonder van Lukas 8:4-15

- **Geruis en die gebruikmaking van gelykenisse**

Eswine (2004:7) motiveer Jesus se gebruikmaking van gelykenisse soos volg:

> "In the New Testament, divine noise is perhaps identified with 'parable'. 'Why do you speak to them in parables?' his disciples asked Jesus. And He answered them, 'To you it has been given to know the secrets of the kingdom of Heaven, but to them it has not been given...This is why I speak to them in parables, because see they do not see, and hear they do not hear, nor do they understand...'"

Eswine (2004:8) neem hierdie motivering nog 'n stap verder as hy sê: "Jesus teaches ministers of the Word about how people hear the message. Jesus exposes the nature of people when the Word of God comes to them."

Nolland (1989:xliii-xliv) maak die aanname dat "the Gospel of Luke is a major repository of the parables of Jesus ...the parable...entice[s] the hearer to a judgement upon the situation depicted". Nolland (1989:xlv) sê dat in 'n breër sin Jesus se gelykenisse daarop ingestel is om ons meer oor die koninkryk van God te wete te laat kom.

In Lukas 8:4-15 maak Jesus van 'n bepaalde onderrigstyl (gelykenis) gebruik om die aard van die prediking en die luister na die prediking weer te gee. Bang (2004:49) noem dat die woord "parable" 18 keer in die Evangelie van Lukas voorkom.

- **Sien en nie sien nie; hoor en nie hoor nie**

Nie net word na die Woord in die gelykenis van die saaier in Lukas 8 verwys nie, maar ook na die verstaan van en reaksie op die Woord. Knight (1998:51) benadruk byvoorbeeld dat nie alle hoorders die woorde van Jesus verstaan het nie: "... as chapter 8 says, see and hear what Jesus does and says but strikingly fail to understand it." 'n Volgende vraag ontstaan

dan: As die hoorders dan gesien en gehoor het wat Jesus gesê het, waarom het hulle dit nie verstaan nie?

Om die belang van bogenoemde vraag verder te benadruk, meld Knight (1998:97-99) die volgende aspekte van die gelykenis:

- Die gelykenis van die saaier is in 'n sin 'n gelykenis oor 'n gelykenis.
- Verskillende soorte skraal grond word beskryf, maar daar is in werklikheid net een verskil. Hierdie verskil is tussen grond wat vrugte dra en grond wat dit nie doen nie.
- Hulle wat buite die koninkyk is, hoor die gelykenisse, maar slaag nie daarin om die betekenis daarvan te verstaan nie.
- 'n Gelykenis word 'n struikelblok vir diegene wat nie weet wat dit beteken nie.
- Die basis van die gelykenisse van Jesus is die koninkryk.

Knight meld dat gelowiges (dit wil sê mense wat die evangelie van Jesus Christus glo) die koninkryk van God ontvang het en daarom verstaan hulle wat Jesus wou sê deur gelykenisse. Die verkondiging deur gelykenisse veroorsaak vir ongelowiges egter "geruis" aangesien hulle hoor, maar nie verstaan nie. Hulle hart is nie ontvanklik vir die evangelie nie. Hierdie hartsgesindheid veroorsaak dat ongeloof die "geruis" is wat verhoed dat hulle hoor en verstaan.

Ook Groenewald (1989:112-114) se siening ondersteun die keuse van Lukas 8:4-15 as gelykenis wat dui op die aksie van hoor en ontvang of nie ontvang nie. Volgens Groenewald (1989:112) laat Matteus en Markus blyk dat hierdie gelykenis êrens langs die see uitgespreek is, terwyl Lukas nie die plek noem nie, maar wel dat Jesus besig was om deur die land te reis. Gedurende die tyd dat Jesus die gelykenis van die saaier vertel het, was Hy in Galilea waar die mense bekend was met die handeling van land bewerk en koring saai. Lukas se weergawe van die gelykenis is in 'n korter, meer saaklike vorm as Markus s'n, maar die hoofsaak bly dieselfde, naamlik dit wat gebeur het met die die saad wat deur die saaier op die verskillende plekke op die land uitgestrooi is.

'n Laaste belangrike motivering vir die keuse van Lukas 8:4-15 lê opgesluit in Bentley (1992:120-125) se kommentaar oor dié gedeelte:

- In Lukas 8 verander die beklemtoning na die daad van hoor. Die woord "hoor" of "luister" kom nege keer in hierdie gedeelte voor.
- Volgens Lukas 8:8 wou Jesus gehad het dat elkeen moes weet dat hy/sy die boodskap van God kan hoor as hulle net ore gehad het om te luister.
- Ons moet ag slaan op hoe ons luister.
- Daar is net vier soorte hoorders wat luister na die boodskap van Jesus. Ons *harte*, met ander woorde ons geestelike natuur, behoort tot een van daardie soorte wanneer dit kom by die hoor van die verlossingsboodskap.

**Samevattende motivering vir die keuse van Lukas 8:4-15 vir hierdie studie**

Lukas 8 is deel van die prediking van Jesus in die omgewing van Galilea. Verbandhoudende aspekte van boerdery en die insette wat vereis was om grond te bewerk was oorbekend in hierdie omgewing. Jesus gebruik hierdie gegewens om die prediking vir sy gehoor verstaanbaar te maak aangesien die gelykenis self handel oor 'n saaier. Deur die prediking verstaanbaar te maak kon Jesus aan hulle verduidelik watter effek die Woord op die hart van die mens het.

Die wisselwerking tussen die prediking (gelykenis), die hoorders (mense uit die omgewing van Galilea) en geruis (dat die mense die gelykenis nie verstaan nie) word duidelik in 'n koninkryksgelykenis (Luk. 8:4-15) uitgebeeld.

Laastens val die klem in Lukas 8 op die aksie van hoor en hoe daar gehoor word. Die feit dat verskillend gehoor word in terme van die plek waar die saad op die grond val, kan belangrike stof vir hierdie studie bied.

### 2.2.3 Gedagtestruktuur van Lukas 8:4-15 – skematies voorgestel

'n Voorstelling van die gedagtestruktuur in hierdie gedeelte word vervolgens gegee in die vorm van 'n skematiese voorstelling. Die doel met hierdie uiteensetting is om na te gaan in watter gedeelte of teksvers melding gemaak word van *prediker, gesindheid* en *geruis* of selfs die wisselwerking daartussen. Die voorstelling van die gedagtestruktuur kan moontlik daartoe bydra om sekere begrippe makliker te plaas.

2.2.3.1 Makrostruktuur van die Evangelie van Lukas

2.2.3.2 Paragraafuitleg van Lukas 8: 4-15

2.2.3.3 Teksuitleg van Lukas 8: 4-15

2.2.3.4 Mikrostruktuur van Lukas 8: 4-15

### 2.2.3.1 Makrostruktuur van die Evangelie van Lukas

Vir die doeleindes van hierdie studie word gebruik gemaak van die indeling soos weergegee deur Van Bruggen (1993:31-32):

| Skrifgedeelte | Hoofgedagte |
|---|---|
| Lukas 1:1-4 | Proloog |
| Lukas 1:5-2:39 | Geboorte van Jesus |
| Lukas 1:40-2:5 | Kinderdae van Jesus |
| Lukas 3:1-3:20 | Voorbereidingstydperk vir die bediening van Jesus |
| Lukas 3:21-9:50 | Jesus se bediening in Galilea |
| Lukas 9:51-19:46 | Die tog na Jerusalem |
| Lukas 19:47-24:53 | Jesus se bediening in Jerusalem |

Culpepper (1995:10) asook Groenewald (1989:20) stem saam met Van Bruggen dat die gelykenis in Lukas 8:4-15 deel uitmaak van Jesus se prediking in Galilea. Jesus se bediening in Galilea neem 'n sentrale plek in die makrostruktuur van die Evangelie van Lukas in. Lukas 1:1 tot Lukas 3:20 handel naamlik oor Jesus se geboorte tot en met die voltooiing van die voorbereidingsfase van sy bediening.

Lukas 3:21 begin met die bediening van Jesus in Galilea wat sy toppunt bereik met Jesus se bediening in Jerusalem. Jesus sterf in Jerusalem, staan daar op uit die dood en vaar op na die hemel.

Volgens Groenewald (1989:20) wentel die bediening van Jesus in Galilea hoofsaaklik om sy leer in die sinagoge en die doen van wonderwerke om lyding te verlig. In Galilea vind ook besondere onderrig aan sy dissipels plaas (soos byvoorbeeld in Lukas 8:4-15).

### 2.2.3.2 Paragraafuitleg van Lukas 8: 4-15

| **Lukas 8:4-15** | | | |
|---|---|---|---|
| **Kerngedeelte: Lukas 8:11-12 e.v.** | | | |
| **Skrifteks** | **Die effek van die Woord op die hoorder** | **Die gesindheid van die hoorder** | **Die geruis wat kan ontstaan by die hoorder** |
| Lukas 8:5 en 12 | Die duiwel neem die Woord uit hulle harte weg, sodat hulle nie glo en gered word nie. | Hulle hart is soos 'n pad, hard en verhard. | Hulle glo nie en word nie gered nie. |
| Lukas 8:6 en 13 | Diegene wat vergelyk word met die saad wat op die rots val, ontvang die Woord met blydskap, maar dan raak hulle na 'n tyd afvallig as gevolg van versoekings. | Hulle hart is hard soos 'n klip; daar is min moontlikheid om te groei. | Hulle glo net 'n tyd lank. |
| Lukas 8:7 en 14 | Die mense wat vergelyk word met saad wat tussen die dorings beland, het ook gehoor, maar gaan weg en word verstik deur die sorge, rykdom en genietinge van die wêreld. | Hulle hart is vol belemmeringe en hindernisse (dorings); hulle is vol verskonings. | Hulle glo, maar wil ook die wêreld dien. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Lukas 8:8 en 15 | Die mense wat vergelyk word met die saad wat op die goeie grond val, hoor en hou die Woord in hulle hart en volhard daarin. | Die hart is soos goeie grond en is ontvanklik vir die saad van die Woord. | Vir diegene is die resultaat van die saaiproses positief en goed en dit lei tot geloofsvolharding en -groei. |
| Vers 8: Jesus doen 'n beroep op die gesindheid van die mens deur te sê: "Wie ore het om te hoor, laat hom hoor." Deur te hoor en te luister na Christus se oproep kan geruis (blokkasies en belemmeringe in die oordrag van die Woord) teengewerk word. | | | |

**Samevattend die volgende:**

- Die tema vir Lukas 8: 4-15 sou soos volg geformuleer kon word:
  *Die gesindheid van die mens se hart bepaal in watter mate die Woord van God in sy lewe sal groei.*

- Lukas 8:4 bied die inleidende gedagte van die gelykenis. Die scenario word geskep, 'n groot menigte uit verskillende stede sluit by Jesus aan en Hy onderrig hulle deur 'n gelykenis.

- In Lukas 8:5-8 is Jesus aan die woord (hy preek dus). Jesus word voorgestel as 'n bekwame prediker wat gebruik maak van 'n spesifieke vorm en struktuur ('n gelykenis) in sy prediking. Die prediking word afgesluit met 'n uitnodiging: "Wie ore het om te hoor, laat hom hoor."

- In Lukas 8:9-10 is daar 'n pouse in die gedeelte waarin Jesus op 'n vraag van sy dissipels antwoord.

- Die uitleg van die gelykenis word in Lukas 8:11-15 deur Jesus gegee. Die saad is die Woord van God; diegene wat langs die pad staan, is die hoorders.

- Die prediking het dus 'n effek op die hoorder, maar aangesien 'n bepaalde gesindheid waarmee geluister word, reeds aanwesig is by die hoorder, kan dit 'n spesifieke tipe geruis (blokkering) by die hoorder veroorsaak.

- Jesus as prediker rig 'n appèl tot die mense om hulle gesindheid te verander en werk sodoende die moontlike geruis in die kommunikasieproses teen.

### 2.2.3.3 Teksuitleg van Lukas 8: 4-15

| **Die gelykenis** | **Uitleg van die gelykenis** |
|---|---|
| **Eerste gedagte**<br>Vs. 5 'n Saaier het uitgegaan om sy saad te saai. | Vs.11 Die saad is die Woord van God |
| **Volgende gedagte**<br>Vs. 5 en toe hy saai, val 'n deel langs die pad en is vertrap, en die voëls van die hemel het dit opgeëet. | Vs.12 Die langs die pad is die hoorders. Daarna kom die duiwel en neem die woord uit hul hart weg, sodat hulle nie sou glo en gered word nie. |
| **Volgende gedagte**<br>Vs. 6 En 'n ander deel het op die rots geval; en nadat dit opgeskiet het, het dit verdroog, omdat dit geen vogtigheid gehad het nie. | Vs. 13 En die op die rots is hulle wat die woord met blydskap ontvang wanneer hulle dit hoor: En hulle het geen wortel nie, aangesien hulle net vir 'n tyd glo, en in die tyd van versoeking val hulle af. |
| **Volgende gedagte**<br>Vs 7 En 'n ander deel het tussen die dorings in geval; en die dorings het daarmee saamgegroei en dit verstik. | Vs 14 En die wat in die dorings geval het – dit is die wat gehoor het, en hulle gaan weg en word verstik deur die sorge en rykdom en genietinge van die lewe en dra geen ryp vrug nie. |
| **Hoofgedagte**<br>Vs. 8 En 'n ander deel het in die goeie grond geval en gegroei en honderdvoudige vrug opgelewer. Toe Hy dit gesê het, roep Hy uit: Wie ore het om te hoor, laat hom hoor! | Vs. 15 En wat in die goeie grond val – dit is die wat, nadat hulle gehoor het, die woord in 'n edele en goeie hart hou en met volharding vrug dra. |

**Samevattend die volgende afleidings:**

- In Lukas 8:5-8 word die prediking van Jesus weergegee in die vorm van 'n gelykenis. Jesus begin deur 'n verhaal te vertel wat opwerk na 'n hoogtepunt.
- In Lukas 8:11-15 word die uitleg van die gelykenis deur Jesus gegee. Jesus handhaaf dieselfde struktuur as dié van die gelykenis en lei die hoorders sodoende na die kerngedagtes en hoogtepunt van die verhaal.
- Op grond van bostaande tabel is dit duidelik dat elke gedagte twee keer bevestig word: in vers 5 en 11,12 en 6, 13 en 7, 14, en ook in vers 8 en 15. Die boodskap van die gelykenis word sodoende beklemtoon.

#### 2.2.3.4 Mikrostruktuur van Lukas 8:4-15

'n Nadere indeling van Lukas 8:4-15 word voorgehou vir verdere eksegetiese ontginning.

| **Hoofgedeelte** | **Hoofgedagte** |
|---|---|
| Lukas 8:4 e.v. | Inleidende gedeelte |
| Lukas 8:4b-8 | Prediking in die vorm van 'n gelykenis wat handel oor 'n saaier wat saad saai |
| Lukas 8:9-10 | 'n Pouse waarin Jesus se dissipels aan Hom 'n vraag vra waarop Hy antwoord |
| Lukas 8:11-15 | Die uitleg van die gelykenis |

### 2.2.4 'n Nadere eksegetiese ontginning van Lukas 8:4-15

Met bogenoemde struktuur in gedagte, sal die Skrifgedeelte vervolgens in besonderhede ontleed word onder die volgende opskrifte.

2.2.4.1 Fokus op die prediker en die prediking
2.2.4.2 Fokus op die hoorder en sy gesindheid
2.2.4.3 Fokus op die geruis wat kan ontstaan by die oordrag van die prediking
2.2.4.4 Fokus op die invloed van die bose in die hoorproses
2.2.4.5 Fokus op die spiritualiteit van die prediker

#### 2.2.4.1 Fokus op die prediker en die prediking

Die prediking in dié gedeelte begin in Lukas 8:4b: "...sê Hy aan hulle deur 'n gelykenis" en die eerste deel van die prediking sluit af in vers 8: "Toe Hy dit gesê het, roep Hy uit: Wie ore het om te hoor, laat hom hoor."

Die wisselwerking tussen *sê* en *roep* is in hierdie gedeelte van belang. Die woord *epō* (sê) in vers 4b dui aan dat Jesus normaalweg met die mense gesels het, maar *phōneō* (roep) in vers 8 dui daarop dat die aard van die prediking op daardie stadium in intensiteit toeneem.


In Lukas 8:11-15 verklaar Jesus self die gelykenis wat daarop dui dat Jesus as prediker graag wil hê dat die hoorders die prediking moet verstaan.

Vervolgens word die insigte en perspekiewe van 'n paar outeurs genoem om die onderwerp verder te belig. Eerstens Nolland se siening van hierdie gelykenis:

> "Jesus in this parable expresses His confidence that no matter what miscarriages may come along the way, the potential for renewal in the seed that He sows is such that rich fruitfulness will be the certain outcome...he holds up a mirror to his hearers so that each might be challenged by finding his/her own response patterns imaged in Jesus tale."
>
> (Nolland, 1989:373)

Groenewald (1989:113) meld dat Jesus self die verklaring van die gelykenis gee. Jesus sê nie wie die saaier is nie, maar bepaal Hom by die saad en die aard van die grond waarin die saad val. Gerber (1986:66) weer benadruk dat Jesus by uitstek 'n uitmuntende prediker was en met gesag geleer het.

'n Bepaalde wisselwerking tussen Lukas 8:5-8 (die gelykenis) en Lukas 8:11-15 (die uitleg van die gelykenis) is opvallend. Die volgende struktuur verduidelik hierdie stelling:




## Samevattende afleidings

- Sekere aspekte word in die gelykenis en die uitleg dubbeld beklemtoon. Met hierdie aanbiedingswyse maak die prediking seker dat die hoorder die belangrikheid van die boodskap inneem: $a^1 - a^2$, $b^1 - b^2$, $c^1 - c^2$, $d^1 - d^2$.

- Die gedeelte wat met E in die grafiese voorstelling aangedui word (Luk. 8:9-10), is 'n belangrike moment en staan op sy eie. In hierdie gedeelte word aangedui dat die dissipels reeds die verborgenheid van die koninkryk van God ken. Gedeelte E is nie deel van die gelykenis of die uitleg van die gelykenis nie, maar dui aan dat hierdie verse (Luk. 8:4-15) handel oor die koninkryk van God. Om hierdie rede word die gelykenis van die saaier getipeer as 'n koninkryksgelykenis.

- Die aard, invalshoek en aanbiedingswyse van die prediking wat in die gelykenis vervat is, is beplan. Die gedagte van saad en boerdery was vir die mense van Galilea bekend. Jesus het geweet dat die hoorders met hierdie verhaal en die verhaallyn van die gelykenis sal kan assosieer.

- Jesus se prediking is in die vorm van 'n gelykenis waarin Jesus 'n verhaal vertel. Die verhaal is gestruktureerd en word so vertel dat die hoorder die hoofgedagte daavan snap.

- In Jesus se uitleg van die verhaal word presies dieselfde struktuur as in die gelykenis gebruik.

### 2.2.4.2 Fokus op die hoorder en sy gesindheid

| Die hoorder en sy gesindheid in Lukas 8: 5-15 | | |
|---|---|---|
| **Kerngedeelte: Lukas 8:11-12 e.v.** | | |
| **Die gelykenis** | **Uitleg van die gelykenis** | **Gesindheid van die hoorder** |
| Lukas 8:5<br>Die saad val langs die pad | Lukas 8:12<br>Die hoorder se hart is soos 'n pad: hard en verhard | Die hoorder word beïnvloed deur Satan |
| Lukas 8:6<br>Die saad val op die rots | Lukas 8:13<br>Die hoorder se hart is soos rots, dit is ontoeganklik en hard en saad kan nie daarop ontkiem nie | Die hoorder verhard hom, sluit hom af van die invloed van die Woord |
| Lukas 8:7<br>Die saad val tussen die dorings | Lukas 8:14<br>Die hoorder se hart is ingeneem deur dorings; dit is vol hindernisse en verskonings | Die hoorder word beïnvloed deur allerhande sondige versoekings |
| Lukas 8:8<br>Die saad val op goeie grond | Lukas 8:16<br>Die hoorder se hart is soos goeie grond: vrugbaar en ontvanklik | Die hoorder word positief beïnvloed deur die Woord van God |

In verband met hierdie gelykenis maak Culpepper (1995:176) die volgende stelling: "This section of Luke 8 (4-15) is devoted to the theme of hearing the Word of God. The verb for 'to hear' (...*akouō*) is repeated seven times, and 'the word (...*ho logos*) is repeated three times." Culpepper vervolg dan:

> "...the parable calls for hearers to live expansively, confident in God's goodness. If the three unproductive sowings are emphasized (path, rock and thorns), then the parable may speak to the crowd's fawning over Jesus – many will turn away, but some will bear fruit" (Culpepper, 1995:177).

Bogenoemde stelling vereis verdere ondersoek. Reeds in Lukas 8:4 word die volgende inleidende gedagte weergegee: "En toe daar 'n groot menigte vergader, en die wat uit die verskillende stede by Hom aangesluit het, sê Hy..."

Vir Lukas val die klem in die inleiding dus allereers op die menigte (*ochlos*). Ook die feit dat die hoorders van ver af kom, is dus vir Lukas van belang. Vir Jesus word die verskeidenheid van die menigte egter beklemtoon in die wyse waarop hulle die Woord hoor en soos Culpepper (1995:177) aandui, is Jesus se prediking daarop gerig dat die hoorders die genade van God•sal aanneem.

Dit is duidelik uit die gedeelte dat Jesus aandui dat daar vier tipe hoorders is. Bentley (1992:122-123) bied in sy kommentaar die volgende gegewens oor die gelykenis en die uitleg daarvan.

### Die gelykenis

- 'n Deel van die beskikbare saad het op die harde pad geval. Die saad het nie eers in die grond ontkiem nie, maar is deur voetgangers vertrap en deur voëls opgeëet.
- 'n Gedeelte van die saad het geval waar daar slegs 'n dun lagie grond oor rotsagtige grond was, maar omdat daar nie genoeg grond en vog was nie, kon die saad nie groei en uiteindelik 'n oes oplewer nie.
- 'n Ander deel van die saad het op grond geval wat op die oog af goed gelyk het, maar daar was ook dorings (onkruid) in daardie grond. Hierdie saad het vinnig begin groei, maar is later deur die dorings verstrik.

- Daar was egter ook 'n gedeelte van die saad wat op goeie grond geval, ontkiem, gegroei en 'n goeie oes opgelewer het.

## Die uitleg van die gelykenis

Bentley (1992:123) merk op dat daar slegs vier tipes hoorders is wat na Jesus se boodskap luister:

- *Die hoorders wat deur Satan beïnvloed word*: "Some people have hearts which are hard. They are just like the well-trodden paths of ancient Palestine. The message of God takes no root in them... Satan, like a bird, swoops down and takes it away."

- *Die hoorders wie se emosievlakke maklik beïnvloed word:* "Some people have hearts which are shallow. These are quick to respond to the message. They are easily driven to tears by their emotions."

- *Die hoorders in wie se lewe God nie voorrang geniet nie*: "Again, there are others who have hearts in which the message of God has competition...the worries, riches and pleasures of life take all nourishment away from the hearer."

- *Die hoorder wat ontvanklik is vir die Woord van God:* "But there are some people whose hearts are like good soil. They hear and retain the Word of God."

Lukas 8:11-12 e.v. vorm die kerngedeelte met die oog op die bestudering van verskillende aspekte van hoordersgesindheid.

8:11: "Dit is dan die gelykenis. Die saad is die Woord van God."
8:12: "Die langs die pad is die hoorders"

#### 2.2.4.3 Fokus op die tipe geruis wat kan ontstaan by die oordragproses in die prediking

| **Fokus op die tipe geruis wat kan ontstaan by die oordragproses in die prediking** | | | |
|---|---|---|---|
| **Skrifteks** | **Beeld wat gebruik word om geruis voor te stel asook die konnotasie wat daaraan geheg word** | **Geruis in terme van die gelykenis se gegewens** | **Geruis in terme van die uitleg van die gelykenis** |
| Lukas 8:5 en 12 | Die pad | Die saad word **vertrap** en deur die voëls **opgeëet** | Die hoorder **glo** nie en word nie **gered** nie |
| Lukas 8:6 en 13 | Klipperige grond (gebrek aan diepte) | Die saad **verdroog** | Die hoorder glo net 'n **tyd lank** |
| Lukas 8:7 en 14 | Dorings (hindernisse) | Die saad **verstik** en groei saam met die dorings | Die hoorder glo, maar wil ook die **wêreld dien** |

In Lukas 8:8 en 8:15 is sprake van positiewe omstandighede (goeie, vrugbare grond) waar groei plaasvind en belemmeringe of geruis uitgeskakel word (die saad groei en dra honderdvoudig vrug). Wanneer geruis of kommunikasiebelemmeringe uitgeskakel word, kan die hoorder volhard en ook vrug dra in die geloof.

Gerber (1986:145) stel dat die uitleg van die gelykenis 'n element van vermaning bevat: wie homself as gelowig beskou, moet daarna streef om te funksioneer vanuit die voedingsbodem van goeie grond. So 'n ideaal wat nagestreef word, impliseer dat elkeen aktief moet streef om die volgende omstandighede te vermy: die hardheid van die pad, die vlakheid van die klipperige grond en die belemmering van die dorings, want hierdie faktore verteenwoordig elkeen op sy eie manier geruis (belemmeringe) vir die hoorder wat na die boodskap van die

Woord luister. Elke gelowige moet daarna streef om as saad te leef en te werk in slegs die goeie, vrugbare, diep grond. Slegs in hierdie tipe grond kan die koninkryk groei en vrug dra.

Belemmeringe (geruis) in die oordra van die boodskap van die prediking kan in alle fasette van die saaiproses voorkom. Oral waar die saad val, kan daar hindernisse wees – of dit nou veroorsaak word deur die hardheidsgraad van die grond of die gebrek aan diepte. Selfs goeie, vrugbare grond waarborg nie altyd groei en 'n belowende oes nie. Bentley (1992:121-122) benadruk dat "the success of the seed depends on the conditions of the soil".

Omdat die saad op verskillende plekke val, moet die prediker bewus wees van die moontlike "geruis" in die kommunikasieproses – die faktore wat verhinder dat die hoorder die Woord en sy boodskap aanvaar en inneem. Die prediking wil juis die hoorder bemoedig dat dit moontlik is om gehoorsaam te wees aan God se Woord, hoewel daar bepaalde belemmerings kan wees.

In die gelykenis (Lukas 8:5-8) word verskillende woorde gebruik wat daarop dui dat 'n groeiproses deur verskillende faktore belemmer word. In terme van die onderrig wat Jesus deur middel van sy prediking gee, dui dit op faktore wat geruis in die kommunikasie en oordrag van die boodskap veroorsaak.

| | |
|---|---|
| Lukas 8:5 | "...vertrap en opgeëet" |
| Lukas 8:6 | "...verdroog" |
| Lukas 8:7 | "...verstik" |

Aan die einde van die gelykenis (Lukas 8:8) dui die woorde "...gegroei, en honderdvoudig vrug dra" op 'n proses wat suksesvol voltooi is. In terme van kommunikasie en effektiewe oordrag in die prediking was geruis (belemmering) afwesig; die saad het in goeie grond geval.

In die uitleg van die gelykenis dui die plekke waar die saad val op die tipe gesindheid in die hart van die hoorder. Hierdie tipes gesindhede kan lei tot geruis of kommunikasiestoornisse in die prediking:

Vers 12 Die geruis ontstaan omdat hulle nie glo en dus gered word nie.

Vers 13 Die aard van die geruis veroorsaak dat hulle net 'n tyd lank glo.

Vers 14 Die aard van die geruis is dat hulle glo, maar ook die wêreld wil dien.

### 2.2.4.4 Fokus op die invloed van die bose in die hoorproses

In die interaksie tussen die oordrag van die Woord en die ontvang van die Woord is Satan 'n gedugte teenstander. Gerber (1986:128) sê dit is duidelik dat Satan met niks anders in die gelykenis as die voëls kan ooreenkom nie. Semantiese elemente wat deur "voëls" geaktiveer word, is *gulsig, haastig*, en *vernietig*. Van die eerste oomblik in die saaiproses (verkondigingsproses) is 'n wesenlike vyand van die Woord, naamlik die duiwel (*diabolos*) teenwoordig.

Jesus self kondig die verskyning van Satan in die gelykenis aan in vers 12: "Daarna kom die duiwel..." In die gelykenis gaan dit nie net oor Satan se aanwesigheid nie, maar ook oor Satan se dade . Volgens Gerber (1986:129) word Satan se optrede daardeur getipeer dat hy die hoorders van die Woord se krag beroof net soos die voëls die saad van die pad af oppik. Die Woord word wel aan hierdie mense verkondig, maar as gevolg van Satan se optrede gebeur niks met die woorde wat hierdie mense ontvang nie. Satan word 'n aktiewe teenstander van die verkondiging deurdat hy daarop inbreuk maak en die effek van die verkondigde Woord wegneem.

Gerber (1986:129-130) stel dat dit net vir Satan moontlik is om die invloed van die verkondigde Woord weg te neem omdat die mens dit vir hom moontlik maak. Die invloed van die Woord wat op grond van Satan se optrede teëgewerk word, word bepaal deur die ingesteldheid van die hoorder en die wyse waarop hy/sy die verkondigde Woord ontvang.

Satan is reeds bewus van die ingesteldheid (gesindheid) in die hart van die mens en die feit dat daar reeds belemmeringe of kommunikasiestoornisse (geruis) by die mens is. Die verantwoordelikheid om te verander lê egter steeds by die hoorder self.

Op grond van Jesus se prediking lei ons af dat Satan die hoofrol speel in die teenwerk van die verkondiging van die Woord.

- Satan is al een behalwe God wat hier op sy naam genoem word.
- Satan se aksie is effektief en onmiddellik. By sommige mense is sy optrede dadelik waarneembaar en by ander neem dit tyd voordat sy invloed duidelik word.
- Satan is die een wat die Woord wegneem uit die hart van die hoorders. Satan verander dus die hoorders se gesindheid.
- Daar is 'n doel agter Satan se optrede; sy aksies is daarop ingestel dat iets moet gebeur.

Satan is aktief in die teenwerk van die invloed van die verkondigde Woord en verhinder dikwels dat die evangeliewoord tot die hoorder spreek. Stewart (1955:42) merk byvoorbeeld op: "Remember that every soul before you has its own story of need, and that if the Gospel of Christ does not meet such need nothing on earth can." In die Evangelie van Johannes sê Jesus self dat Satan die heerser van hierdie wêreld is. Die verkondiging word dus as't ware die aanvalsterrein waarop Satan en sy invloed bestry moet word: "A sermon moves the guns into position. Now is the time to fire the shot at the listener's mind and emotions." (Bauman, 1972:180-181).

Satan sal dus ook in die preekproses teenwoordig wees. Op grond van sy invloed sal kommunikasiestoornisse (geruis) veroorsaak dat die gesindheid van die hoorder nie sal verander nie. Eswine (2004:1-9) dui aan dat geruis op 'n bonatuurlike vlak kan plaasvind sodat die invloed van die duiwel die preekproses kan belemmer. Ook die apostel Paulus praat in 2 Korintiërs 4:3-4 van diegene wie se verstand deur "die god van hierdie wêreld" verblind word sodat hulle nie die lig van die evangelie kan sien nie.

#### 2.2.4.5 Fokus op spiritualiteit

Reeds voor die prediking 'n aanvang neem, is 'n bepaalde ingesteldheid by die hoorder aanwesig. In Lukas 8:5-8 word geïmpliseer dat die saaier weet dat 'n deel van die saad wat hy saai, nie sal groei of die volle potensiaal daarvan sal bereik nie. Ten spyte hiervan saai die saaier met die hoop dat 'n gedeelte van die saad op goeie grond sal val en vrug sal oplewer.

In Lukas 8:11-15 word gesê dat die saad die Woord van God is. Daar word gestel dat die "saaier" (prediker) die een is wat die Woord verkondig. Die prediker verkondig die Woord met

die hoop dat die hoorders sal hoor en dat die ingesteldheid van hulle hart reg is sodat hulle vrug sal dra. Om hierdie rede is die spiritualiteit van die prediker van groot belang. Die prediker moet preek in die oortuiging dat die Heilige Gees "inspraak" sal hê in sy prediking en die oordrag van die boodskap. Die prediker moet in afhanklikheid besef dat God die Heilige Gees self sy woorde moet rig. Ook moet hy sy eie spiritualiteit oefen deur te leef uit 'n noue verhouding met God. Die gesindheid waarmee die hoorder luister, kan 'n bepaalde "geruis" veroorsaak. Die "saaier" (prediker) moet derhalwe God se Woord met oorgawe in *geloof* saai en *vertrou* dat die Woord in 'n "goeie" hart sal val.

Parker (1992:51) maak byvoorbeeld die volgende uitspraak in sy boek oor Calvyn se prediking:

> "As the work of grace, this submission to God's Word is the work of the Holy Spirit. We have come, by a different route, to a point that has been definitive...the inward witness of the Spirit. It is God's Spirit who makes a man ready to be taught by His Word: Calvin (1 Timothy 3:9; sermon xxv.co 53. 300: 6-16). When we come to hear the sermon or take up Holy Scripture to read it, let us not have the foolish presumption of thinking that we shall easily understand by our own wit everything that is said to us and that we read; but let us come with reverence, waiting entirely on God, well aware that we have need to be taught by His Holy Spirit, and that without that we can in no way understand what is shown to us in His Word."

Spiritualiteit en die beoefening van spiritualiteit kan meewerk om die gesindheid van die hoorder wat as geruis in die oordrag van die Woord funksioneer, teen te werk.

Oor spiritualiteit en preekgesindheid skryf Kruger (1999:98-102) die volgende:

- Die spiritualiteit van die prediker kom nie vanself nie. Die prediker moet homself hierin oefen. Dit is noodsaaklik dat predikers hulself verantwoord oor hulle eie geestelike toerusting. As die prediker homself voed met die Woord van God kan hy ook ander mense voed.
- Die beoefening van spiritualiteit eis egter dissipline en die beoefening van spiritualiteit vind plaas deur gereelde omgang met die Woord. Ook gereelde selfondersoek is 'n belangrike deel van spiritualiteit.

- Spiritualiteit moet ten diepste verstaan word vanuit die Pneumatologie, met ander woorde vanuit die werking van die Heilige Gees.

## 2.3 Basisteoretiese samevatting

Op grond van die voorafgaande beredering word die volgende basisteoretiese perspektiewe gebied:

- In die doel en uitgangspunt van die hoofstuk is gestel dat dit nodig is om die invloed van die hoorder se gesindheid na te gaan omdat dit as geruis of belemmering die oordrag van die preek kan verhinder.
- Die *begrippe prediking, gesindheid* en *geruis* is bespreek en verklaar.
- Die rede waarom Lukas 8:4-15 die keuse vir die basisteoretiese perspektief in hierdie navorsing is, is gemotiveer en beredeneer. Lukas 8 laat die klem val op die aksie van *hoor* en hierdie Skrifgedeelte kan met vrug ontgin word vir die doeleindes van hierdie studie.
- Die grond vir die basisteoretiese perspektief, naamlik die betroubaarheid van die Bybelse bron, is bevestig. Lukas en sy evangelie voldoen aan die vereiste wat gestel word ten opsigte van geloofwaardigheid en betroubaarheid as historiese bron. Enkele toepaslike kenmerke van die Lukas-evangelie is aangedui.
- 'n Voorlopige voorstelling van die gedagtestruktuur van Lukas 8:4-15 is gebied. Op grond van die gedagtestruktuur is die wisselwerking tussen die prediker, die gesindheid van die hoorder en die geruis wat ontstaan, voorlopig bepaal.
- Die gedagtestruktuur is voorts skematies voorgestel om die wisselwerking tussen prediker, gesindheid en geruis uit te beeld: (1) die makrostruktuur van die Evangelie van Lukas, (2) die paragraafuitleg van Lukas 8:4-15, (3) die teksuitleg van Lukas 8:4-15 en (4) die mikrostruktuur van Lukas 8:4-15. Die skematiese voorstelling is uiteengesit sodat 'n nadere eksegetiese ontginning van dié gedeelte (Luk. 8:4-15) later gedoen kan word.
- In die nadere eksegetiese ondersoek is veral gefokus op die volgende: die prediker en sy prediking; die hoorder se gesindheid; die geruis wat kan ontstaan by die oordrag van die preekboodskap; die invloed van die bose in die hoorproses en die spiritualiteit van die prediker.

- Jesus se prediking in Lukas 8:4-15 geskied deur middel van 'n gelykenis –'n verhaal wat deur Jesus vertel word om 'n algemene waarheid te kommunikeer. Die gelykenis is gestruktureerd en begelei die hoorder na 'n hoogtepunt en 'n uiteindelike samevattende hoofgedagte.
- In hierdie gelykenis is vier tipe hoorders: dié wat deur Satan beïnvloed word, dié wie se emosies en belewing vlak is, dié wat deur versoekings beïnvloed word, maar ook dié wat die Woord van God met blydskap ontvang..
- In die gelykenis word van vier beelde gebruik gemaak om "geruis" voor te stel. Elke beeld aktiveer ook sekere assosiasies:
  - harde grond (Luk. 8:5 en 12) met die assosiasies van verharding van hart;
  - vlak, onvrugbare grond (Luk. 8:6 en 13) met die assosiasies van gebrek aan diepte in geloofsontwikkeling;
  - dorings (Luk. 8:7 en 14) met die assosiasies van hindernisse wat gesonde groei belemmer en
  - goeie, vrugbare grond (Luk. 8:8 en 15) met die assosiasies van groei en die moontlikheid van ontwikkeling en wasdom.
- Waar die saad val, kan daar belemmerende omstandighede wees wat verhinder dat die saad ontkiem en groei. Net so kan die Woord verkondig word, maar kommunikasiebelemmeringe (geruis) kan voorkom. Die toestand van die grond bepaal die groeipotensiaal van die saad. In dieselfde mate veroorsaak die gesindheid van die hoorder tot watter mate hy die Woord van God ontvang in die prediking, want die gesindheid van die hoorder kan inderdaad 'n struikelblok (geruis) wees.
- Die invloed van die bose in die hoorproses is in die voorafgaande bespreking aangedui. Jesus se gelykenis dui op Satan as die een wat die verkondiging van die Woord teenwerk. Desnieteenstaande bly dit egter die verantwoordelikheid van die hoorder self om sy ingesteldheid so te verander dat die geruis (belemmering) wat Satan veroorsaak, teengewerk kan word.
- Reeds voor die prediking 'n aanvang neem, is 'n bepaalde ingesteldheid aanwesig by die hoorder. Die prediker se spirituele mondering is derhalwe van groot belang om hierdie hindernisse aktief te oorkom Die prediker moet God se Woord in *geloof* saai en vertrou dat die Woord in 'n "goeie" hart sal val.

# Hoofstuk 3

# Metateoretiese perspektiewe op die gesindheid van die hoorder

## Doel en uitgangspunt van die hoofstuk

Weer eens word in hierdie hoofstuk gepoog om aan te toon dat hoordersgesindheid kan funksioneer as geruis ('n kommunikasiestoornis tussen prediker en hoorder) wanneer die boodskap van die Woord in die prediking oorgedra word.

In hoofstuk 1 is gestel dat die studie metodologies aansluit by die model wat Zerfass vir die Praktiese Teologie ontwerp het. Verder is genoem dat die studie op metateoretiese gebied eklekties te werk sal gaan. Aangesien die studie wil bepaal of die gesindheid van die hoorder geruis (kommunikasiehindernisse) kan veroorsaak in die oordrag van die preek (Hoofstuk 2) is dit noodsaaklik om metateoretiese perspektiewe vanuit die grenswetenskappe te ontgin met die oog op die vorming van praktykteoretiese perspektiewe. Dié metode hou in dat toepaslike gegewens uit die Psigologie en Kommunikasiekunde deur analise en interpretasie geselekteer en georden sal word om in die opset van die navorsing in te pas.

Met hierdie werkswyse word erken dat daar raakvlakke bestaan tussen die Praktiese Teologie en die gedragswetenskappe (Kruger, 1999:62). Die Psigologie verskaf gegewens oor die hoorder as mens binne die raamwerk van die invloed wat gesindheid op sy gedrag uitoefen (Kruger, 1999:62). Die hiërargiese behoeftemodel van Maslow sal in hierdie hoofstuk in besonder bespreek word om na te gaan hoe menslike behoeftes gesindheid kan beïnvloed en selfs verander. Die Kommunikasiekunde werp lig op die proses, invloede en belemmeringe van die kommunikasieproses in die prediking (Kruger, 1999:62).

Binne hierdie proses sal veral gelet word op enkele resente kommunikasiemodelle en watter komponente in kommunikasieprosesse teenwoordig is. Die model wat Beebe (2005:12) voorhou, sal in meer besonderhede bespreek word.

Alvorens praktykteoretiese besinning in Hoofstuk 4 kan plaasvind, moet metateoretiese insigte wat verkry word vanuit toepaslike empiriese gegewens, ook ontleed word. Hierdie empiriese gegewens word byeengebring en ontleed op 'n kwalitatiewe wyse, dit wil sê deur middel van onderhoude aan die hand van 'n gestruktureerde vraelys. In Hoofstuk 4 sal basisteoretiese en metateoretiese resultate in 'n hermeneutiese wisselwerking geplaas word om praktykteoretiese perspektiewe te bied. Venter (1996:25) meld dat binne die werklikheid van Praktiese-teologiese ondersoek twee refleksiedomeine aanwesig is, naamlik die kommunikatiewe handelinge in die opskrifgestelde openbaring, en die kommunikatiewe handelinge in die konkrete bediening daarvan in die kerk (vgl. ook Kruger, 2002:110).

In die verdere bespreking sal die volgende aspekte nader toegelig word:

3.1 **Metateoretiese perspektiewe op die gesindheid van die hoorder**

3.1.1 Gesindheid beskou vanuit die hoek van die Psigologie

3.1.2 Enkele kommunikasiemodelle wat nadere toeligting gee op die fokuspunt van hierdie studie

3.1.3 Inligting voorspruitend uit die empiriese werk

## 3.1 Metateoretiese perspektiewe op die gesindheid van die hoorder

Hierdie onderafdeling ondersoek in besonder in watter opsigte hoordersgesindheid kan funksioneer as geruis (kommunikasiestoornis) in die oordrag van die preek. In die bespreking sal die volgende sake aandag geniet:

3.1.1 Gesindheid beskou vanuit die hoek van die Psigologie

3.1.1.1 Ontwikkeling van die term *gesindheid* binne die Psigologie

3.1.1.2 Die hiërargiese behoeftemodel van Maslow

3.1.1.3 Oorreding as metode binne die Sosiale Psigologie om gesindheid te bevorder

3.1.1.4 Samevatting

3.1.2 Kommunikasiemodelle vanuit die Kommunikasiekunde

3.1.2.1 Wat behels kommunikasie?

3.1.2.2 Enkele kommunikasiemodelle met die fokus op resente navorsing

3.1.2.3 Kommunikasieprosesse wat oorreding moontlik maak in die oordrag van die preek

3.1.2.4 Metafoorteorie binne die Sosiale Wetenskappe

3.1.2.5 Die persoon en optrede van die prediker in die voorkoming van geruis


3.1.3 Die bevindings van 'n empiriese ondersoek

## 3.1.1 Gesindheid beskou vanuit die hoek van die Psigologie

Alhoewel in Hoofstuk 2 reeds 'n werksdefinisie van die begrip *gesindheid* gebied is, is dit noodsaaklik om die begrip gesindheid verder metateoreties te beskou.

### 3.1.1.1 Ontwikkeling van die term *gesindheid* binne die Psigologie

Vanuit die hoek van die Psigologie het Triandis (1971:2-4) die volgende definisie van gesindheid gegee: "An attitude is an idea charged with emotion which predisposes a class of actions to a particular class of social situations." Volgens Triandis (1971:2-3) se definisie het gesindheid drie komponente: "(a) A cognitive component, that is, the idea which is generally some category used by humans in thinking, (b) an affective component, that is, the emotion that changes the idea, (c) a behaviour component, that is, a predisposition to action." Skematies word Triandis se definisie (1971:3) soos volg weergegee:




Gesindhede bestaan nie in isolasie nie, maar is in die geheue van die mens aan mekaar verbind. Die aktivering van een gesindheid gee aanleiding tot die aktivering van ander gesindhede (Kruger, 1999:63).


Edwards (1994:2) definieer gesindheid soos volg:

> " the degree of positive or negative affect associated with some psychological object.... In the literature of Psychology, the terms affect and feeling are used interchangeable. An individual who has associated positive affect or feeling with some psychological object is said to like that object and have a favorable attitude toward the object. An individual who has associated negative affect with the same psychological object would be said to dislike that object or to have an unfavorable attitude toward the object."


- **Die korrelasie tussen gesindheid en houding**

In hierdie navorsing word gefokus op *gesindheid*. *Houding* is egter ook 'n begrip wat binne die konsep van gesindheid verstaan moet word. Volgens Plug, Meyer, Louw en Gouws (1986:146) is houding die relatief stabiele, hoofsaaklik aangeleerde ingesteldheid van die individu teenoor sekere objekte (dit wil sê persone, groepe, fisiese voorwerpe en abstrakte sake soos godsdienstige houdings). Hoewel in die algemeen gesê kan word dat houdings wyses is waarop die individu sake kan beoordeel en dat hierdie oordele enersyds saamhang met sy kennis oor en andersyds met sy gedragswyse na aanleiding van sekere sake, bestaan

daar tog meningsverskille oor die presiese aard van houdings. Volgens Plug *et al.* (1986:146) kan veral drie standpunte onderskei word. Hierdie drie standpunte word skematies soos volg uiteengesit:




Baron en Byrne (1986:116) sluit aan by Triandis as gepraat word van die "ABC model of attitudes". Ter verduideliking word 'n "ABC-houdingsmodel" skematies voorgestel.



Volgens Baron en Byrne (1986:116) word elke houding saamgestel uit "a chester of feelings, likes and dislikes, behavioral intentions, thoughts and ideas." Ook meen hierdie outeurs dat gesindhede sosiale persepsies en gedrag vorm (Baron & Byrne, 1994:30).

## Afleidings

- Gesindheid impliseer 'n neiging om te klassifiseer en te kategoriseer en impliseer gevolglik kognitiewe, affektiewe en gedragskomponente.
- Die aanname word gemaak dat 'n mens se gedrag met jou gesindheid sal ooreenstem.
- Uit bogenoemde vloei voort dat indien jy iemand se gedrag wil verander, jy eers sy gesindheid sal moet verander. Die teenoorgestelde is ook waar: as jy iemand sover kan kry om sy gedrag te verander, kan jy terselfdertyd ook daarin slaag om sy gesindheid te verander.
- Gesindheid bestaan uit drie komponente: die kognitiewe komponent (oortuigings), die affektiewe komponent (gevoel) en die konatiewe komponent (gedrag of voornemens). Hierdie komponente impliseer dat gesindheid veranderlik is. Iemand kan dus sy oortuigings, gevoelens en voornemens wel verander.

Bogenoemde afleidings is belangrik vir hierdie studie, omdat gefokus word op die gesindheid van die hoorder as moontlike oorsaak van kommunikasiebelemmering (geruis) in die oordrag van die prediking. In Hoofstuk 1 is die aanname gemaak dat prediking 'n verandering van gesindheid by die hoorder kan laat plaasvind. Op grond van bostaande analogie blyk dit dat (verkeerde) gesindheid (geruis) in die prediking wel verander kan word.

Gesindheid is reeds beskou vanuit die hoek van die Psigologie en daar is ook nagegaan hoe die term *gesindheid* binne die Psigologie ontwikkel het. Op grond van hierdie verkenning is vasgestel dat gesindheidsveranderinge wel kan plaasvind.

Menslike behoeftes word vervolgens nagegaan vanuit die aanname dat 'n mens se gesindheid verander kan word.

### 3.1.1.2 Die hiërargiese behoeftemodel van Maslow

Vos (1995:171-186) voer aan dat hoorders 'n bepaalde verwagting (behoefte) het as hulle na die erediens kom om na God se Woord te luister. Vos (1995:181) stel verder dat daar op voetspoor van Maslow (1970) se hiërargiese behoeftemodel met vyf vlakke rekening gehou moet word. Omdat die mens behoeftegerig is, sal dit 'n invloed hê op die gesindheid waarmee hy die Woord ontvang en daarna luister.


Cilliers (1985:151-175) skryf breedvoerig oor Maslow se rangordelike behoefteteorie. Die belangrikste afleidings wat hy maak en wat toepaslik is vir die aksent van hierdie studie, word puntsgewys aangetoon.

- Maslow het 'n wye spektrum van menslike emosies bestudeer – positiewe aspekte (liefde, meegevoel en opgewondenheid) sowel as negatiewe aspekte (haat, treurigheid en skuld). Met hierdie benaderingswyse het hy die gesonde kant van menslike gedrag en groei na 'n beter persoonlike lewe beklemtoon (Maslow, 1971:45-53).

- Maslow beskou die mens as van nature goed. Hy spreek sy vertroue uit in die mens se vermoë tot positiewe, konstruktiewe groei en ontwikkeling na psigologiese vervulling van sy/haar werklike potensiaal. Ook beskou hy selfaktualisering as 'n aktiewe proses wat vanuit die mens kom (Maslow, 1971:45).

- Die rangordelike behoefteteorie van Maslow impliseer dat elke mens basiese behoeftes het wat hy/sy graag wil bevredig (Maslow, 1954:80).

Die hiërargiese behoeftemodel kan skematies soos volg voorgestel word:




**Oorlewingsbehoeftes**

Maslow (1954:80-81) beskou die behoeftes wat genommer is van 1 tot 4 as oorlewingsbehoeftes. Vos (1995:153) meld dat fisiologiese behoeftes, naamlik eet en drink, rus en seksualiteit, behoeftes is wat mens en dier in gemeen het. Die behoefte aan sekuriteit lê vir Maslow op drie vlakke, naamlik die fisiese vlak, die abstrakte vlak (byvoorbeeld eerder die behoefte aan die bekende as die onbekende) en die ekonomiese vlak (byvoorbeeld die behoefte om aftreegeld te hê). Die vierde behoefte is die behoefte aan erkenning (Maslow, 1954:88) Hierdie behoefte impliseer selfrespek en respek vir ander. Die bevrediging van hierdie twee aspekte van die behoefte aan erkenning lei tot positiewe gevoelens, maar frustrasie hiervan lei tot negatiewe gevoelens (Maslow, 1954:91).

**Die behoefte aan groei en ontwikkeling**

Behoefte 5 word deur Maslow beskryf as 'n behoefte aan groei en ontwikkeling van die self (Maslow, 1954:91-92). Die behoefte aan groei noem Maslow selfaktualisering, dit wil sê om jou optimale potensiaal te bereik. Maslow glo dat slegs 1% van die populasie selfaktualisering bereik (Maslow, 1971:89).

Die genoemde behoeftes kom dus in 'n spesifieke hiërargie voor waarin die voorkoms van een behoefte normaalweg berus op en voortbou op die bevrediging van 'n laer behoefte (Cilliers, 1985:154).

**Kognitiewe behoeftes**

Buite die raamwerk van bogenoemde hiërargie van behoeftes ontstaan ook kognitiewe behoeftes, naamlik die behoefte aan kennis en begrip (Maslow, 1954:96). Hierdie behoeftes sluit onder andere die volgende in: nuuskierigheid, soeke na feite, aangetrokkenheid tot die mistieke en onbekende.

**Estetiese behoeftes**

Laastens noem Maslow ook estetiese behoeftes, omdat Maslow reken dat elke mens negatief geaffekteer word, "siek" word, van lelike dinge om hom. 'n Mens begin dus aktief soek na skoonheid en mooiheid (Maslow, 1954:97).

In Maslow se teorie as geheel speel motivering 'n baie belangrike rol. Maslow onderskei tussen gebreksmotivering en groeimotivering. Aangesien 'n mens daarna streef om sy behoeftes te bevredig, is daar voortdurende motivering om sodanige vervulling te ervaar (Maslow, 1971:289-328).

## Afleidings

Die drie komponente van gesindheid naamlik affeksie, kognitiewe en konatiewe behoeftes hou ook verband met die rangordelike behoefteteorie van Maslow. Affeksie ressorteer onder die estetiese behoefte van die mens. Volgens Maslow is die mens van nature goed, maar die slegte dinge om hom beïnvloed hom; dit maak hom "siek". Daar is dus voortdurende spanning tussen die positiewe en negatiewe gevoelens wat in en om die mens aanwesig is. Die kognitiewe komponent verteenwoordig ook waardes wat vir 'n mens belangrik is. Die konatiewe vlak impliseer ook die behoefte aan erkenning. Die mens neem hom byvoorbeeld voor om sodanig te verander dat ander vir hom respek sal hê.

Hierdie korrelasie tussen gesindheid en behoefte is van kardinale belang vir die prediker in die verkondiging van die Woord omdat dit hom sal help om sy hoorder te verstaan en kommunikasiebelemmeringe (geruis) te voorkom of teen te werk. Vos (1995:182) sê dat 60% van menslike behoeftes op die eerste twee vlakke (fisiologiese en sekuriteitsbehoeftes) lê; 30% op die derde vlak (sosiale behoeftes) en 10% op die vierde en vyfde vlak (die behoefte aan erkenning en selfaktualisering). Die ironie is dat baie predikers in hul prediking slegs fokus op vlakke 4 en 5 (die behoefte aan erkenning en die behoefte aan groei en selfaktualisering).

In die lig van bogenoemde word aangeneem dat die gesindheid van die hoorder wel kommunikasiestoornisse (geruis) kan veroorsaak in die oordrag van die preek as die prediker nie die behoeftes van die hoorder wat na die prediking luister, verstaan nie.

### 3.1.1.3 Oorreding as metode vir gesindheidsverandering: perspektiewe vanuit die Sosiale Psigologie

Omdat motivering vir die mens van kardinale belang is om hom te help om 'n spesifieke behoefte te bevredig, word vervolgens gekyk na die rol van oorreding as metode vir gesindheidsverandering. Nie net die Kommunikasiewetenskappe nie, maar ook die Sosiale Psigologie, beskou oorreding as 'n metode om gesindheidsverandering by die mens te bewerkstellig.

Baron en Byrne (1986: 124-126) behandel aspekte van oorreding en maak veral daarvan melding dat binne die Sosiale Psigologie baie navorsing gedoen is om suksesvolle oorredingstegnieke te ondersoek. Belangrike navorsing wat relevant is vir hierdie studie, is gedoen oor passiewe oorreding (Baron & Byrne, 1986:124). Die belangrikste resultate van Baron en Byrne se ondersoek is onder andere die volgende:

- Kundige kommunikeerders oortuig mense (hoorders) makliker as onbeholpe kommunikeerders.
- Mense word makliker oorreed as hulle dink dat die boodskap van die kommunikeerder nie bedoel was om hulle te verander of te manipuleer nie (Baron & Byrne, 1986:124).
- Mense met 'n lae selfagting word makliker oorreed as mense met 'n hoë selfagting.
- Populêre en aantreklike kommunikeerders is meer effektief as onpopulêre en onaantreklike kommunikeerders (Baron & Byrne, 1986:125).
- Mense word makliker oorreed deur kommunikeerders van wie hulle hou as deur kommunikeerders van wie hulle nie hou nie.
- Wanneer 'n kommunikeerder vrees by sy gehoor inboesem, word hulle makliker oortuig om 'n verandering te maak.

Baron en Byrne (1994:153) toon in meer onlangse navorsing aan dat indien 'n gesindheidsverandering nie bewerkstellig word nie, verset teen oorreding bestaan. Volgens bogenoemde outeurs gee die volgende faktore aanleiding tot weerstand teen verandering:

- Die beskerming van eie persoonlike vryheid.
- Voorafkennis van die inhoud van die oorredende boodskap.
- Selektiewe vermyding ('n proses waartydens hoorders hulle aandag selektief fokus op inligting wat hul gesindheid bevraagteken).

### 3.1.1.4 Samevattend

Die volgende samevattende gedagtes is toepaslik vir hierdie navorsing:

- Met verloop van tyd het die implisiete inhoud en betekenis van die term *gesindheid* binne die Psigologie ontwikkel. Vandag word egter algemeen aanvaar dat gesindheid uit drie komponente bestaan: die kognitiewe, die affektiewe en die konatiewe. (Die kognitiewe komponent dui op oortuigings, die affektiewe op gevoel en die konatiewe op voornemens.)

- Omdat mense behoeftegerig is, sal hulle behoeftes 'n invloed hê op die gesindheid waarin hulle ontvang en luister. In hierdie opsig is Maslow se model van rangordelike behoeftes relevant vir hierdie navorsing. Volgens Maslow kom behoeftes in 'n spesifieke rangorde voor: 'n nuwe behoefte kom na vore as 'n vorige laer behoefte bevredig is. Maslow onderskei vyf basiese behoeftevlakke by die mens: die laagste behoeftevlak is fisiologies. Daarna volg die behoefte aan sekuriteit, gevolg deur sosiale behoeftes en erkenningsbehoeftes. Die hoogste behoeftevlak is selfaktualisering, met ander woorde om jou hoogste potensiaal as mens te bereik. Motivering speel in Maslow se teorie 'n baie belangrike rol . Daarom is die effek van oorreding binne die Sosiale Psigologie ook nagegaan. Oorreding kan dus suksesvol gebruik word om gesindheidsveranderinge te bewerk, maar as oorreding verkeerd toegepas word, kan dit juis positiewe gesindheidsveranderings by die hoorder teenwerk.

- Hierdie hiërargie van behoeftes is belangrik vir die prediker. Die hoorder van die prediking het alreeds 'n bepaalde gesindheid waarmee hy/sy na die prediking luister. Hierdie gesindheid is aanwesig juis omdat daar tans in sy/haar lewe sekere behoeftes

bestaan. Indien die prediker hierdie behoeftes deur oorreding kan hanteer, kan dit die gesindheid van die hoorder betrek en die "geruis" in sy binneste sodoende teenwerk.

## 3.1.2 Modelle vanuit die Kommunikasiekunde

In hierdie onderafdeling word veral gefokus op toepaslike gegewens vanuit die Kommunikasiekunde aangaande die tema van hierdie studie, naamlik dat die gesindheid van die hoorder moontlik kan funksioneer as geruis (kommunikasiestoornis tussen prediker en gehoor) in die oordrag van die preek.

### 3.1.2.1 Wat impliseer kommunikasie?

Om die begrip *kommunikasie* te probeer omlyn, word 'n aantal outeurs se siening van kommunikasie vervolgens nagegaan.

Litfin (1981:16) meen dat effektiewe kommunikasie vir almal belangrik is – nie net vir Christene nie. Bloot vanuit 'n pragmatiese hoek beskou, moet alle lede van 'n gemeenskap met mekaar klaarkom en effektiewe kommunikasie is die beste instrument waaroor ons beskik om dit te doen.

Plug *et al.* (1986:183) stel dat kommunikasie die oordra van inligting van een organisme na 'n ander impliseer. Hierdie kommunikasie geskied deur middel van een of ander simbool- of tekenstelsel, byvoorbeeld deur spraak of gebaretaal.

Louw (1986:592) benadruk dat kommunikasie van so 'n aard moet wees dat dit 'n persoon se aandag trek en boei.

Dingemans (1991:137-138) wys op twee kommunikasieterreine, naamlik massakommunikasie waar een spreker baie mense tegelyk toespreek of waar mense deur die massamedia bereik kan word. Die ander vorm van kommunikasie is persoonlike kommunikasie wat een-tot-een-kommunikasie impliseer en slegs in klein groepies kan plaasvind.

Bang (2004:122) weer stel dat kommunikasie 'n gespreksooreenkoms ("transaction") tussen sender en ontvanger behels. Hierdie gespreksooreenkoms kan nie staties wees of verstaan

word in terme van 'n individuele handeling nie. In wese moet kommunikasie gesien word as dialogies van aard.

Vir Beebe (2005:6) dui kommunikasie op sinontsluiting: Menslike kommunikasie is die proses om sin te maak van die wêreld en daardie singewing met ander mense te deel deur betekenis te skep. Hierdie betekenisskepping word bewerkstellig deur die gebruik van verbale en nieverbale boodskappe.

**Toepaslike elemente op grond van bogenoemde**


- Kommunikasie is 'n proses waardeur inligting van een persoon na 'n ander oorgedra word.
- Kommunikasie is belangrik in die oordrag van 'n preek omdat goeie kommunikasie die effektiwiteit van die prediking kan bevorder.
- Kommunikasie is 'n proses wat verskillende vorms kan aanneem, byvoorbeeld massakommunikasie of 'n persoonlike kommunikasietransaksie.
- Kommunikasie is ook 'n gespreksooreenkoms wat plaasvind tussen 'n sender en 'n ontvanger; daarom impliseer kommunikasie altyd dialoog.
- Kommunikasie moet ook sinvol wees en betekenisvol aan ander oorgedra word.

### 3.1.2.2 Enkele kommunikasiemodelle

Om die funksionering van die prosesse binne die konsep *kommunikasie* toe te lig word drie kommunikasiemodelle kortliks bespreek. Die eerste model is dié van Litfin (1981:19-21), daarna word 'n model van Bang (2004:123) en 'n model van Beebe (2005:12) bespreek. Beebe hou 'n hedendaagse menslike kommunikasiemodel voor waarin geruis as komponent ook aangedui en bespreek word. Die modelle sal die ontwikkeling van die begrip *geruis* binne die kennisveld van die Kommunikasiekunde aandui.

#### 3.1.2.2.1 Litfin se basiese kommunikasiemodel

Litfin (1981:18) benadruk die volgende: Op sy eenvoudigste gestel, behels menslike kommunikasie drie stappe: 'n bron enkodeer sy betekenis in 'n sein, hierdie sein word versend na 'n ontvanger en die ontvanger dekodeer dit en ken betekenis daaraan toe.




Litfin (1981:18-19) benadruk dat die mate waarin die betekenis van die sein wat deur die ontvanger ontvang word, ooreenstem met die boodskap wat die bron beoog het, bepaal of kommunikasie wel plaasgevind het. Na aanleiding van bogenoemde model bespreek Litfin (1981:19-20) die volgende drie aspekte:

(1) Elke kommunikasiehandeling geskied op sy eie ("separate") en diskreet en moet so verstaan word. Hierdie aspek is egter nie altyd so simplisties nie.


(2) Kommunikasie is "liniêr" in die sin dat 'n boodskap altyd in een rigting beweeg, naamlik van die sender na die ontvanger, maar dit word vandag algemeen aanvaar dat kommunikasie ook kringvormig ("circular") is. Die ontvanger van die boodskap speel wel 'n rol in die wyse waarop die sender die boodskap oordra.

(3) Tussen die sender van die boodskap en die ontvanger is daar 'n sein. Dit is dus van belang dat die sender en ontvanger begrip het vir mekaar sodat hulle die sein wedersyds reg kan kodeer of dekodeer.

Bogenoemde aspekte verteenwoordig die basiese elemente in die kommunikasieproses. Dit is interessant dat Litfin aandui dat alhoewel hierdie model lineêr voorkom, die kommunikasieproses nie so simplisties is nie, dat die proses ook kringvormig plaasvind en nog ander invloede in die proses kan meespeel.

#### 3.1.2.2.2 Bang se geïntegreerde model vir die kommunikasieproses

Bang (2004:123) het 'n model vir die kommunikasieproses ontwerp deur die navorsing van Stanley (1982:138), McQuail en Windahl (1983:10) te integreer.




Op grond van bogenoemde voorstelling word dit al duideliker dat erken moet word dat tussen die bron ("source") en die ontvanger ("receiver") invloede is wat die kommunikasieproses infiltreer.

Bang (2004:123) dui onder andere aan dat hierdie invloede versperrings ("barriers") is. Daar is baie potensiële versperrings vir effektiewe kommunikasie. 'n Kommunikeerder moet daarom bewus wees van pogings om 'n kommunikasiekanaal te blokkeer of om die boodskap skeef te trek. Die beste leuse is: Antisipeer versperrings en poog om hulle mettertyd te oorkom (vgl. Bang, 2004:130-131). Geraas as kommunikasiebelemmering ("noise") word deur Bang (2004:131) geïdentifiseer as so 'n versperring.


Bogenoemde gedagtes bring ons by die laaste model wat voorgehou word:

**3.1.2.2.3 Beebe se model vir kommunikasie as interaksie**

Beebe (2005:12) se navorsing handel oor interpersoonlike kommunikasie. As deel van sy navorsing bied Beebe 'n interaktiewe kommunikasiemodel.

Beebe (2005:14) dui self aan dat alhoewel hierdie model nie gebruik kan word vir sy navorsing van interpersoonlike kommunikasie nie, daar wel vandag konsensus is dat hierdie

model geld vir hedendaagse menslike kommunikasieprosesse. Die model word gevolglik voorgehou saam met 'n kort bespreking.




In hierdie model is die volgende komponente (vgl. Beebe, 2005:12):

| Term | Definisie |
|---|---|
| Bron | Persoon met 'n idee/boodskap wat hy/sy vir die ontvanger kodeer. |
| Ontvanger | Persoon/groep wat 'n boodskap wat van die bron af gestuur is, dekodeer. |
| Boodskap | Geskrewe, gesproke of onuitgesproke kommunikasie waaraan mense betekenis gee. |
| Kanaal | Die baan ("pathway") tussen die bron en ontvanger. |
| Geruis | Enigiets letterliks of psigologies wat inmeng met die ontvang en verstaan van 'n boodskap. |
| Kodering | Om idees en gevoelens te vertaal in 'n kode. |
| Dekodering | Om die kode te ontsyfer. |
| Konteks | Fisiese en psigologiese omgewing vir kommunikasie. |

| | |
|---|---|
| Terugvoer | Verbale en nieverbale respons op boodskap. |

Beebe merk op dat sonder geruis (kommunikasiebelemmeringe) alle boodskappe met "sublieme akkuraatheid" gekommunikeer sou kon word. Geruis is egter altyd aanwesig. Geruis kan letterlike geraas wees soos die lawaai van 'n buurman se grassnyer, of dit kan psigologiese geruis wees. Watter soort geruis dit ook al is, geruis staan in die weg van die boodskap en kan dit skeeftrek. Om akkurate boodskappe te kommunikeer behels om sowel eksterne as psigologiese geruis te minimaliseer (vgl. Beebe, 2005:11).

**Afleidings**

- Met die voorhou van bogenoemde drie modelle is dit duidelik dat al hoe meer klem gelê word op invloede wat 'n rol kan speel in die kommunikasieproses en geruis kan veroorsaak of verminder.

- Litfin dui byvoorbeeld aan dat kommunikasie ook kringvormig ("circular") moet wees, alhoewel sy basiese kommunikasiemodel liniêr van aard is. Bang weer benadruk die aspek van versperrings in die kommunikasieproses, terwyl Beebe geruis identifiseer as 'n besliste invloed in die hedendaagse kommunikasieproses.

- Die gevolgtrekking is dat die prediker bewus moet bly dat een of ander vorm van geruis (kommunikasiebelemmering) die oordra van die preek sal affekteer. Hierdie geruis kan letterlik van aard wees, maar kan ook psigologies wees. Sodanige gegewens bevestig die aanname van hierdie studie, naamlik dat die gesindheid van die hoorder (en prediker) wel geruis kan veroorsaak in die oordra van die preek.

### 3.1.2.3 Hedendaagse kommunikasieprosesse wat oorreding moontlik maak

Daar is reeds gestel dat oorreding binne die Sosiale Psigologie as metode gebruik kan word om die gesindheid van mense te verander.

Voorts is dit vanuit die kennisveld van die Kommunikasiekunde duidelik dat invloede in die kommunikasieproses teenwoordig is wat 'n rol speel in die wyse waarop die prediker sy boodskap moet kodeer en oordra aan die hoorder. Op grond van bogenoemde is dit duidelik

dat oorreding uit albei gedragswetenskappe beskou word as 'n oplossing vir sowel gesindheidsverandering as effektiewe kommunikasie.

**Oorreding**

Aangesien reeds gepoog is om die effek van oorreding binne die raamwerk van die Psigologie aan te dui, word oorreding vervolgens binne die konteks van die kommunikasieproses toegelig. Litfin (1981:311-333) skryf breedvoerig oor hierdie onderwerp onder die opskrif "How to deliver your speech" in Hoofstuk 9 van sy studie.

> "We operate according to two different codes when we communicate with one another. The first is the verbal code (Latin, verbum). The basic elements in the verbal code are words. However, we also operate according to a second code, the much less understood nonverbal code. Its rules deal with such things as the way we move, how we hold ourselves, what we look at, and how long, and how close we approach one another in our conversation."
>
> (Litfin, 1981:312)

Die skematiese uiteensetting wat volg, gee 'n samevattende beeld van wat Litfin met bogenoemde uitspraak bedoel.

| **Die wyse waarop die boodskap oorgedra word** | **Hoe werk dit?** | **Die metode wat daarvoor gebruik word** |
|---|---|---|
| Verbale kommunikasie | Deur woorde te gebruik | Gebruik woorde wat verstaanbaar is vir die hoorder |
| Nieverbale kommunikasie | Wanneer gekommunikeer word sonder om woorde te gebruik | 1 *Proxemics* – die gebruik van die ruimte waarin ons kommunikeer<br>2 *Kinesics* – lyftaal – die manier waarop ons deur middel van gebare kommunikeer<br>3 Oogkontak – die manier waarop |

| | | |
|---|---|---|
| | | die kommunikeerder oogkontak hou met sy gehoor<br>4 Fisiese voorkoms – die kommunikeerder moet netjies geklee wees<br>5 Gesigsuitdrukkings – hoe nader iemand aan die gehoor is, hoe belangriker is gesigsuitdrukkings<br>6 *Paralanguage* – verwys na al die dinge wat iemand sê, behalwe na die woorde self |

Op grond van bogenoemde gegewens word afgelei dat 'n kommunikeerder baie kan doen om geruis te voorkom deur sy hoorders te oorreed tot gesindheidsverandering nog voordat enige woord gespreek is.

Bang (2004:183,192-193) sluit in sy navorsing aan by dit wat Litfin sê. Wat verbale kommunikasie betref – veral by die kritiese hedendaagse luisteraar – kan induktiewe boodskappe baie effektief wees. In hierdie opsig betrek Bang (2004:192-193) ook die behoeftes van hoorders deur te stel dat 'n prediker die behoeftes van die hoorders moet ontdek en aandag daaraan gee.

**Verbale en nieverbale aspekte van oorreding**

Die prediker moet bewus wees dat die volgende verbale en nieverbale aspekte baie belangrik is in die kommunikasieproses: Hy moet homself kan inleef in sy boodskap. Die taal wat hy gebruik, moet verstaanbaar wees en die stelwyse eenvoudig. Die vermoë om 'n verhaal goed te vertel is 'n noodsaaklike vereiste in die prediker se toerusting.

Terwyl hy preek, moet die prediker sy stemtoon afwissel om eentonige diksie te vermy. Oortuigende gesigsuitdrukkings kan met vrug aangewend word in die oordrag van die boodskap. Ook goeie oogkontak met sy gehoor is noodsaaklik.

Die prediker moet ook let op die wyse waarop hy die ruimte om hom gebruik terwyl hy die boodskap oordra. Volgens Bang (2004:1992) is "pacing, rhythm, and timing" belangrik.

**Wat behels oorreding?**

Kruger (2002:131) gee die volgende definisie van oorreding: "Oorreding kan beskou word as 'n kommunikasieproses wat streef na die vrywillige vorming, handhawing of veranderinge van gesindhede van hoorders." 'n Verdere belangrike aanname wat Kruger (2002:132) maak, is dat oorredingskommunikasie daarop gerig is om mense se gesindhede en gedrag doelbewus te verander.

Kruger (2002:134) meld ook dat die persepsie wat die hoorder van die kommunikeerder het, 'n prominente rol speel: die vaardigheid en betroubaarheid van die kommunikeerder sal derhalwe 'n bepalende rol speel. So ook het mense sekere voorkeure: selfs in die oorredingsproses het mense 'n natuurlike geneigdheid om met persone te kommunikeer wat dieselfde siening as hulle het. Groepsmening speel ook 'n groot rol in 'n oorredingsproses omdat mense graag aan 'n groep behoort.

Samevattend meld Kruger (2002:163-164) die volgende:

- Die rol van die hoorder in die prediking moet erken word.
- Die prediking moet respek vir die hoorder se behoeftes weerspieël.
- Hoorders moet saamgeneem word in die prediking.

**Die werking van die Heilige Gees**

Dit gaan in prediking oor meer as net die oordra van inligting. In die prediking mag die deurslaggewende aspek van geloof nooit uit die oog verloor word nie. Die prediker is nie op sy eie verantwoordelik vir die oorreding van hoorders nie. Oorreding geskied nie deur middel van dwang en allerlei strategieë nie, maar deur die werking van die Heilige Gees (Kruger, 2002:164).

Hierdie stelling van Kruger veronderstel dat die hoorder oorreed kan word deur die werking van die Heilige Gees. Indien die hoorder oorreed word, beteken dit gevolglik dat sy gesindheid sodanig deur die prediking verander is dat geruis teengewerk word en aandag aan die prediking gegee kan word.

## Afleidings

- Sowel die Psigologie as die Kommunikasiewetenskap bied waardevolle gegewens oor oorreding. Oorredingstrategieë kan binne die vakgebied Psigologie gebruik word om gesindheid te verander. Dieselfde kan gesê word van oorreding binne die raamwerk van die Kommunikasiekunde. 'n Effektiewe kommunikeerder kan deur oorreding die geruis wat die gesindheid van sy hoorder negatief beïnvloed, voorkom.
- Oorreding binne die kommunikasieproses kan sowel verbaal as nieverbaal wees. Die kern van verbale kommunikasie dui daarop dat die kommunikeerder verstaanbare taal en woorde in sy prediking gebruik, terwyl nieverbale kommunikasie dui op alles wat die kommunikeerder in die oordrag van die boodskap gebruik, afgesien van taal en woorde.
- Oorredingskommunikasie moet doelbewus daarop ingestel word om mense se gesindhede en gedrag te verander.
- Dit gaan in prediking oor meer as net die oordra van inligting. Oorreding geskied deur die inwerking van die Heilige Gees en die aspek van geloof mag nooit uit die oog verloor word nie.

### 3.1.2.4 Metafoorteorie binne die Sosiale Wetenskappe

Litfin (1981:311-333) het reeds aangedui dat binne die kommunikasieproses met twee kodes gewerk word, naamlik met verbale en nieverbale kodes. Verbale kodes het te doen met woorde en taalgebruik. In taalgebruik speel metafore 'n belangrike rol, byvoorbeeld om 'n begrip te verhelder (vgl. Smith & Campbell, 2002:1-9). Volgens Smith en Campbell (2002:2) dui metafoor in sy eenvoudigste vorm op "[fi]gures of thought, not figures of speech."

Vervolgens word gekyk na enkele aspekte aangaande metafore en die ontwikkeling van sienings oor die metafoor wat Smith en Campbell (2002) aanstip:

In die negentiende eeu is geglo dat die metafoor in godsdienstige taal 'n bemiddelingsrol speel, maar gedurende die twintigste eeu het hierdie siening verander. Smith en Campbell (2002:2) wys byvoorbeeld op metafore se funksie om konsepte, persepsies of werklikhede wat met God geassosieer word, te formuleer: "Metaphoric language serves as the basis for higher order religious formulations that identify people within the concepts, perceptions, or realities

associated with God." Metafore word dus gebruik om hoër-orde godsdienstige konsepte taalmatig en verstaanbaar vir die hoorder te formuleer.

'n Metafoor bestaan uit twee aktiewe gedagtes wat in permanente spanning teenoor mekaar staan. Waar hulle met mekaar verbind, ontstaan 'n metaforiese uitdrukking (vgl. Smith & Campbell, 2002:4).

Smith en Campbell (2002:4) stel ook dat binne die homiletiek nie genoegsaam rekening gehou is met aanwending van metafore nie. Volgens hierdie twee outeurs sal predikers wat menslike lewens wil verander, die absolute ("sheer") krag van metaforiese taal moet begryp (vgl. Smith & Campbell, 2002:5).

Oor die belangrikheid van Bybelse metafore verwys Smith en Campbell (2002:5) na Paul Scott Wilson se pleidooi dat predikante eie metafore moet skep om Bybelse waarhede vir 'n hedendaagse gehoor oor te dra. Volgens Wilson kan metafore dien as 'n kontakpunt tussen die wêreld van die Bybel en die wêreld van die hoorder. Deur voortdurend van nuwe metafore gebruik te maak kan Bybelse waarhede op 'n nuwe wyse opnuut aan hoorders oorgedra word (Smith & Campbell, 2002:5).

'n Metafoor kan gebruik word om 'n sentrale gedagte beeldend en konkreet voor te stel. Binne die verhaallyn van 'n gelykenis word die boodskap byvoorbeeld metafories oorgedra (soos deur die beelde van saad en goeie grond in die gelykenis van die saaier te gebruik). 'n Gelykenis kan daarom eintlik beskou word as 'n uitgebreide metafoor. Die vertel van 'n verhaal kan derhalwe met die gebruik van metafore meehelp om 'n boodskap oor te dra.

In die Sosiale Wetenskappe is daar 'n groeiende belangstelling vir die aanwending van metafore – dit is daarom vir die doeleides van hierdie studie noodsaaklik om ook daarvan kennis te neem. Deur metafore op 'n toepaslike wyse te gebruik kan die inhoud van die boodskap beeldend en effektief aan die hoorder oorgedra word. Taalgebruik moet vindingryk wees en predikante kan metafore gebruik wat die goeie nuus van die evangelie met nuwe impak oordra (vgl. Carter, 1996:20-24).

Ook Durand (2002:69-70) meld dat metafore aan die lig bring wat op geen ander wyse aan die lig gebring word nie. Die Bybel self maak gebruik van treffende metafore waarvan die kruis seker die grootste metafoor is.

### Afleidings

- 'n Metafoor verbind twee sake met mekaar sodat 'n metaforiese uitdrukking ontstaan.
- 'n Metafoor kan die kontakpunt tussen die wêreld van die Bybel en die wêreld van die hoorder word.
- Vindingryke metafoorgebruik binne die homiletiese proses is 'n tegniek waardeur die waarheid van die Woord in verstaanbare taal en bekende beelde aan die hoorder verkondig kan word. Hierdie aanbiedingswyse kan dus ook daartoe bydra dat die prediking meer direk tot die hoorder spreek en sy/haar gesindheid teenoor die boodskap van die prediking positief kan verander.
- Die prediker moet oorspronklike en eietydse metafore gebruik om die hoorder se aandag te boei in die kommunikering van Bybelse waarhede.

### 3.1.2.5 Die persoon en optrede van die prediker in die voorkoming van geruis

Nie net die prediker se taalgebruik en woordkeuse kan help om geruis te voorkom nie, maar ook aspekte rondom die prediker se persoon en optrede. Kruger (2002:232) skryf dat die persepsie wat hoorders van die predikers het, 'n groot rol speel in oorredingskommunikasie.

Volgens Venter en Kim (2004:149) stel die gemeente sekere geloofs- en gesindheidsvereistes aan die prediker. Volgens hierdie outeurs moet daar in die lewe van 'n prediker kongruensie wees tussen wat gepreek en gedoen word (Venter & Kim, 2004:150). Hierdie outeurs meld verder dat die lewe van die prediker nie primêr bepaal word deur onder andere persoonlikheidstruktuur of kommunikasievaardighede nie, maar dat dit in eerste en laaste instansie gaan om die Heilige Gees se werk om die prediker en preek in kongruensie te bring en te hou (Venter & Kim, 2004:151).

In die lewe en optrede van die prediker kan die volgende persoonlikheidseienskappe bydra om geruis of kommunikasiebelemmeringe in die gesindheid van die hoorder te voorkom of te verander: die prediker se passie vir sy bediening, sy integriteit om God se heilsplan te verkondig, die wyse waarop hy lyding en opoffering dra en verwerk.

**Afleiding**

Die prediker se lewe en optrede is op sigself 'n preek wat 'n invloed het op die wyse waarop die hoorder na sy prediking sal luister. Dit is inderdaad waar dat die lewe van die prediker 'n kommunikasiestoornis by die hoorder kan versterk of teenwerk.

## 3.1.3 'n Empiriese ondersoek na die gesindheid van die hoorder

Hierdie empiriese ondersoek word onderneem om te bepaal of die gesindheid van die hoorder inderdaad 'n kommunikasiestoornis (geruis) tussen prediker en die hoorder kan veroorsaak.

### 3.1.3.1 Noodsaak en metode van die empiriese ondersoek

Leuschner (2004:239) meld in sy navorsing oor atmosfeer in die erediens dat volgens Heystek (2000:168) teologiese teorieë altyd beïnvloed word deur die konteks waarin daar geteologiseer word. In die Praktiese Teologie is hierdie konteks die empiriese werklikheid van die plaaslike gemeente.

Pieterse (1998b:191) wys daarop dat navorsing óf kwantitatief (met ander woorde 'n groot getal respondente) óf kwalitatief (met ander woorde minder respondente, maar 'n meer intensiewe werkswyse) of op albei maniere gedoen word. In hierdie studie word 'n kwalitatiewe metode gevolg. Ook word induktief te werk gegaan: op grond van die gegewens wat deur onderhoude met mense bekom is, word (induktief) tot seker bevindings gekom (vgl. Pieterse, 1990c:81). Vir die doeleindes van hierdie studie is semi-gestruktueerde onderhoude met 'n groep deelnemers gevoer. Op die stadium dat dieselfde tipe inligting konstant herhaal is en dataversadiging dus plaasgevind het, is die onderhoude gestaak.

Steyn, Smit en Du Toit (1987:7) meld dat baie kenmerke van 'n persoon of entiteit nie numeries meetbaar is nie. Inligting oor die kleur van 'n persoon se oë of hare, inligting oor sy gesindheid teenoor sy kerk of teenoor sy werk is data wat nie numeries bepaalbaar is nie. Sodanige inligting word kwalitatiewe of kategoriese data genoem. Oor die gebruik van 'n vraelys laat Steyn *et al.* (1987:39) hulle soos volg uit: "Die beste metode om 'n vraelys by data-insameling te gebruik, word verkry indien die veldwerker dit self invul in die teenwoordigheid van die respondent."

Die doel van hierdie empiriese ondersoek is om vas te stel in watter mate die gesindheid van die hoorder wel 'n stoornis kan veroorsaak in die oordrag van die preek. Verder word gelet op watter aspekte voor en tydens die erediens bepaalde aandagafleiers kan wees, en in watter mate die prediker en die prediking hierdie geruis (stoornis) sodanig kan teenwerk dat die hoorder kan luister en die boodskap inneem.

Vir hierdie studie is persoonlike onderhoude met individue gevoer totdat dataversadiging plaasgevind het, met ander woorde totdat dieselfde toepaslike inligting herhaal is. Reeds vroeg in die onderhoudvoeringsproses is bemerk dat sekere inligting herhalend voorkom. Na veertien onderhoude was die data reeds versadig en 'n paar ekstra onderhoude is gevoer om die inhoud van die respons te bevestig. Twee-en-twintig onderhoude is gevoer met individue uit gemeentes uit twee areas in Bloemfontein. Die een area is in die omgewing van die stad self en die ander area 'n woonbuurt ongeveer 10 km buite die stad.

Die individue wat deelgeneem het aan die onderhoude verteenwoordig die volgende kerkgroepe:

- 7 individue uit die gereformeerde tradisie (G)
- 8 individue uit die Pinkster-Charismatiese tradisie (P)
- 4 individue uit die Katolieke Kerk (K)
- 3 individue uit onafhanklike kerke (O)

Tydens die onderhoudvoering is van deur tot deur beweeg, die individu (respondent) is kortliks ingelig oor die studie en 'n onderhoud wat tussen 20 minute en hoogstens 45 minute geduur het, is gevoer. Die respondent is verseker van sy/haar anonimiteit by die aanvang van die onderhoud en ook weer by die beëindiging van die onderhoud. 'n Vraelys is ingevul waarop die respondente se antwoorde weergegee is. Om te help met die opstel van die profiel van die respondent is sy/haar kerkverband, beroep, ouderdom, geslag en taalvoorkeur aangedui.

Aangesien van 'n semi-gestruktueerde ontwerp gebruik gemaak is, is die inhoud van die antwoorde geanaliseer om die data te bekom. Hierdie metode impliseer die volgende:

- Die vraelys bevat basiese gestruktueerde vrae, maar die respondente kry steeds die geleentheid om kommentaar op die vrae en antwoorde te gee. Hierdie moontlikheid verhoog uiteraard die betroubaarheid van die ondersoek.
- Ja- en nee-antwoorde moet vermy word. Die veldwerker (navorser) moet van opvolgvrae gebruik maak. Daar word uitgegaan van die standpunt dat die ondersoek gaan oor die respondent se subjektiewe belewenis van die vrae en antwoorde op die vraelys.

Oor die metode wat gevolg word met hierdie tipe navorsing merk Smit (1985:160-163) die volgende op:

- Hierdie metode gee die *navorser* die geleentheid om voorbeelde te selekteer en sodoende belangrike inligting in die navorsingsprogram te beklemtoon (Smit, 1985:160).
- Die ontleding van die vraelyste sal oor die algemeen in terme van die konstruksie van taksonomieë wees, met ander woorde 'n klassifikasie volgens natuurlike verwantskappe (Smit, 1985:160).
- Die benadering om die inhoud analities te beskryf, impliseer 'n kwalitatiewe benadering (Smit,1985: 160).
- Die doel van hierdie benadering is volgens Smit (1985:160-161) die volgende:
  - om die onderliggende tendense in die inhoud van die kommunikasieproses te beskryf;
  - om die inhoud van die vrae wat gekommunikeer word, volgens bepaalde standaarde oor te dra;
  - om die oorredingstegnieke te ontleed;
  - om die styl van die kommunikasie te ontleed;
  - om die bydrae van die respondent in verband te bring met die boodskappe wat aan hulle voorgelê is; en
  - om die kommunikasiepatrone te beskryf.

  - Smit (1985:161) beveel die volgende stappe aan by die metode om die inhoud van die antwoorde te analiseer: stel verteenwoordigende vraelyste op; definieer die inhoud van die kategorieë (die inhoud van die kategorieë word deur die doel van die navorsing bepaal). Definieer ook die volgende: die eenhede wat ontleed moet word, die kontekseenhede, die kwantifiseringstelsel.

- Volgens Smit (1985:161) is kategorisering seker die belangrikste stap in inhoudsanalise. Binne die keuse van kategorisering is daar volgens Smit (1985:161-162) vyf belangrike eenhede vir inhoudsanalise, waarvan tematisering een is. Vir die doel van hierdie navorsing is die metode soos volg toegepas:

**Kategorisering**: Die belangrikste kategorie is om vas te stel of die *gesindheid van die hoorder geruis (kommunikasiestoornis tussen prediker en gehoor) kan veroorsaak in die oordrag van die preek.*

Om bogenoemde doel te bereik, is sekere temas in die vraelys verwoord. Die doel met die insluiting van hierdie temas was om die data wat bekom is, na afloop van die onderhoude en die voltooiing van die vraelyste analities te ontleed. Daar moet daarop gelet word dat gesindheid betrek word in alle fasette wat deur die verskillende temas aangeraak word.

**Kategorie:** Die gesindheid van die hoorders as geruis in die oordrag van die preek.

**Algemene vraag**

**Tema 1** Bepaal die *algemene gesindheid* van die respondent teenoor sy/haar belewing van die erediens en die prediking

**Spesifieke vrae**

**Tema 2** Die respondent se *spesifieke* gesindheid teenoor die prediking

**Tema 3** Die respondent se gesindheid teenoor *fisiese geraas* tydens die erediens

**Tema 4** Die respondent se *sosio-ekonomiese posisie* en in watter mate dit sy gesindheid beïnvloed in die belewing van die erediens en die preek

**Tema 5** Die respondent se gesindheid teenoor die *prediking* en *prediker* en sy/haar belewing daarvan

**Tema 6** Die respondent se *gemoedstoestand* tydens die erediens en prediking

**Tema 7** Die respondent se gesindheid teenoor sy/haar *kerk*

Skematiese voorstelling vir hierdie metode:

**Die metode van inhoudsanalise**

|

**Die ontleding van die data deur**

|

**Kategorisering** (die bepaling van 'n doelwit)

|

**Tematisering** (die bepaling van die subdoelwit om doelwitte te bereik)

**Tema 1** **Tema 2** **Tema 3** **Tema 4** **Tema 5** **Tema 6** **Tema 7**

**Die ontleding van subdoelwitte om hoofdoelwit te bevestig al dan nie**

Op grond van bogenoemde semi-gestruktureerde ondersoek wat gekategoriseer en verder in kleiner temas verdeel is, kan die navorser homself wetenskaplik verantwoord oor die respondent se ervaring van die navorsingsonderwerp.

Een algemene en sewe spesifieke uiteenlopende gesindhede van die kerkganger as hoorder is subjektief getoets om te bepaal of gesindheid enigsins 'n geruis in die homiletiese proses veroorsaak. Tema 5 handel spesifiek oor die gesindheid (gemoedstoestand) van die hoorder – 'n aspek wat sentraal is in hierdie studie.

Die metode is wetenskaplik verantwoordbaar en kan as sowel geldig as betroubaar aanvaar word, omdat dit as 'n beproefde metode vir kwalitatiewe ontleding beskou word.

Die tendense wat in die respondente se terugvoer voorkom, sal bespreek word. Die bevindings op grond van die terugvoer sal breedvoerig gerapporteer, ontleed en geëvalueer word.

**Die etiese implikasie van vrae stel**

Hierdie aspek moet deesdae in empiriese navorsing figureer om die navorsingsinstelling of universiteit te beskerm. Die respondente word gevolglik ingelig dat die inligting vertroulik hanteer word en dat hulle anonimiteit beskerm sal word. Hierdie onderneming word ook op die vraelys aangetoon.

Met bogenoemde in gedagte lyk die basiese vraeraamwerk waarvolgens die gesprek gevoer is, soos volg:

| Geslag | M | V | |
|---|---|---|---|
| Taalvoorkeur | Afr | Eng | Ander |

Kerkverband ______________________________

Ouderdom ______________________________

Beroep ______________________________

### Algemene belewenis van die respondent

Vertel my asseblief van u belewenis as u tydens 'n erediens in die kerk is, byvoorbeeld u gevoelens, gemoed en dinge wat spesifiek u aandag kan aflei. (Die doel met hierdie algemene vraag is om die respondent op sy gemak te stel.)

| Gevoelens | Gemoed | Aandagafleiers |
|---|---|---|
| | | |

**Meer spesifieke vrae**

**Die kerkganger se vermoë om 'n preek te volg**

| Vrae | Navorser se notas |
|---|---|
| • Kan u dalk iets onthou van die laaste preek wat u gehoor het? | |
| • Was die preek kort of lank? Weet u dalk hoe lank die preek geduur het? | |
| • Kan u die Skrifgedeelte onthou? Ou of Nuwe Testament, die Bybelboek of die teksvers? | |
| • Wat het die preek vir u beteken? | |
| **Fisiese geraas in die kerk** | |
| • Glo u dit moet stil wees in 'n kerk? Hoekom? | |
| • Pla geraas in die kerk u terwyl u na die preek luister? Op watter wyse? | |
| • Pla dit u as kinders in die kerk raas en speel? Hoe voel u as dit gebeur? | |
| • Kan u hoor wat buite die kerk aan die gang is terwyl die prediker preek? Wat hoor u? | |
| **Kerkganger se sosio-ekonomiese posisie** | |
| Het die volgende faktore 'n invloed op u as u kerk toe gaan en na die preek luister? Dink u hierdie faktore sal ander mense beïnvloed? | |
| • U finansiële posisie – is dit goed of sleg? | |
| • U huweliksgeluk? Dink u oor die algemeen dat die graad van huweliksgeluk 'n hoorder sal beïnvloed? | |
| • U werksituasie? Dink u die invloed van prediking kan 'n positiewe invloed hê op u werksituasie? Verduidelik | |

| | |
|---|---|
| • U gesondheid? Dink u dit is moeiliker om te luister as u siek is? Verduidelik. | |
| • Skuldgevoelens? As u weet u het iets verkeerd gedoen, hoe luister u? | |
| **Die aard van die prediking** | |
| • Van watter tipe preke hou u? | |
| • Is daar sekere tipe preke wat u ontstel? Beïnvloed dit die wyse waarop u luister? | |
| • Maak u notas van preke waarna u luister? | |
| • Dink u die voorkoms en preekstyl van die prediker kan 'n invloed uitoefen op die luisteraksie van die hoorder? | |
| **Die kerkganger se gemoedstoestand** | |
| Lees vooraf Galasiërs 5:22 | |
| • Watter vrug van die Gees is u sterk punt? | |
| • Watter vrug is u swak punt? | |
| • Is u oor die algemeen 'n kritiese persoon? Motiveer. | |
| • Is u 'n sensitiewe persoon? Motiveer. | |
| • Het u gemoedstoestand 'n invloed op u as u kerk toe gaan en na die preek luister? Indien wel, op watter manier? | |
| • Glo u die erediens en die prediking kan u gemoedstoestand verander? Indien wel, op watter wyse? | |
| **Die kerkganger se betrokkenheid in die gemeente** | |
| • Gaan u gereeld kerk toe? Hoe gereeld? Weekliks of maandeliks? | |
| • Dien u op enige raad of instansie by u kerk? | |
| • Voel die gemeentelede vir u soos u familie? | |

| | |
|---|---|
| • Het u al ooit van kerk verander? Indien wel, wat was u redes daarvoor? | |

Bedank die persoon en verseker hom/haar van anonimiteit en vertroulikheid en vra of daar enige laaste opmerking is.

### 3.1.3.2 Vraelys

Vraag 1 is 'n algemene vraag om die respondente op hulle gemak te stel. Met hierdie vraag word die eerste tema van die ondersoek betrek, naamlik die algemene gesindheid van die respondent teenoor sy belewenis van die erediens en die prediking. Gesindheid word op drie vlakke getoets, naamlik die *gevoelens* wat die hoorder ervaar, die *gemoedstoestand* waarin hy/sy tydens die erediens is en die *aandagafleibare aspekte* in die algemeen waarvan hy/sy bewus is.

Vraag 2 betrek meer spesifieke vrae en word van tema 2 tot tema 7 uiteengesit. Daar word begin deur te probeer vasstel wat die kerkganger se algemene vermoë is om 'n preek te volg. In die volgende afdeling word fisiese geraas in die kerk aangeraak en hierop volg 'n gedeelte oor die kerkganger se sosio-ekonomiese posisie en die kommunikasiebelemmering (geruis) wat dit moontlik kan veroorsaak in die luisterproses. In die volgende afdeling is veral die laaste twee subvrae van belang, naamlik of die kerkganger notas maak van die preek en die vraag oor die invloed van die voorkoms en styl van die prediker. Die tema wat handel oor die gemoedstoestand van die kerkganger is veral belangrik vir hierdie studie. Laastens word bepaal hoe aktief die kerkganger in sy gemeente is, omdat dit die betroubaarheid van die antwoorde wat gegee word, kan bepaal.

Daarna word die respondent bedank vir sy tyd en is die onderhoud afgehandel.

### 3.1.3.3 Respons

Vervolgens word die antwoorde wat die respondente gegee het, bespreek. Die antwoorde word weergegee en bespreek. Waar nodig word sekere bevindings in tabelvorm weergegee. Ja- en nee-antwoorde moet met omsigtigheid hanteer word; daarom word eerder verwys na positiewe en minder positiewe reaksie op die vrae. Deur die respons te ontleed, word gepoog om aan te toon dat geruis oor die algemeen, maar spesifiek die gesindheid van die hoorder, 'n stoornis in die hermeneutiese proses kan wees.

**Tema 1: Eerste vraag oor *gesindheid* in die algemeen**

Hierdie inleidende en eerste vraag toets die algemene gesindheid van die respondent aangaande sy belewing van die erediens en die prediking (tema 1). Die respondent word toegelaat om die praatwerk te doen. Dit was opmerklik dat nie al die respondente hulle gevoelens en gemoedstoestand kon beskryf na aanleiding van die algemene vraag nie, maar dat die aard van aandagafleiers prominent voorkom in hul antwoorde. Aangesien die studie handel oor geruis, word die aandagafleiers vervolgens behandel:

**Tema 1: Aandagafleiers**

| **Aandagafleiers** | **G** | **P** | **K** | **O** | **Totaal** | **%** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Niks trek aandag af nie | 2 | 0 | 1 | 0 | 3 | 13,64 |
| Ander mense/kinders | 3 | 5 | 1 | 1 | 10 | 45,45 |
| Klanke | 1 | 1 | 2 | 1 | 5 | 22,73 |
| Eie gedagtes | 1 | 2 | 0 | 1 | 4 | 18,18 |

Oor die algemeen blyk dit dat kinders wat in die kerk rondloop en mense wat laat kom, die grootste aandagafleiers is. 'n Interessante feit is dat 18,18% van die respondente aangedui het dat hulle eie gedagtes hulle aandag aflei. In hierdie verband is aspekte soos die volgende genoem: kos wat tuis op die stoof is, bekommernisse of allerhande ander dinge wat in hulle gedagtes is. Dat hoorders se aandag wel afgelei kan word, is ervaar deur 86,36% van die respondente.

**Meer spesifieke vrae (temas 2 tot 7)**

Hierdie kategorie betrek meer spesifieke vrae en poog om die voorkoms van moontlike geruis (kommunikasiestoornisse) verder te ondersoek. Hierdie vraag bestaan uit 6 temas, wat deur die respondente geantwoord en beredeneer is.

**Tema 2**

Met tema 2 is gepoog om vas te stel in watter mate die respondent luister na die prediking, sonder om net aan te neem dat 'n aandagafleier die rede is dat hy/sy nie luister nie. Die bevindinge word skematies soos volg voorgehou:

**Tema 2: Gesindheid teenoor die *prediking***

| **Vraag** | **G** | **P** | **K** | **O** | **Totaal** | **%** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Kan u die laaste preek waarna u geluister het, onthou? | 5 | 6 | 2 | 2 | 15 | 68,18% |
| Was die preek kort of lank? | 7 | 8 | 3 | 3 | 21 | 95,45% |
| Was die preek uit die Ou of Nuwe Testament? | 6 | 6 | 1 | 3 | 16 | 72,73% |
| Het die preek vir u iets beteken? Motiveer u antwoord | 7 | 7 | 3 | 3 | 20 | 90,91% |

Dit was interessant dat slegs 68,18% van die respondente die laaste preek waarna hulle geluister het, kon onthou, maar dat 95,45% kon onthou of die preek kort of lank was. Hierdie inligting bewys sonder twyfel dat die lengte van 'n preek 'n invloed op die luisteraksie het.

'n Baie verblydende aspek is dat 90,91% van die respondente aangedui het dat hulle die betekenis van die laaste boodskap wat hul gehoor het, kan onthou.

**Tema 3**

Die bevindinge aangaande fisiese geraas as aandagafleier tydens die prediking word soos volg uiteengesit:

**Tema 3: Gesindheid teenoor *fisiese geraas***

| **Vraag** | **G** | **P** | **K** | **O** | **Totaal** | **%** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Glo u dat dit in 'n kerk stil moet wees? | 6 | 6 | 1 | 2 | 15 | 68,18% |
| Pla geraas tydens die prediking u? | 1 | 3 | 2 | 2 | 8 | 36,36% |
| Pla kinders wat raas u? | 3 | 6 | 1 | 3 | 13 | 59,05% |
| Pla geraas buite die kerk u? | 5 | 6 | 1 | 3 | 15 | 68,18% |

Dit is insiggewend dat 68,18% van die respondente voel dat dit in 'n kerk stil moet wees. Fisiese geraas binne en buite die kerk word as steurend ervaar en lei tot gevoelens van frustrasie en is sterk aandagafleiers.

**Tema 4**

Tema 4 toets in watter mate die respondent se sosio-ekonomiese posisie sy/haar gesindheid beïnvloed in die belewing van die erediens en die preek. Die bevindinge word skematies soos volg uiteengesit:

**Tema 4: *Sosio-ekonomiese posisie* en gesindheid**

| **Vraag** | **G** | **P** | **K** | **O** | **Totaal** | **%** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Finansiële posisie | 7 | 6 | 3 | 2 | 18 | 81,82% |
| Huweliksgeluk | 7 | 8 | 2 | 3 | 20 | 90,91% |
| Werksituasie | 6 | 8 | 3 | 3 | 20 | 90,91% |
| Gesondheid | 7 | 4 | 2 | 3 | 16 | 72,73% |
| Skuldgevoelens | 6 | 8 | 4 | 3 | 21 | 95,45% |

Hierdie resultate bevestig die aanname wat in Hoofstuk 3 gemaak word, naamlik dat 'n mens se behoeftes 'n groot invloed het op die gesindheid waarmee kerkgangers luister na die preek. Gesondheidstoestand as moontlike afdagafleier is al faktor wat onder 80%

geregistreer het. Die rede hiervoor is dat heelwat respondente aangedui het dat hulle nog nooit ernstig siek was nie, maar tog glo hulle dat jou gesondheidsgraad 'n invloed op jou gemoedstoestand kan hê.

Die vraag waarom skuldgevoelens onder hierdie tema (sosio-ekonomiese situasie) bespreek word, is omdat mense skuldig mag voel oor sekere besluite wat hulle dalk oor hul finansies en selfs hulle huwelik of werk geneem het. 95,45% van die respondente het gevoel dat hulle gewete hulle aankla terwyl hulle na die prediking luister. Met al die onderhoude was die atmosfeer wat na aanleiding van hierdie vrae ontstaan het meer ernstig en selfs somber. Verdere studie op hierdie gebied kan oorweeg word.

**Tema 5**

Met hierdie tema is die respondent se gesindheid teenoor prediking, die prediker en belewing van die erediens getoets.

Opbouende preke, preke oor die liefde en leersame preke is die tipe preke waarvan die respondente die meeste hou. Respondente uit die Pinkstertradisie het ook genoem dat demonstratiewe preke vir hulle baie beteken.

Preke oor die eindtyd en hel, asook "klipgooi"-preke, dit wil sê aanvallende preke is uitgesonder as die tipe preke wat respondente die meeste ontstel. Predikers wat te hard praat of langdradig preek, blyk ook 'n probleem te wees.

Belangrik vir hierdie studie is die respons op die laaste twee vrae onder hierdie tema. Die resultate daarvan word skematies weergegee:

**Tema 5: Gesindheid teenoor *prediking* en *prediker***

| Vraag | G | P | K | A | Totaal | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Maak u notas van die preke? | 5 | 4 | 1 | 1 | 11 | 50% |
| Dink u die voorkoms en die styl van die prediker het 'n invloed op die luisteraksie? Gee redes vir u antwoord. | 7 | 8 | 4 | 3 | 22 | 100% |

Die vraag oor die maak van notas oor preke wat aangehoor word, is met 'n sekere doel gevra, want die respondente wat notas maak, is geneig om meer aandagtig na die prediking te luister en dit kan help om geruis teen te werk.

Al die respondente was dit eens dat die voorkoms en styl van die prediker hulle met die luisteraksie help. Die respondente van die Rooms-Katolieke kerk het wel aangedui dat hulle kerk groot is en die prediker se voorkoms nie altyd duidelik sigbaar is nie; tog is hul van mening dat die prediker te alle tye netjies moet voorkom.

**Tema 6**

Hierdie tema, naamlik die gemoedstoestand van die kerkganger, is 'n kernmoment in hierdie studie. Na 'n paar algemene vrae is Galasiers 5:22 voorgelees. Daarna is die respondente gevra watter vrug in die Skrifgedeelte ooreenstem met hul sterk punte en daarna watter vrug ooreenstem met hul swakker punte. Hierna is die respondente gevra of hulle self voel dat hulle kritiese of sensitiewe persone is. Hiermee is die aandag op hul gemoedsamestelling gevestig. Daarna is die laaste twee vrae gevra.

Die resultate van die vrae word vervolgens skematies weergegee:

**Tema 6: Die respondent se gemoedstoestand**

| Vraag | G | P | K | O | Totaal | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Het u gemoedstoestand 'n invloed op u as u kerk toe gaan en na die preek luister? | 7 | 7 | 4 | 3 | 21 | 95,45% |
| Dink u die prediking en die erediens kan u gemoedstoestand verander? | 7 | 8 | 4 | 3 | 22 | 100% |

Die resultate van hierdie vraag bevestig die aanname van hierdie studie soos in Hoofstuk 1 uiteengesit, naamlik dat die gesindheid van die hoorder 'n geruis (kommunikasiestoornis tussen prediker en gehoor) in die oordrag van die preek kan wees. Ook het al die respondente bevestig dat die erediens en die prediking wel hul gemoedstoestand kan verander.

Dataversadiging op hierdie twee vrae is reeds na 'n paar onderhoude bereik. Die woord "definitief" is deur baie van die respondente gebruik om hulle antwoord op hierdie vraag weer te gee.

**Tema 7**

Deur hierdie aspek te betrek, is gepoog om die betroubaarheid van die respondente se antwoorde as bron vir hierdie studie bevestig. Die resultate word skematies soos volg weergegee:

**Tema 7: Gesindheid teenoor *kerk***

| Vraag | G | P | K | O | Totaal | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Gaan u gereeld kerk toe? | 6 | 6 | 3 | 2 | 18 | 81,82% |
| Dien u op 'n raad of komitee in die kerk? | 3 | 3 | 2 | 2 | 10 | 45,45% |
| Voel die gemeente soos u familie? | 6 | 8 | 4 | 2 | 20 | 90,91% |


| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Is u trots op u kerk en prediker? | 7 | 8 | 4 | 3 | 21 | 95,45% |
| Het u al van kerk verander? | 6 | 6 | 4 | 3 | 19 | 86,36% |

Sommige van die redes waarom 86,36% van die respondente al van kerk verander het, was die volgende: Persoonlike aandag was vir 8 van die respondente die rede vir hul oorgaan na 'n ander kerk, die predikant was vir 4 die rede om oor te gaan na 'n ander kerk. Verder het 4 respondente weens geloofsoortuiging en 3 weens verhuising 'n verandering gemaak. Drie van die respondente het aangedui dat hulle nog nooit van kerk verander het nie.

**Geheelbeeld**

Die gemiddeld van al die vrae uit tema 2 tot 7

Gesindheidskaal




Die kolomme dui temas 2 tot 7 aan asook die gemiddelde persentasie response op die vrae. Op grond van hierdie gegewens kan afgelei word dat hoorders se gesindheid tydens die aanhoor van die prediking beïnvloed kan word deur veral die volgende twee aspekte: sy/haar *sosio-ekonomiesie posisie* (86,36% is geregistreer by tema 4) en die *gemoedstoestand* van hoorders (97,73% by tema 6). Hierdie twee aspekte is dus spesifiek uitgesonder as die grootste stoornisse in die hermeneutiese proses.

**Samevattend**

Aangaande tema 1 (die algemene gesindheid van die hoorder teenoor die belewing van die prediking) het die respondente aangedui dat net 18,18 % deur hul eie gedagtes gekwel word

tydens 'n erediens en die aanhoor van die prediking. Die antwoorde op die spesifieke vrae (temas 2 tot 7) het 'n baie hoër persentasie geregistreer wat beslis daarop dui dat die kommunikasiestoornisse wat die hoorders ervaar het, beduidend groter was. Die antwoorde byvoorbeeld het na vore gebring dat 95,45 % van die respondente ervaar dat skuldgevoelens 'n belemmering is wanneer hulle na die prediking luister tydens 'n erediens. So ook het 95,45% van die respondente aangedui dat hulle gemoedstoestand 'n invloed op hulle gesindheid het as hulle luister. Op die vraag of hulle dink dat die inhoud van die prediking hulle gemoedstoestand kan verander, het 100% van die respondente geantwoord dat hulle wel so dink.

**Afleiding**

Op grond van bogenoemde gegewens kan afgelei word dat die gesindheid van die hoorder wel kan funksioneer as kommunikasiestoornis (geruis) in die oordrag van die preek. Die atmosfeer in die erediens, die prediking en die persoon van die prediker kan egter 'n beduidende invloed hê om hierdie gesindheid teen te werk. Laasgenoemde bevestig die afleidings wat met die basisteoretiese perspektiewe in Hoofstuk 2 aangedui is.

Skematies word die resultate weergegee in terme van die metode van inhoudsanalise

Binne die metode wat geselekteer is om hierdie onderhoude te voer, naamlik die metode van inhoudsanalise, is die resultate soos volg:

Die metode van inhoudsanalise

Die ontleding van die data deur

Kategorisering – die gesindheid van die hoorder as oorsaak van kommunikasiestoornis (geruis) in die oordrag van die preek

Tematisering

| Tema 1 Aandagafleiers tydens die erediens en die prediking | Tema 2 Gesindheid teenoor die prediking | Tema 3 Gesindheid soos dit beïnvloed word deur fisiese geruis | Tema 4 Gesindheid soos dit beïnvloed word deur sosio-ekonomiese behoeftes | Tema 5 Gesindheid soos dit beïnvloed word deur die belewing van die prediking en die prediker | Tema 6 Gemoeds-toestand van die hoorder | Tema 7 Gesindheid teenoor die kerk |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Bevinding<br><br>86,36% van die respondente antwoord dat hulle aandag wel afgelei word tydens die erediens en die prediking | Bevinding<br><br>81,82% van die respondente ervaar 'n positiewe gesindheid teenoor die prediking. | Bevinding<br><br>61,35% van die respondente antwoord dat fisiese geruis wel 'n invloed het en hulle gesindheid tydens die prediking beïnvloed | Bevinding<br><br>86,36% van die respondente ervaar dat hul sosio-ekonomiese situasie hul gesindheid beïnvloed | Bevinding<br><br>75% van die respondente beleef dat die preek en prediker 'n positiewe uitwerking het op hul gesindheid | Bevinding<br><br>97,73% van die respondente ervaar dat hul gemoed 'n uitwerking het op hul gesindheid | Bevinding<br><br>80% van die respondente voel positief oor hul kerk |

**Gevolgtrekking** – die belangrikste aanname van hierdie studie word bevestig, naamlik dat die gesindheid van die hoorder 'n geruis (kommunikasiestoornis tussen prediker en gehoor) in die oordrag van die preek kan veroorsaak.

# HOOFSTUK 4

# Praktykteoretiese perspektiewe op die gesindheid van die hoorder

## 4.1 Doel en uitgangspunt van die hoofstuk

In hierdie hoofstuk val die klem op praktykteoretiese perspektiewe in die nagaan van moontlike kommunikasiestoornisse (geruis) tussen die prediker en sy gehoor in die oordrag van 'n preek.

'n Praktykteorie beskryf hoe 'n basisteorie in die praktyk behoort te funksioneer (Venter, 1996:89). In Hoofstuk 1 is reeds aangetoon dat nuwe praktykteorieë gevorm word deur die hermeneutiese wisselwerking tussen 'n basisteorie enersyds en 'n bestaande situasie andersyds. Die teorievorming vind plaas vanuit die perspektief van 'n bepaalde basisteoretiese en metateoretiese visie (Pieterse, 1991:138). Venter (1996:90) toon ook aan dat die begrip praktykteoreties nie resepmatigheid met die oog op die praktyk beteken nie, maar wel dat dit prakties-teologiese navorsing vanuit 'n bepaalde teorie impliseer. In hierdie hoofstuk sal praktykteoretiese perspektiewe gebied word as 'n uitvloeisel van die wisselwerking wat reeds tussen die ontginde basisteorieë en metateorieë aangetoon is. Vir hierdie doel word inleidend 'n kort oorsig van Hoofstuk 2 en Hoofstuk 3 gebied.

### 4.1.1 Basisteoreties

- Drie belangrike begrippe, naamlik *prediking, gesindheid* en *geruis* is verhelder en van nader beskou. Van hierdie drie word prediking in die gemeentelike bediening beskou as een van die belangrikste wyses van toerusting.

- Vir die doeleindes van hierdie studie word prediking gesien as die kommunikasie van God se Woord aan die gemeente deur sy geroepe diensknegte. In hierdie kommunikasie van die boodskap van die Woord moet die behoeftes van die hoorders ook betrek word en neem die gesindheid waarmee die hoorder die boodskap ontvang, 'n belangrike plek in.


- Drie belangrike dimensies in die oordrag van die Woord in die prediking is van kardinale belang: die inwerking van die Heilige Gees; die werk van die prediker en die gesindheid van die hoorder.

- Gesindheid is 'n ingesteldheid wat reeds by die hoorder bestaan voor die aanvang van die erediens – 'n gesindheid wat negatief of positief ingestel kan wees. Die Heilige Gees kan 'n gesindheid egter verander sodat die hoorder se lewe deur geloof gerig word op God se Woord.

- *Geruis* verwys na alle aspekte wat belemmerend inwerk op die oordrag van die preek en wat veroorsaak dat die hoorder nie die boodskap wat oorgedra word, reg verstaan nie.

- Geruis is vir die doeleindes van hierdie studie verstaan as die kommunikasiestoornis wat tussen die prediker en die hoorder ontstaan as gevolg van faktore wat die gesindheid beïnvloed waarmee die hoorder luister.


**Die wisselwerking tussen prediking, gesindheid en geruis in die homiletiese proses**




### 4.1.2 Metateoreties

- Gesindheid impliseer drie komponente: kognitiewe komponente (oortuigings), affektiewe komponente (gevoel), en konatiewe komponente (gedrag of voornemens). Omdat oortuigings, gevoelens en gedrag of voornemens kan verander, kan ook afgelei word dat dit moontlik is dat gesindheid verander kan word.
- Die behoeftes van die mens is een aspek wat gesindheid kan verander. Omdat die mens behoeftegerig is, sal dit 'n invloed hê op die gesindheid waarmee hy die boodskap van die Woord ontvang en daarna luister.

- Oorreding word binne die Sosiale Psigologie ook as 'n metode beskou om gesindheidsverandering te bewerkstellig.
- Indien 'n mens se spesifieke behoeftes nie betrek word nie, of as oorreding nie daarin slaag om 'n gesindheidsverandering te bewerkstellig nie, kan sy gesindheid in 'n negatiewe rigting ontwikkel en tree verset in.




- Buiten gegewens vanuit die gesigshoek van die Psigologie wat help om die term gesindheid beter te verstaan, is dit ook nodig om te kyk watter bydrae die Kommunikasiekunde in hierdie opsig kan lewer. Kommunikasie kan beskryf word as die proses waardeur inligting van een persoon na 'n ander oorgedra word. Omdat kommunikasie altyd 'n dinamiese proses is, is daar gelet op die ontwikkeling van die kommunikasiesisteem deur drie kommunikasiemodelle te bespreek, naamlik Litfin se basiese kommunikasiemodel, Bang se geïntegreerde model vir die kommunikasieproses en Beebe se model vir kommunikasie as interaksie. Dit is

interessant om daarop te let dat toenemend erken word dat een of ander vorm van geruis die kommunikasieproses in die oordrag van die boodskap kan affekteer. Die nut en waarde van hedendaagse kommunikasietegnieke word ook in meerdere mate beklemtoon omdat dit geruis kan teenwerk en oorreding in die prediking moontlik kan maak.

- Ook die gebruik van metafore kan daartoe bydra dat die boodskap van die Woord effektief oorgedra word. In sy eenvoudigste vorm verbind 'n metafoor twee aktiewe gedagtes waardeur 'n metaforiese uitdrukking ontstaan. Sodoende bied 'n metafoor 'n raakpunt tussen die wêreld van die Bybel en die wêreld van die hoorder.
- Die prediker is kommunikeerder nie net in wat hy sê nie. Hy kommunikeer ook deur die wyse waarop hy leef, optree en deur sy verhoudinge.

In die hermeneutiese wisselwerking tussen basisteorie en metateorie sal die volgende insigte wat uit die empiriese ondersoek na vore gekom het, ook weergegee en verder geïntegreer word.

4.2 Praktykteoretiese perspektiewe op die prediker en die prediking in die oordrag van die Woord
4.3 Praktykteoretiese perspektiewe op die gesindheid van die hoorder in die oordrag en ontvang van die Woord
4.4 Praktykteoretiese perspektiewe op geruis as kommunikasiestoornis tussen die prediker en die hoorder
4.4 'n Samevatting van die praktykteoretiese perspektiewe op die gesindheid van die hoorder as geruis in die oordrag van die preek – 'n praktiese uiteensetting

## 4.2 Praktykteoretiese perspektiewe op die prediker en prediking in die oordrag van die Woord

In Hoofstuk 2 is basisteoreties aangetoon dat daar reeds 'n ingesteldheid by die hoorder bestaan voordat die boodskap van die Woord gekommunikeer word, maar dat die prediker en die prediking wel 'n gesindheidsverandering kan bewerkstellig.

In Hoofstuk 3 is aangetoon dat die konsep van geruis sterk figureer binne die hedendaagse Kommunikasiekunde, maar dat gesindheidsverandering teweeggebring kan word langs die weg van oorredingskommunikasie. Die Sosiale Psigologie bied verskeie oorredingstegnieke om gesindheid te verander.

Vervolgens word 'n oorsig gebied van die wisselwerking tussen basisteoretiese en metateoretiese gegewens

## 4.2.1 Skriftuurlike grondslag

### 4.2.1.1 'n Omskrywing van *prediking*


- In die homiletiese proses is daar drie belangrike komponente, die Heilige Gees, die prediker en die hoorder.
- Prediking is 'n wyse van toerusting waardeur die prediker die Woord van God aan die hoorder oordra en verduidelik.
- Prediking word gerig op die verbondsgemeente, dit wil sê op verloste sondaarmense.
- Prediking is 'n metode wat gebruik kan word om die behoeftes en gesindheid van die hoorders te betrek deur God se Woord te verkondig.

### 4.2.1.2 'n Omskrywing van *prediker*

- Die prediker is allereers 'n geroepene van God.
- Die prediker ontvang sy boodskap van God en is deur God gestuur.
- Die prediker het 'n verantwoordelikheid om die Woord van God te bedien in die gesindheid van 'n gestuurde.

### 4.2.1.3 Die interaksie tussen prediking en prediker

Nie net is daar interaksie tussen die prediker en die hoorder nie, maar ook tussen die prediker en die preek. Hierdie interaksie vind ook neerslag in die styl wat die prediker gebruik om die prediking oor te dra. Die interaksie tussen die prediker en die prediking het 'n effek op die luisteraksie wat plaasvind by die hoorder tydens die oordrag van die Woord.




#### 4.2.1.4 Die prediker se gesindheid in die oordrag van die preek

Die prediker weerspieël 'n bepaalde gesindheid waarmee hy die preek aanbied. Ook Christus se prediking openbaar 'n sekere gesindheid en ingesteldheid :

- Christus het absolute vertroue in sy prediking.
- Hy verklaar en konkretiseer die boodskap wat Hy oordra en maak sodoende seker dat die hoorders hoor en verstaan wat hy hulle leer.
- Jesus leer met gesag.
- Jesus se prediking geskied planmatig; hierdie afleiding word bevestig deur die struktuur van sy prediking. In die gelykenisse word onder andere eers 'n konkrete beeld uit die leefwêreld van die hoorders gegee. Later word die betekenis van die beeld verklaar en sodoende word sekere kernaspekte dubbeld beklemtoon.

#### 4.2.1.5 Spiritualiteit

Omdat die spiritualiteit van die prediker 'n invloed het op sowel sy eie gesindheid as die gesindheid van die hoorder, het hy gevolglik die verantwoordelikheid om sy eie spiritualiteit te beoefen; die Woord van God te bestudeer; tyd in gebed deur te bring en sy eie insig in die werking van die Heilige Gees te verdiep. Vanuit sy eie spiritualiteit en inleef in die wêreld van sy hoorders moet hy ook poog om die behoeftes en gesindheid van die hoorder te begryp en empatie te hê vir die mense in sy gehoor.

### 4.2.2 Insigte vanuit die Psigologie en die Kommunikasiekunde


#### 4.2.2.1 Die mens het bepaalde behoeftes

Die hoorder kom luister met bepaalde behoeftes na God se Woord. Menslike behoeftes bepaal ook die gesindheid wat die hoorder jeens sekere sake openbaar.

Vanuit die raamwerk van die Psigologie het Maslow die behoeftes van die mens ondersoek en ontleed. Deur hierdie ondersoek is vasgestel dat daar 'n korrelasie is tussen die gesindheid en die behoeftes van die mens. Hierdie korrelasie het 'n kardinale invloed op die verkondiging van die Woord (prediking) asook op die prediker van die Woord.

Vos (1995:182) meld dat binne die behoeftestruktuur van Maslow, die behoeftes van die gemeentelid soos volg verstaan kan word:

**Behoefte van hoorder**




Hierdie model kan die prediker help om sy hoorder te verstaan en om die fokus van die prediking reg te bepaal.

### 4.2.2.2 Die dinamika van oorredingstegnieke binne die Psigologie en die Kommunikasiekunde

Die Sosiale Psigologie erken dat daar suksesvolle en onsuksesvolle oorredingstegnieke is. 'n Paar insiggewende bevindings soos die volgende is vanuit hierdie kennisveld gemaak: Kundige kommunikeerders oortuig hoorders byvoorbeeld makliker as onbeholpe en oningeligte kommunikeerders. Hoorders word ook makliker oorreed deur kommunikeerders waarvan hulle hou.

Die Kommunikasiekunde sien kommunikasie basies as die oordra van inligting van een persoon na 'n ander. Ook word algemeen aanvaar dat goeie kommunikasie effektief kan funksioneer om geruis teen te werk en om hoorders te oortuig om te verander.

Oorredingstegnieke word al hoe sinvoller in die hedendaagse kommunikasiekunde aangewend. Daar word toenemend erken dat kommunikasiestoornisse (geruis) tussen die sender en ontvanger voorkom. Kommunikasieblokkering behoort egter teengewerk te word. In hierdie opsig kan oorredingstegnieke help om byvoorbeeld die geruis (blokkering) van 'n negatiewe gesindheid te verander.

Sekere vereistes geld vir die kommunikeerder (prediker) ten einde die effektiwiteit van die oordragproses te verbeter: Die prediker moet byvoorbeeld vooraf reeds besef dat bepaalde verwagtings van die prediking gekoester word en dat geruis (blokkerings) kan ontstaan as hy nie noulettend is wat die praktiese aspekte van preekaanbieding betref nie. Die prediker moet homself byvoorbeeld inleef in en vereenselwig met die boodskap wat hy bring. Verder is dit van kritiese belang dat die taalgebruik en formulering wat hy gebruik, verstaanbaar moet wees. Ter wille van sinvolle oordrag moet hy ook daarop bedag wees om sy stemtoon af te wissel. Wat veral belangrik is, is om 'n boeiende "verhaallyn" in die preek daar te stel.

### 4.2.3 Insigte vanuit Prakties-teologiese empiriese navorsing

**Kerkgangers se algemene vermoë om 'n preek te volg**

Tema 2 van die vraelys se vrae het gehandel oor die kerkganger se algemene vermoë om 'n preek te volg en het vrae soos die volgende ingesluit: Kan u iets onthou van die laaste preek wat u gehoor het? Was die preek kort of lank? Was die preek uit die Ou Testament of die Nuwe Testament? Wat het die preek vir u beteken?

In hul antwoorde het 81,82% van die respondente aangedui dat hulle gesindheid teenoor die prediking positief is.

**Hoorders se gesindheid teenoor die prediking en die prediker**

Tema 5 het gehandel oor hoorders se gesindheid teenoor die prediking en die prediker. 75% van die respondente het aangedui dat hulle wel dink dat die prediker en die prediking 'n invloed op hulle gesindheid kan hê. Op grond van hierdie tipe antwoorde kan afgelei word dat die wyse waarop die prediker die boodskap van die Woord kommunikeer, wel 'n invloed het op die uitwerking van die prediking.

**Die invloed van gemoedstoestand**

Tema 6 het vrae ingesluit oor hoorders se siening van die invloed van hulle gemoedstoestand op die suksesvolle oordrag van die evangelieboodskap. Die antwoorde wat 100% van die respondente uit 'n paar verskillende kerke gegee het, het daarop gedui dat hulle wel voel dat die prediking en die erediens hul gemoedstoestand kan verander.

### 4.2.4 Praktykteoretiese perspektiewe op die prediker en prediking

In die lig van punt 4.2.1, 4.2.2 en 4.2.3 word die volgende praktykteoretiese perspektiewe gebied:

- Die prediking moet daarop fokus om die gesindheid en behoeftes van die hoorder te betrek en te probeer verander.
- Die interaksie tussen prediker en prediking lê ook in die vormgewing van die preek en die preekstyl wat gevolg word.
- Ook die prediker preek vanuit 'n bepaalde gesindheid. Hierdie gesindheid word onder andere bepaal deur sy spiritualiteit. Die prediker het dus die verantwoordelikheid om sy spiritualiteit opreg en met oorgawe te beoefen.
- Die insigte van die Psigologie en die Kommunikasiekunde bied bepaalde insigte aan die prediker wat geïmplementeer behoort te word in die oorreding van die hoorder. In hierdie verband word gedink aan aspekte soos stemtoon, woordkeuse en die taalgebruik van die prediker.
- Die prediker moet die mens wat hy bedien, in liefde respekteer; sodoende sal kommunikasiestoornisse (geruis) ook teengewerk kan word.
- Die hoorder het bepaalde behoeftes en dit beïnvloed die gesindheid waarmee hy luister. Indien die prediker daarin kan slaag om hierdie behoefte in die prediking te betrek sal hy ook die gesindheid van die hoorder betrek.
- Hoorders kom met sekere verwagtings na die erediens met die hoop dat die prediker en die prediking daardie verwagtings sal betrek en hanteer. Indien die prediking nie hierin slaag nie kan dit geruis en verset by die hoorder ontlok.
- Die prediker het daarom 'n verantwoordelikheid teenoor God, teenoor die prediking en die hoorder om so effektief moontlik te kommunikeer as hy op die kansel is. Hierdie verantwoordelikheid omvat onder andere die volgende aspekte: Deeglike voorbereiding, die verstaan van sy gehoor, insig in en 'n vertroudheid met die behoeftes van sy gehoor,

die besef van sy afhanklikheid van die Heilige Gees, 'n onberispelike getuienis wat spreek uit sy leer en lewe, oorgawe om God en mens in nederigheid te dien.

## 4.3 Praktykteoretiese perspektiewe op die gesindheid van die hoorder

### 4.3.1 Skriftuurlike besinning

Die basisteoretiese perspektiewe op die gesindheid van die hoorder in die homiletiese proses word vervolgens bespreek en weergegee.

#### 4.3.1.1 Gesindheid wat kan inspeel op die effek van die verkondigde Woord

Die Heilige Gees as bewerker van die kommunikasie, die prediker as kommunikeerder van die Woord en die hoorder as ontvanger van die Woord speel elk 'n eiesoortige rol in die verkondiging van die Woord. Tog kan die hoorder se gesindheid deur belemmerende faktore bepaal word en kan die werking van die Woord verhinder of gestuit word. Die inwerking van die Heilige Gees maak dit egter vir die hoorder moontlik om die Woord van God aan te neem. Die hoorder se gesindheid word dus positief geraak deur die Heilige Gees in sy binneste. 'n Positiewe gesindheid dui dus op die erns, ywer en entoesiasme wat daar by 'n lidmaat bestaan om naby aan die Woord te leef.

In die homiletiese proses kan bepaalde emosies die gesindheid waarmee die hoorder luister, bepaal. In hierdie verband kan die volgende emosies byvoorbeeld inspeel op 'n hoorder se gesindheid: verwagtinge wat gekoester word, hartseer, opgewondenheid, vrees of selfs 'n negatiewe psigologiese en fisiese gesondheidstoestand soos depressie.

Bogenoemde aspekte veronderstel dat die hoorder as ontvanger van God se Woord reeds 'n ingesteldheid of 'n gesindheid openbaar wanneer hy kom om na die Woord van God te luister. Die hoorder het 'n egter self 'n verantwoordelikheid om na te dink oor hoe hy luister.

#### 4.3.1.2 Die vier soorte "harte" wat hoorders kan hê

In die gelykenis van die saaier (Luk.8:4-15) dui Jesus vier tipes harte (ingesteldhede) aan wat by 'n hoorder kan manifesteer terwyl hy/sy na 'n preek luister. Die onderstaande tabel dui die tipe harte en ook die gesindheid wat die harte voorstel aan:

| **Die hart van die hoorder as beeld van sy/haar gesindheid** | |
|---|---|
| **Die hart** | **Die gesindheid** |
| 1. Soos 'n pad – hard en verhard | 1. Word beïnvloed deur Satan |
| 2. Soos rots – hard, klipperig | 2. Oppervlakkig |
| 3. Soos dorings – baie hindernisse | 3. Word beïnvloed deur sonde en versoekings |
| 4. Soos goeie grond - toeganklik | 4. Ontvang die Woord van God |

Die prediking van Jesus is gerig op die gesindheid van die hoorders ten einde hulle te bemoedig om die genade van God aan te neem. Die toestand van die hoorders se hart word bepaal deur die invloed van vier faktore, naamlik Satan, oppervlakkige emosies, sonde en die invloed van die Woord van God.

Dit is belangrik om daarop te let dat die hart van die hoorder reeds "hard, klipperig, of vol dorings" kan wees nog voordat die Woord verkondig word.

#### 4.3.1.3 Interaksie tussen die oordra en ontvang van die Woord van God

Nie net is daar interaksie tussen die prediker en die prediking nie, maar ook tussen die prediking en die ontvanger (hoorder) van die Woord.

Die hoorder het 'n verantwoordelikheid om sy hart gedurende die luisteraksie te bewaar van die duiwel se invloed. (Vir Satan word die beeld van die voëls in Lukas 8:4-15 gebruik. Die voëls roof naamlik die saad, slaan onmiddellik toe, is gulsig en vernietig die vooruitsig op 'n oes.).

Dit is vir Satan moontlik om die Woord weg te neem as die hoorder dit vir hom moontlik maak. Ook Satan is bewus daarvan dat die hoorder reeds 'n voorafingesteldheid het in die proses van interaksie.

#### 4.3.1.4 Spiritualiteit

Aangesien die hoorder 'n sekere ingesteldheid het as hy na die Woord luister, het die hoorder ook 'n verantwoordelikheid om sy spiritualiteit te ontwikkel en te oefen, want net sterk en spierkragtige spiritualiteit kan effektief weerstand bied teen 'n negatiewe ingesteldheid.

Ook moet die hoorder daarvan bewus gemaak word dat hy reeds 'n ingesteldheid het as hy na die Woord luister. Hy self moet daarom daaraan werk om te verander.

### 4.3.2 Insigte vanuit die Psigologie en die Kommunikasiekunde

Metateoretiese perspektiewe op die gesindheid van die hoorder in die homiletiese proses word vervolgens bespreek en weergegee.

#### 4.3.2.1 Perspektiewe op gesindheid vanuit die Psigologie

Gesindheid omvat drie gedragsdimensies, naamlik kognitiewe, affektiewe en konatiewe elemente.

Gesindheid kan verander word – ook langs die weg van die prediking. Indien die prediking die hoorder positief beïnvloed, kan dit die moontlike geruis (kommunikasiestoornis) teenwerk. Dit is dus moontlik dat die hoorder se gesindheid verander kan word in die homiletiese proses.

#### 4.3.2.2 Twee faktore wat gesindheid kan beïnvloed

Twee faktore wat gesindheid kan beïnvloed, is belangrik vir die navorsing wat onderneem is, naamlik die behoeftes van die mens – omdat die mens behoeftegerig is, sal dit 'n invloed hê op die gesindheid waarin hy ontvang en luister. Ook oorreding kan dien as middel om gesindheidsverandering teweeg te bring.

#### 4.3.2.3 Verset teen gesindheidsverandering

Resente navorsing het aangetoon dat indien gesindheidsverandering nie bewerkstellig word nie, geruis (kommunikasiestoornisse) by die hoorder ontstaan. So ook ontstaan verset teen enige vorm van oorreding indien 'n hoorder se gesindheid nie verander nie. Drie faktore kan negatief inwerk op gesindheidsverandering en kan lei tot verset teen die prediking, naamlik wanneer die hoorder sy/haar persoonlike vryheid ten alle koste wil beskerm; wanneer 'n mens vooraf keuses maak oor die inhoud van die boodskap; en wanneer 'n mens bepaalde aspekte van die prediking selektief vermy.

Hierdie uitvloeisels van hoordersgesindheid en die verset om sy/haar gesindheid te verander, kan lei tot antagonisme en moet met mening teengewerk word.

#### 4.3.2.4 Die oplossing: effektiewe oorreding

Effektiewe oorredingstegnieke uit albei gedragswetenskappe word beskou as sowel 'n oplossing vir gesindheidsverandering as vir effektiewe kommunikasie. Oorreding impliseer twee kodes, naamlik verbale en nieverbale tegnieke wat die kommunikeerder kan help om die gesindheid van die hoorder te betrek en te verander.

Oorreding is as sodanig 'n kommunikasieproses wat streef na die vrywillige vorming, handhawing of veranderinge van hoordersgesindheid. Ook impliseer oorreding 'n doelbewuste poging om mense se gesindheid te verander. Binne die oorredingsproses kan die volgende aspekte van belang wees in die oordrag van 'n preek: die prediker se taalgebruik, liggaamshouding, die manier waarop hy oogkontak behou, sy gesigsuitdrukking, sy fisiese voorkoms en die benutting van die ruimte.

Ook die dunk wat die hoorder van die prediker het, sal 'n rol speel in die oorredingsproses. So sal die prediker se preekvaardigheid, sy betroubaarheid as mens, en die getuienis van sy lewe en standpunte, faktore wees wat meespeel om te bepaal of die hoorder se gesindheid sal verander.

In laaste instansie gaan dit egter in die oorredingsproses om die werking van die Heilige Gees en is hierdie inwerking die mees kardinale "metode" van oorreding.

### 4.3.3 Insigte vanuit Prakties-teologiese empiriese navorsing

**Die invloed van die hoorder se sosio-ekonomiese situasie**

Tema 4 het die respondente se sosio-ekonomiese posisie betrek om te probeer bepaal in watter mate hulle gesindheid hierdeur beïnvloed word. Van die groep respondente het 86,36% aangedui dat die ingesteldheid en gesindheid waarmee hulle na die prediking luister, deur sosio-ekonomiese behoeftes beïnvloed kan word. Sosio-ekonomiese faktore (byvoorbeeld dreigende afdanking, bankrotskap, uitgesluit wees uit 'n groep) kan die wyse waarop 'n hoorder na 'n preek luister, beïnvloed.

**Die invloed van gemoedstoestand**

Tema 6 het spesifiek gehandel oor die gemoedstoestand van die hoorder. Die respondente het laat blyk dat 97,73% van hulle ervaar dat hul gemoedtoestand 'n uitwerking het op hul gesindheid en 95,45% van die respondente het aangedui dat hul gemoedtoestand 'n invloed op hulle het as hul kerk toe gaan. Hierdie navorsingsresultate bevestig die aannames wat in Hoofstuk 2 gemaak is.

**Die hoorder se gesindheid teenoor sy kerk**

Tema 7 het die hoorder se gesindheid teenoor sy kerk getoets. Die antwoorde op die vraelys het duidelik aangetoon dat 80% van die respondente positief oor hul kerk voel. 90,91% van die respondente het aangedui dat hulle die lidmate van hulle kerk as familie ervaar.

### 4.3.4 Praktykteoretiese perspektiewe op die gesindheid van die hoorder

Gesindheid is 'n onlosmaaklike deel van menswees en het 'n invloed op die gedrag van die mens. Aangesien menslike gesindheid gevorm word deur aspekte soos oortuigings, geloof, denke en die wyse van optree, kan gesindheid ook gevorm en verander word. Dit moet altyd in aanmerking geneem word dat die emosionele, finansiële of ander behoeftes van die hoorder 'n groot effek kan hê op die gesindheid waarmee hy/sy luister.

In die homiletiese proses oefen effektiewe oorreding 'n groot invloed uit op die gesindheid waarmee die hoorder luister. Die werking van die Heilige Gees staan sentraal in die moontlikheid om die gesindheid van die hoorder te verander. Die Heilige Gees kom die

hoorder nie net te hulp nie, maar deur die werking van die Heilige Gees kan die hoorder ook inderdaad van gesindheid verander.

#### 4.3.4.1 Die spiritualiteit van die hoorder as 'n faset van gesindheid

Ook die spiritualiteit van die hoorder oefen 'n invloed uit op die gesindheid waarmee hy/sy die verkondigde Woord ontvang en ervaar. Die hoorder se spiritualiteit kan gesien word as 'n *vertikale faset*, want dit gaan oor die hoorder se verhouding met God. Tog raak spiritualiteit baie fasette van die lewe en die hoorder moet bewus wees van die belangrikheid van die volgende aspekte in die groei en ontwikkeling van sy eie spiritualiteit:

- Die oefening van sy/haar geestelike lewe buite die erediens, deur onder andere gebed en Bybelstudie.
- Geloofstoerusting en die ontwikkeling van sy/haar vermoë om steeds te groei.
- Die toets van eie gesindheid. Die hoorder moet hom-/haarself byvoorbeeld afvra: Gaan ek erediens toe net om te ontvang, of wat kan ek ook aan ander gee?
- Groter betrokkenheid in sy gemeente (God se huisgesin) omdat besef word dat elke lidmaat deur die werking van die Gees ingesluit is in God se huisgesin.

#### 4.3.4.2 Die hoorder se bewuswees van faktore wat bydra tot gesindheidsvorming

Op *horisontale* vlak (dit wil sê faktore wat behoort tot die hier en die nou) behoort die hoorder bewus te wees van die volgende omdat ook hierdie faktore kan bydra tot die vorming van 'n ingesteldheid of gesindheid:

- *Die verskillende vorme van "geruis"*. Die hoorder moet besef dat blokkerings op verskillende maniere tot stand kan kom. So kan gemoedstoestand byvoorbeeld 'n kommunikasiestoornis (geruis) in die oordrag van die boodskap van die prediking wees, maar 'n lidmaat kan wel die invloed van 'n gemoedstoestand beheer of verander.

- *Die aanleer van leer- en konsentrasievaardighede*. Wanneer 'n hoorder byvoorbeeld notas maak, bevorder dit sy/haar konsentrasie. Sodoende dra die hoorder daartoe by om 'n atmosfeer te skep waarbinne God se Gees werk.

- *Eie verantwoordelikheid besef.* 'n Eie verantwoordelikheidsin om voorbereid en met die regte ingesteldheid kerk toe te kom, moet gekweek word. Hierdie voorbereiding sluit in gebed en eerbied vir die boodskap van die Woord .

- *Die hoorder het 'n eie rol.* Daar moet besef word dat 'n erediens nie net daar is om die hoorder se behoeftes te bevredig nie. Hoorders moet besef dat binne die lewende ontmoeting met God die prediker 'n rol het, maar dat die hoorder hom-/haarself ook moet oopstel vir die ontvang van die Woord. Hoorders moet verstaan dat hoewel die prediker 'n geroepene van God is, hy volkome mens is; hy het ook menslike gebreke, nood en behoeftes. Die hoorder moet die prediker eer as die man van God, maar ook ondersteun as mens met gebreke en behoeftes.

- *Die invloed van sosio-ekonomiese faktore.* Wat die hoorder se sosio-ekonomiese toestand betref, moet besef word dat besluite en optredes in hierdie verband ook 'n invloed kan hê op die ingesteldheid en gesindheid waarna na die Woord geluister word. Besluite wat geneem word en kwellende persoonlike omstandighede moet in gebed aan God opgedra word. 'n Omstrede finansiële transaksie waarmee die hoorder dalk onregmatig bevoordeel word of 'n onverkwiklike verhouding met n kollega by die werk is alles faktore wat "saamgedra" word kerk toe. So ook kan 'n huwelikskrisis of agterstallige huispaaiemente die hoorder verhinder om die boodskap van die Woord te hoor.

## 4.4 Praktykteoretiese perspektiewe op geruis as kommunikasiestoornis

### 4.4.1 Skriftuurlike insigte

In Hoofstuk 2 is basisteoreties aangetoon dat die gesindheid van die hoorder kan bydra tot geruis en kommunikasiebelemmering in die oordrag van die preek. In hierdie onderafdeling volg 'n bespreking van die belangrikste bevindinge.

#### 4.4.1.1 Wat is geruis?

Geruis verwys na stoornisse wat veroorsaak dat die Woord wat verkondig word, nie verstaan word nie. Hierdie stoornisse (geruis) kan baie vorms aanneem, soos byvoorbeeld fisiese geruis, maar hierdie geruis kan ook psigologiese oorsake hê.

Geruis is 'n kommunikasiestoornis tussen die prediker en die hoorder as gevolg van faktore wat die gesindheid waarmee die hoorder luister, beïnvloed.

#### 4.4.1.2 Skrifperspektiewe op geruis – die aard van Christus se prediking (Luk. 8: 4-15)

Onder 4.3.1.3 (interaksie tussen die oordra en ontvang van die Woord) is reeds aandag gegee aan die gelykenis van die saaier. Dieselfde afleidings is ook toepaslik op geruis in die prediking en die gevolge van die geruis.

In die gelykenis van die saaier (Luk. 8:4-15) dui Christus in sy prediking aan dat geruis of hindernisse wat die oordrag van die Woord belemmer, by die hoorder aanwesig kan wees. In terme van die gelykenis kan die volgende handelinge verhoed dat die saad ontkiem en groei: *vertrap, opeet, verdroog* en *verstik*.

In die uitleg van die gelykenis dui Christus aan dat in die mens se hart sekere belemmeringe (geruis) teenwoordig mag wees. In die gelykenis self dui die volgende handelinge op belemmering en hindernisse: mense wat die boodskap *nie glo nie*, hulle wat net 'n *tyd lank* glo, of die *wêreld dien*, of *volhard* in hulle sonde. Christus self verwys na die gesindheid van die mens deur te sê: "Wie ore het om te hoor, laat hom hoor."

#### 4.4.1.3 Die implikasie van geruis

Vanuit die perspektief van die gelykenis van die saaier is die eerste implikasie dat daar altyd belemmeringe sal wees – waar die saad ook al val. In die homiletiese proses sal geruis en kommunikasiehindernisse ook voortdurend aanwesig wees. Hoorders moet dus bewustelik poog om hulleself so teenoor die Woord in te stel dat hulle die belemmeringe van hardheid, droogheid, klipperigheid en dorings grootliks kan uitskakel.

Die volgende implikasie is dat geruis kan veroorsaak dat die saad nie op goeie grond val nie. Uit ondervinding weet ons dat die saad op verskillende plekke val. Sowel die prediker in sy hoedanigheid as verkondiger, as die hoorder in sy hoedanigheid as die ontvanger van die Woord, moet bewus moet wees van die skadelike gevolge van hierdie belemmeringe.

Die laaste implikasie is dat geruis altyd 'n gevolg sal hê. Die saad wat op verskillende soorte grond val, se groeipotensiaal word op verskillende maniere gekortwiek (die saad val op die harde oppervlakte van 'n pad, op 'n rots, op klipperige, vlak grond, tussen dorings en onkruid, maar ook op goeie grond). En as gevolg van waar die saad beland, word dit op die pad vertrap, verdroog dit in die klipperige en vlak grond, verstik dit tussen dorings en distels, maar groei dit in die vrugbare grond. Analoog hieraan sal die Woordverkondiging by sommige mense geen ingang vind nie (pad en rots); by ander sal die Woord 'n tydelike effek hê (vlak en klipperige grond). By nog 'n groep sal die Woord aanvanklik 'n effek hê, maar later sal dit verdring en verdruk word deur allerlei ander dinge (die saad tussen die dorings).


Die afleiding kan gemaak word dat geruis deel is van die gebrokenheid van die skepping en dat dit altyd sal lei tot 'n gevolg; Op grond hiervan word die hoorder aangemoedig om reg te hoor ("Wie ore het om te hoor, laat hom hoor").

#### 4.4.1.4 Satan as die oorsaak van geruis

In die interaksie tussen die oordrag van die Woord en die ontvang van die Woord speel Satan 'n rol. Van die eerste oomblik in die saaiproses (verkondigingsproses) is daar 'n wesenlike vyand, Satan, teenwoordig. In die gelykenis van die saaier dui Jesus self in sy prediking op die aanwesigheid van die Satan (die voëls).

Satan speel bewustelik in op die gesindheid van die hoorder (die hart van die mens) sodat dit geruis veroorsaak. Satan se aanwesigheid in die daarstel van kommunikasiestoornisse word ook deur die volgende gekenmerk: sy werking is effektief en onmiddellik (die saad word dadelik opgepik); hy tree op met 'n doel (die saad moet nie kans kry om te groei en ontkiem nie). Ook wil hy ten alle koste verhoed dat die mens sy gesindheid teenoor die ontvang van die Woord moet verander (die effek wat die saad kon hê, word gefnuik deurdat die onkruid die jong uitspruitende plante verdruk en laat verstik).

#### 4.4.1.5 'n Bose kringloop




Hierdie skets dui op die invloed van geruis in die homiletiese proses, asook op die rol wat Satan hierin speel. In die homiletiese proses is die Satan teenwoordig om die ingesteldheid (gesindheid) van die hoorder sodanig te beïnvloed dat geruis ontstaan. Sodanige belemmering veroorsaak dat die hoorder nie die intensie van die boodskap verstaan soos wat dit bedoel is nie en veroorsaak ook dat die invloed en boodskap van die Woordverkonding by hom/haar verbygaan.

### 4.4.2 Insigte uit die Psigologie en die Kommunikasiekunde

In hoofstuk 3 is metateoreties aangedui dat geruis as kommuniksiestoornis erken word binne die Psigologie en die Kommunikasiekunde. Opsommenderwys die volgende gedagtes:

#### 4.4.2.1 Inleidend

Die gesindheid van die hoorder kan funksioneer as geruis in die kommunikasieproses in die oordrag van die preek. Omdat mense se behoeftes ook kan inspeel op hulle gesindheid, moet die prediker hom vergewis van die behoeftes van die mens wat na die prediking luister.

Indien oorreding as kommunikasietegniek nie daarin slaag om die gesindheid van die hoorder te verander nie, kan dit lei tot verdere geruis (kommunikasieblokkering) en uiteindelike uitloop op verset by die hoorder.

#### 4.4.2.2 Die aanwesigheid van geruis word erken binne die Kommunikasiekunde

Menslike kommunikasie is aanvanklik beskou as 'n baie eenvoudige proses met drie komponente: die bron, die sein en die ontvanger (dekodeerder). Namate Kommunikasiekunde as wetenskap ontwikkel het, is toenemend benadruk dat die kommunikasieproses nie net liniêr kan wees nie, maar dat meer dade en handelinge meespeel in die proses. Hindernisse wat op allerlei wyses die kommunikasieproses kan blokkeer, word ook vermeld as sulke handelinge.

In resente studie word geruis aangedui as 'n kardinale belemmering van die kommunikasieproses. Geruis impliseer enigiets letterliks, fisies of psigologies wat 'n stoornis veroorsaak in die ontvang en oordra van 'n boodskap. Sonder geruis sou enige boodskap akkuraat oorgedra kon word, maar die Kommunikasiekunde erken dat geruis durend teenwoordig sal wees.

#### 4.4.2.3 Samevattend

- Binne die Sosiale Wetenskap word erken dat meer navorsing nog nodig is om die invloede wat inwerk op die hoorder na te gaan.
- In die oordra van die boodskap van die Woord kan allerlei homiletiese tegnieke baie effektief deur die prediker aangewend word. Hy moet egter besef dat hy in alles wat saamhang met die Woordverkondiging, afhanklik is van die in- en deurwerking van die Heilige Gees. Die kommunikeerder as oorreder moet uit die staanspoor poog om reeds deur die wyse waarop sy boodskap gekodeer is, moontlike geruis uit te skakel.

- Die inhoud van die prediking en die beelde wat gebruik word om die boodskap vir die hoorder te konkretiseer moet die hoorder so aangryp dat dit sy gesindheid positief beïnvloed en die geruis in die oordragproses teenwerk.

### 4.4.3 Algemene response op die Prakties-teologiese empiriese navorsing

In die antwoorde op die vrae onder tema 1 het slegs 13,64% van die respondente aangedui dat niks in die erediens hulle aandag aftrek nie. 18,18% het egter aangedui dat hulle eie gedagtes hul aandag aflei.

In antwoorde op die vrae onder tema 3 het 68,18% van die respondente aangedui dat dit stil moet wees in die kerk en 36,36% het aangedui dat geraas tydens die prediking hul pla.

Die stoornisse wat die meeste effek op die hoorder veroorsaak, is psigologies van aard. Die respondente het aangedui dat omstandighede rondom hul sosio-ekonomiese posisie hul gesindheid kan beïnvloed (86,36%) en 97,73% van die respondente het ervaar dat hulle eie gemoedstoestand hul gesindheid beïnvloed.

Hierdie inligting uit die empiriese ondersoek bevestig die aanname van die studie dat die gesindheid van die hoorder kan aanleiding gee tot die voorkoms van geruis in die oordrag van die preek.

### 4.4.4 Praktykteoretiese perspektiewe op geruis in die homiletiese proses

Geruis is enige invloed wat veroorsaak dat die intensie van die boodskap wat oorgedra word, verkeerd verstaan word of in skeefgetrekte vorm by die hoorder neerslag vind. Ook die gesindheid van die hoorder kan op 'n negatiewe wyse bydra tot geruis in die homiletiese proses.

Reeds in die prediking van Christus (die gelykenis van die saaier) word daarop gedui dat daar bepaalde hindernisse is wat veroorsaak dat hoorders nie hoor soos hulle moet nie.


Satan se invloed bewerkstellig geruis in die hoorproses en is 'n wesenlike blokkering van die boodskap van die prediking. In die homiletiese proses is hy daadkragtig aanwesig in die bewerking van geruis in die hart van die mens. Satan se uitsluitlike doel met sodanige kommunikasiebelemmeringe is om die hoorder te steur om nie die Woord van God te hoor soos hy moet nie. Die hoorder moet ook bewus wees van die invloed van geruis en die rol wat die Satan daarin speel. Die hoorder kan die uitwerking van kommunikasieblokkering grootliks uitskakel deur te fokus op sy hartsgesindheid en deur daadwerklik te poog om die saad op goeie grond te laat val. Geruis, dit wil sê kommunikasiestoornisse in al sy gedaantes, het altyd 'n gevolg. Die belangrikste gevolg van geruis in die oordragproses is egter dat Satan die hoorder wil ontneem van die waarheid van God se Woord. Op hierdie wyse kan die verkeerde hartsgesindheid van die hoorder ook nie reggestel word nie.

Geruis sal altyd in die verkondigingsproses teenwoordig wees. Tog kan die invloed van geruis teengewerk word indien die prediker in afhanklikheid van die Here poog om die vermoë om effektief te kommunikeer te ontwikkel.

Die gesindheid van die hoorder kan geruis veroorsaak aangesien die hoorder reeds 'n bepaalde ingesteldheid het as hy na die Woord luister. As die hoorder toelaat dat sy/haar ingesteldheid negatief inwerk op die boodskap wat oorgedra word, sal dit daartoe lei dat hy/sy ook nie sal hoor wat gehoor moet word nie.

## 4.5 Samevatting van praktykteoretiese perspektiewe

Hierdie samevatting van praktykteoretiese perspektiewe op die gesindheid van die hoorder en die moontlikheid dat negatiewe gesindheid 'n kommunikasiebelemmering (geruis) tussen prediker en gehoor in die oordrag van 'n preek kan veroorsaak, word ook toegelig met 'n praktiese illustrasie. Hierdie voorstelling dui aan watter faktore geruis kan teenwerk.




A. Die son stel God voor; God is die lig van die wêreld en betrokke by die mens.

B. Die wolke stel geruis voor wat kan voorkom dat God deurbreek in die hart van die mens. Satan bewerk hierdie blokkering (geruis).

C. Die strale van die son stel die openbaring van God aan die mens voor. Die wolke as belemmerende faktor (geruis) veroorsaak dat die volheid van God se openbaring nie aan die mens gekommunikeer kan word nie.

D. Die figuur stel die prediker voor, sy mond word geteken, want sy funksie is om te preek, te verkondig en te oorreed. F dui die gesindheid van sy hart aan. Hierdie gesindheid moet positief ingestel wees sodat moontlike geruis wat belemmerend inwerk op die verkondiging van die openbaring van God, teengewerk kan word.

E. Hierdie figuur stel die hoorder voor. Sy ore word benadruk, want hy moet daarop ingestel wees om te luister en te hoor. F dui die gesindheid van sy hart aan wat daarop moet fokus om die geruis teen te werk sodat die openbaring van God ontvang kan word.

F. Gesindheid dui die ingesteldheid van die "hart" van die mens aan.

G. Die grond stel die Heilige Gees voor. G is die grond waarop figuur D en E staan; albei se bene is geplant in die grond en daarmee word benadruk dat hulle afhanklik is van God se Gees om hulle stewig te anker.

H. Alles gaan daaroor om die kruis van Christus te verkondig en te ontvang, want slegs deur Christus kan verlossing bewerkstellig word.

In die uiteensetting word sekere *absolutes* aangedui, God (A), Satan (B), Christus (H) en die Heilige Gees (G).

God sal wil Homself aan die mens openbaar; Satan sal altyd hierdie openbaring probeer keer; Die Heilige Gees staan mense by in hulle swakhede en gebreke; die Gees tree vir mense in en rig hul woorde en dade. Christus se verlossing is voldoende vir elke mens.

Die mens (D en E) en die gesindheid (F) van die mens is altyd die *veranderlikes*. Deur die eeue was daar baie predikers en baie hoorders, en hulle word beïnvloed in die mate waartoe hulle geraak word deur die werking van die Heilige Gees.

## Enkele finale perspektiewe

In die homiletiese proses moet klem geplaas word op die spiritualiteit van sowel die prediker as die hoorder. Net deur die beoefening van albei se spiritualiteit kan hulle vas geanker word in die ondersteunende werking van die Heilige Gees. Slegs deur die inwerking van die Heilige Gees sal die boodskap van die prediking met vrug deur die prediker oorgedra word en sal die hoorder onbevange met 'n ontvanklike hart die Woord kan ontvang.

Indien die oordrag- en ontvangproses onbelemmerd plaasvind, is sowel die prediker as die hoorder ingestem op die inwerking van die Heilige Gees, en sal geruis of kommunikasiestoornis beperk word.

Sowel die prediker as die hoorder moet gefokus bly op die kruis, die plek van verlossing. Albei partye moet die gesindheid openbaar van die Een wat vir ons redding bewerkstellig het. Vanuit hierdie gesindheid en aangegryp deur die kruis sal die prediker preek, en die hoorder sal die Woord ontvang in aangegrepenheid deur die kruis (vgl. Cilliers, 2002:37). Prediker en die hoorder moet groei in hulle persoonlike verhouding met die Here deur gebed, omgang met die Woord en nadenke oor die Woord.

Die prediker en die hoorder moet mekaar in die kommunikasie- en oordragproses as't ware die hand reik:

- Die *prediker* wat vanuit 'n innige verhouding met God leef, kan die hoorder help om waarlik te hoor en nie gekniehalter te word deur kommunikasiestoornisse nie. Op gewoon horisontale vlak kan hy die hoorder ook tegemoetkom deur onder andere die behoeftes van die hoorders te verstaan, sy taalgebruik so in te klee dat dit vir die hoorder verstaanbaar is, en deur beelde uit die alledaagse lewe te gebruik om sekere konsepte van sy boodskap toe te lig. Verder kan die prediker hoorders ook toerus deur hulle attent te maak op faktore wat geruis in die oordragproses kan veroorsaak en die hoorders daarvan bewus te maak dat dit juis Satan is wat die versperrings veroorsaak sodat die saad van die Woord nie in die hart van die hoorder kan ontkiem nie.

- Die *hoorder* weer moet bewustelik daarop ingestel wees om die prediker in staat te stel om die boodskap van die Woord ongehinderd tot hom te laat spreek. Die hoorder sal kan meehelp om die effek van geruis teen te werk deur onder andere tyd met God deur te bring sodat sy geestelike mondering versterk kan word. Verder sal die hoorder hom ook oefen om te luister en werklik aandag te gee aan die prediking. In hierdie proses behoort hy ook bewustelik te poog om sy eie gedagtes wat belemmerend inwerk op die prediking te beheer. Selfs die invloed van 'n sekere gemoedstoestand kan teengewerk word indien die hoorder met erns poog om onbevange te luister. As die hoorder bewus is daarvan dat al hierdie faktore manifestasies is van Satan se pogings om die gang van die evangelie te stuit, behoort dit hom te motiveer om weerstand daarteen te bied.

Die hoorder sal die prediker se hande sterk as hy in die amp van gelowige betrokke raak binne sy gemeente om ook sodoende 'n lewende getuienis te wees dat hy die boodskap en appèl van die Woord ontvang en verstaan het.

Die persoon en werk van die prediker sal nie as geruis of 'n belemmering ervaar word as die hoorder verstaan dat die prediker wel deur God geroep is, maar dat hy ook 'n mens met menslike behoeftes en gebreke is. As hierdie besef by die hoorder gevestig is, sal hy die prediker kan bemoedig en ook in opregtheid vir hom en sy gesin kan bid.

Geruis of belemmeringe in die werking van die Woord is egter 'n verskynsel wat altyd daar sal wees. Die proses om hierdie hindernisse uit te skakel sal daarom 'n voortgaande proses wees wat eers by die wederkoms van Christus vervul sal word.

## Terreine vir verdere ondersoek

Op grond van die navorsing wat vir hierdie studie gedoen is, is veral twee terreine geïdentifiseer vir verdere ondersoek:

- Menslike behoeftes en verwagtinge as geruis in die homiletiese proses; en
- die invloed van Satan as geruis in die prediking.

# OPSOMMING

## Die gesindheid van die hoorder as moontlike geruis (kommunikasiestoornis tussen prediker en hoorder) in die oordrag van die preek. 'n Homiletiese studie

In hierdie homiletiese ondersoek waarmee beoog is om die gesindheid van die hoorder as moontlike geruis (kommunikasiestoornis tussen prediker en gehoor) in die oordrag van 'n preek te bestudeer, is die volgende aspekte betrek:

- *Basisteoretiese* perspektiewe op die gesindheid van hoorders as moontlike geruis in die oordrag van die preek. (Om hierdie faset te illustreer is die gelykenis van die saaier in Lukas 8:4-15 ontleed.)
- *Metateoretiese* perspektiewe op hoordersgesindheid as oorsaak van moontlike geruis in die oordrag van die preek. (Perspektiewe uit die Psigologie en Kommunikasiekunde, asook empiriese gegewens wat bekom is, is vir hierdie deel van die ondersoek geïmplementeer.)
- *Praktykteoretiese* perspektiewe op die gesindheid van die hoorder as moontlike oorsaak van geruis in die oordrag van die preek. (Die resultate van die hermeneutiese wisselwerking tussen basisteoretiese en metateoretiese gegewens is hier gebied.)

In *Hoofstuk 2* is gepoog om die gestelde doel van die ondersoek uit te voer deur Lukas 8:4-15 te ontleed en die breë gedagtestruktuur van hierdie perikoop aan te toon. Op grond van die gedagtestruktuur is deur skematiese voorstellings aangetoon wat die aard van die wisselwerking tussen prediker, gesindheid en geruis behels: Hierdie voorstellings het 'n aanduiding gegee van die volgende: die makrostruktuur van die Skrifgedeelte, die paragraafuitleg, die teksuitleg en die mikrostruktuur.

In die *eksegetiese gedeelte* waarin hierdie aspekte in meer besonderhede ondersoek is, is gefokus op die volgende: prediker en prediking, die spiritualiteit van die prediker, die

gesindheid van die hoorder, die aard van die geruis wat kan ontstaan in die oordra van 'n preek, en die invloed van die bose op die luisterproses.

Die aard van Jesus se prediking is nagegaan deur die gelykenis van die saaier te analiseer. In dié gelykenis word vier tipes hoorders aangedui: dié wat beïnvloed word deur Satan; hulle wat deur kortstondige emosies geraak word; mense wat beïnvloed word deur versoekings, en dan hulle in wie se lewens die werking van Gods Woord 'n positiewe impak het. In die gelykenis word die beelde van vier tipes grond gebruik om op konkrete wyse te dui op geruis wat die moontlike positiewe uitwerking en gevolg van die prediking kan teëwerk. Die tipe grond kan byvoorbeeld gekenmerk word deur hardheid, gebrek aan diepte en ingeneem wees deur onkruid. Slegs in die goeie vrugbare grond kan die saad ontkiem.

In *Hoofstuk 3* is die voorgenome doel op metateoretiese vlak benader. Vanuit die Psigologie, met sy vertakking in die Sosiale Sielkunde, asook vanuit die Kommunikasiekunde is die vorming van gesindhede asook die verandering daarvan bespreek. Die gedagte van geruis soos geïnterpreteer binne die Sosiale Wetenskappe is ook ondersoek. Daar is bevind dat die konsep van geruis toenemend erken word in sowel die veld van die Psigologie as die Kommunikasiekunde. Die uitgangspunt van hierdie studie is dat menslike gesindheidsverandering primêr bewerk word deur die Heilige Gees, maar klem is ook geplaas op beskikbare tegnieke vanuit die hedendaagse Kommunikasiekunde wat kan meehelp om gesindheid te beïnvloed en te verander.

In *Hoofstuk 4* is praktykteoreties vasgestel dat geruis onvermydelik deel van die homiletiese proses sal wees. Ten einde die effek van kommunikasieblokkerings uit te skakel moet sowel die prediker as die hoorder hulle spiritualiteit beoefen, mekaar help om op die kruis te bly fokus en vanuit 'n positiewe gesindheid na die boodskap van die Woord te luister.

Deur hierdie studie is gepoog om die gesindheid van die hoorder as moontlike geruis (kommunikasiestoornis tussen prediker en gehoor) in die oordrag van 'n preek te ondersoek: Die aard van die homilitiese proses is geïllustreer aan die hand van Lukas 8:4-15. In die lig van die gegewens wat sodoende bekom is, is perspektiewe gebied om geruis in die proses van preekoordrag teen te werk.

# ABSTRACT


## Hearers'attitude as possible noise (communication barrier between preacher and hearer) in transferring a sermon. A homiletical study

In this homiletical investigation in which it was attempted to study hearers' attitude as possible noise (communication barrier between preacher and hearer) in the process of transferring the message of a sermon, the following aspects were incorporated:

- *Basis-theoretical* perspectives on the attitude of hearers as possible cause of noise in the process of transferring the message of a sermon. (To illustrate this facet the parable of the sower in Luke 8:4-15 was analysed.)

- *Meta-theoretical* perspectives on hearers' attitude as possible cause of noise in the process of transferring the message of a sermon. (Perspectives from the fields of Psychology and Communication Sciences, as well as empirical data obtained were implemented in this section of the investigation.)

- *Practice-theoretical* perspectives on hearers' attitude as possible noise in the process of transferring the message of a sermon. (Results of the hermeneutical interaction between basis-theoretical and meta-theoretical material were included in this section.)

In *Chapter 1* it was attempted to reach the set aim by analysing Luke 8:4-15, indicating the broad thought structure of this pericope. On the basis of the thought structure the nature of the interaction between preacher, hearer, attitude and noise was also illustrated schematically. These schematic illustrations gave an indication of the following: the macro-structure of this section from Scripture, the paragraph layout, the text layout and the micro-structure.

In the exegetical part in which the above-mentioned aspects were investigated in more detail the following were focused on: preacher and preaching, the spirituality of the preacher, hearers'

attitude, the nature of noise originating in the process of communicating the message of a sermon, and the influence of Satan in the process of listening.

The nature of Jesus's preaching was traced by analysing the parable of the sower. In this parable four kinds of hearers are highlighted: those influenced by Satan, those touched by short-lived emotions, those influenced by temptations, and in final instance, those in whose lives the Word of God impacts positively. In the parable four possible conditions of soil are utilised as images to explain in concrete terms the nature of the noise that obstructs the possible positive influence and outcome of the process of preaching. The kind of soil can for instance be characterised by its hardness, lack of depth or being obstructed by weeds. Seed can only germinate in good and fertile soil.

In *Chapter 3* the set aim was approached on meta-theoretical level. The development and the changing of attitude were discussed within the fields of Psychology and the subdivision of Social Psychology, as well as in the field of Communication Sciences. Noise as interpreted within the framework of the Social Sciences was also investigated. The conclusion arrived at was that the existence of the concept of noise has increasingly been acknowlegded in the fields of both Psychology and Communication Sciences. The point of departure of this study was that human change of attitude is primarily brought about by the Holy Spirit. It was, however, also emphasised that available techniques from the field of contemporary Communication Sciences can be implemented to effect a change in attitude.

*Chapter 4* indicated practice-theoretically that noise will inevitably remain part of the homiletical process. In an attempt to eliminate the effect of communication barriers preachers as well as hearers should practise their spirituality, help one another to focus on the cross, and listen positively to the message of the Word.

This study attempted to investigate the attitude of hearers as possible noise (communication barriers between preacher and hearer) in transferring the message of a sermon. The nature of the homiletical process was illustrated by means of analysing Luke 8:4-15. In the light of data thus obtained perspectives on ways to counter act noise in the process of preaching were given.

# BRONNELYS


BANG, S.J. 2004. The form of the sermon and effective communication. A homiletical study. Potchefstroom: PU vir CHO. (Thesis – Ph.D.)

BARNARD, A.C. 1994. In die kragveld van die Woord en Gees. Outeur.

BARON, R.A. & BYRNE, D. 1986. Social Psychology. Understanding human interaction. USA Mass: Allyn & Bacon.

BARON, R.A. & BYRNE, D. 1994. Social Psychology. USA Mass: Allyn &. Bacon.

BAUMAN, J.D. 1972. An introduction to contemporary preaching. Grand Rapids: Baker Bookhouse.

BEEBE, S.A. 2005. Interpersonal communication. United States of America: Pearson Education.

BENTLEY, M. 1992. Saving a fallen world. England: Evangelical Press.

CARTER, W.G. 1996. Sowing seeds in difficult soil: Preaching to those who won't listen. *Journal for preachers*, 4:20-24

CILLIERS, F.v.N. 1985. Persoonlikheidspsigologie. Potchefstroom: Wesvalia.

CILLIERS, J. 2002. Die geheim van die prediking: een-stemmigheid op die kansel. *Nederduitse Gereformeerde teologiese tydskrif*, 43(1&2):32-38.

COETZEE, J.C. 1997. Hermeneutics and exegesis of the New Testament. Orkney: EFJS.

CULPEPPER, R.A. 1995. Interpreter's Bible (a). Nashville: Abingdon Press.

DEIST, F.E. 1986. Woorde wat ver kom. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

DINGEMANS, G.D.J. 1991. Als hoorders onder die hoorders. Kampen: Kok.

DURAND, J. 2002. Hoe my gedagtewêreld verander het: van ewige waarhede tot gekontekstualiseerde metafore. *Nederduitse Gereformeerde teologiese tydskrif, 43* (1&2): 64-70.

EDWARDS, A.L. 1994. Techniques of attitude scale construction. New York: Irvington Publishers.

ESWINE, Z. 2004. Spiritual warfare and preaching: Toward a theology of "noise" for evangelical homiletics. http://www.ehomiletics.com (Datum van gebruik: 8 Feb. 2006).

GERBER, L. 1986. Die struktuurbeginsels onderliggend aan die koninkryksgelykenisse in Markus 4: 'n Stilistiese analise met besondere verwysing na die gelykenis van die saaier (Mark.4: 1-20). Port Elizabeth: UPE. (Skripsie – M.A..)

GREIDANUS, S. 1988. The modern preacher and the ancient text. Interpreting and preaching biblical literature. Grand Rapids: IVP.

GROENEWALD, P. 1989. Die evangelie volgens Lukas. Kaapstad: NG Kerkuitgewers.

GUNNIK, J. 1989. Preaching for recovery in a strife-torn church. Grand Rapids: Zondervan.

HEYSTEK, P.H. 2000. 'n Prakties-teologiese ondersoek van die "mekaar-opdragte" in die corpus Paulinium met die oog op kerklike geloofsgemeenskap. Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefskrif –Th.D.)

JOHNSTON, G. 2001. Preaching to a postmodern world. Grand Rapids: Baker Books.

JONKER, W.D. 1976. Die Woord as opdrag. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

KILLINGER, J. 1999. Preaching the new millineum. Nashville: Abington Press.

KLOPPERS, E. 2003. Die erediens as 'n omvattende kunswerk – as *Gesamtkunstwerk*. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 44 (1&2):80-88.

KNIGHT, J. 1998. Luke's Gospel. London & New York: Routledge.

KRUGER, F.P. 1999. Prediker en preekgesindheid. 'n Prakties-teologiese studie in die lig van die Pastorale Briewe. Potchefstroom: PU vir CHO (Verhandeling – Th.M.)

KRUGER, F.P. 2002. Prediking en gesindheidsverandering. 'n Prakties-teologiese studie in die lig van Hebreërs. Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefskrif – Th.D.)

LEUSCHNER, F.W. 2004. Atmosfeer in die erediens. Potchefstroom: NWU. (Proefskrif – Ph.D.)

LITFIN, D. 1981. Public speaking: Grand Rapids: Baker Bookhouse.

LOUW, D.A. 1986. Inleiding tot die psigologie. Johannesburg: McGraw-Hill.

MASLOW, A..H. 1954. Motivation and personality. New York: Harper.

MASLOW, A.H. 1971. The farther reaches of human nature. New York: The Viking Press.

McQUAIL, D & WINDAHL, S. 1993. Communication models for the study of mass communication. London: Longman.

NOLLAND, J. 1989. World biblical commentary. Columbia: Word Incorporated.

PARKER, T.H.L. 1992. Calvin's preaching. Louisville: Westminister/John Knox Press.

PIETERSE, H.J.C. 1990c. Die praktiese teoloog en empiriese navorsing. (In: Heyns, L.M. & Pieterse, H.J.C. Eerste treë in die Praktiese teologie. Pretoria: Gnosis. p. 75-87)

PIETERSE, H.J.C. 1991. Gemeente en prediking. Halfwayhouse: NG Kerkboekhandel.

PIETERSE, H.J.C. 1998b. A theological theory of communitave actions. *Religion and theology*, 5 (2):176-194.

PLUG, C., MEYER, W.F., LOUW, D.A., & GOUWS, L..A.. 1986. Psigologiewoordeboek. Johannesburg: McGraw-Hill.

ROBINSON, H.W. 1980. Biblical preaching: The development and delivery of expository preaching. Grand Rapids: Baker Bookhouse.

SMIT, G.J. 1985. Navorsingsmetodes in die gedragswetenskappe. Pretoria: HAUM Opvoedkundige Uitgewers.

SMITH, A. & CAMPBELL, E. 2002. Rethinking the value of metaphors in listener-sensitive homiletics: http://www.evangelicalhomiletics.com (Datum van gebruik 8 Feb. 2006).

STANLEY, R.E. 1982. Promotion. Englewood Cliffs: Prentice Hall.

STEIN, R.H. 1992. The New America commentary. Nashville Tennessee: Broadman Press.

STEWART, J.S. 1955. Heralds of God. London: Hodder & Stoughton.

STEYN, A.G.W., SMIT, C.F., DU TOIT, S.H.C. 1987. Moderne Statistiek vir die praktyk. Pretoria: Van Schaik.

STOKER, H.G. 1961. Beginsels en metodes in die wetenskap. Potchefstroom: Pro Rege.

STOTT, J. 1982. Between two worlds: The art of preaching in the twentieth century. Grand Rapids: Eerdmans.

TRIANDIS, H.C. 1971. Attitude and attitude change. United States of America: John Wiley.

VAN BRUGGEN, J. 1993. Commentaar op het Nieuwe Testament. Afdeling Evangelieë. Kampen: Kok.

VAN DER VYVER, L. du P. 1990. Die rol van die hoorder in die prediking. Potchefstroom: PU vir CHO. (Verhandeling –Th.M.)

VENTER, C.J.H. 1976. Die bediening van die versoening aan die bejaarde. Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefskrif – Th.D.)

VENTER, C.J.H. 1996. Uitkringende liefdesbetoon. Pretoria: RGN.

VENTER, C.J.H. & KIM, H.K. 2004. Die prediker as preek. Basisteoretiese perpektiewe uit Handelinge. *Acta Theologica*, 2:147-167.

VOS, C.J.A. 1995. Die blye tyding: Homiletiek uit 'n hermenueties-kommunikatiewe perspektief. Pretoria: RGN.

WAGNER, S.J. 1983. Active listening: A tool for increasing sermon effectiveness. Madison, NY: Drew University. (Thesis - D.Min.)

ZERFASS, R. 1974. Praktiese Theologie als Handlungswissenchaft (*In* Klostermann, F. & Zerfass, R. Praktische Theologie heute. Munchen: Kaiser. p. 164-177.)